# DIE TAAK VAN DIE VOORTREKKERBEWEGING IN SUID-AFRIKA.

## 'N HISTORIES-KRITIESE STUDIE

## VANUIT

## DIE CALVINISTIESE STANDPUNT.

DEUR

PETRUS JOHANNES DU PLESSIS

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad M.Ed. in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys.

Potchefstroom,
Februarie 1951.

MET DANKBAARHEID

EN LIEFDE

OPGEDRA AAN

<u>M Y  O U E R S</u> .

## DANKBETUIGING.

Hiermee wil ek graag my opregte dank aan almal wat my in hierdie werk ondersteun het, betuig.

Daar is in die eerste plek die hoofde van skole, onderwysers, Voortrekkerkommandante, distriksekretarisse, offisiere en leerlinge wat so gewillig was om my lastige vrae te beantwoord, en veral aan die hoofde wat sulke nuttige wenke, dikwels ongevraagd, aan my gestuur het. Dit was aangenaam om die belangstelling in die vraagstuk waarmee ek besig is, gade te slaan. En al het ek die antwoorde nie direk gebruik nie, tog was hulle vir my van onskatbare waarde.

Tweedens wil ek 'n woordjie van dank aan mnr. A. G. Coetsee rig vir die waardevolle hulp in verband met die taal van die verhandeling. Aangesien gedeeltes daarvan later weer verwerk is, moet hy geensins verantwoordelik gehou word vir taalgebreke in die verhandeling nie.

Ten slotte my dank aan my vrou vir haar hulp en bystand in hierdie studie.

Potchefstroom,

Februarie 1951.

INHOUDSOPGAWE.

HOOFSTUK I. ALGEMENE INLEIDING.

1. Besonderhede in verband met die verhandeling.

a) Die doel van die verhandeling ............... 1.

b) Die vraagstukke van die studie .............. 3.

c) Die metode van ondersoek ................... 4.

d) Die indeling van die verhandeling ........... 5.

2. Verklaring van terme.

a) „Jeugbeweging" in sy breëre betekenis ....... 6.

b) „Organisasie" in teenstelling met „beweging"...8.

c) „Jeugbeweging" en „jeugvereniging" soos dit in Duitsland en Holland gebruik word ........10.

d) „Jeugbeweging" en „jeugvereniging" soos dit in Suid-Afrika gebruik word ................ 11.

e) „Jeugbeweging" en „jeugvereniging" soos dit in die verhandeling gebruik word. .......... 13.

f) Die betekenis van „taak" in die verhandeling.15.

g) Die betekenis van „behoefte" in die verhandeling ............................... 17.

h) Die betekenis van „jeug" in die verhandeling.18.

3. Die indeling van jeugorganisasies in Suid-Afrika.

a) Godsdienstige organisasies.................. 20.

b) Politieke organisasies ..................... 21.

c) Ontspanningsorganisasies ................... 23.

d) Militêre organisasies ...................... 23.

e) Opvoedkundige organisasies met 'n bepaalde doelstelling .............................. 23.

f) Sosiaal-opvoedkundige organisasies ......... 24.

g) Die Voortrekkerbeweging en sy aanverwante organisasies .............................. 25.

HOOFSTUK II. DIE HISTORIESE AGTERGROND VAN DIE VOORTREKKER-BEWEGING IN SUID-AFRIKA.

1. Die ontstaan van die Scout-beweging in Engeland.

a) Die doel van die paragraaf ................. 27.

b) Die lewe van Robert Baden-Powell en die behoefte wat hy gevoel het .................. 28.

c) Die geesteshouding van die jeug van Brittanje en die behoefte wat deur hulle gevoel is .... 33.
d) Die aktiewe deelname van Baden-Powell aan jeugwerk en die stigting van die Boy Scouts.. 35.
e) Die uitbreiding van die Scout-beweging en die algemene behoefte by die jeug .............. 38.
f) Die internasionale karakter van die Scouts... 44.
g) Samevatting van my gevolgtrekkings .......... 47.

2. Die ontstaan van die Duitse Jeugbeweging.
a) Die doel van die paragraaf ................. 48.
b) Die geesteshouding van die Duitse jeug tydens die ontstaan van die Duitse jeugbeweging .... 49.
c) Die ontstaan van die Wandervögel-beweging in Duitsland ............................ 55.
d) Die kenmerke van die Wandervögel-beweging ... 57.
e) Die vraag in verband met die behoefte ....... 61.

3. Die ontstaan van die Voortrekkerbeweging in Suid-Afrika.
a) Die doel van die paragraaf ................. 64.
b) Die toestande in Suid-Afrika tydens die ontstaan van die Voortrekkerbeweging .......... 65.
c) Die eerste Voortrekkerbeweging.............. 68.
d) Die voortsetting van die eerste beweging .... 72.
e) Die tweede Voortrekkerbeweging .............. 75.
f) Die werksaamhede van die Interprovinsiale Komitee .................................. 80.
g) Die stigting van die Voortrekkerorganisasie.. 86.
h) My persoonlike indrukke en gevolgtrekkings....88.

HOOFSTUK III. DIE TEORETIESE GRONDSLAE VAN DIE VOORTREKKERBEWEGING IN SUID-AFRIKA.

1. Die psigologiese grondslae.
a) Die doel van die paragraaf ................. 95.
b) Die voorskoolse kind ........................ 96.
c) Die laerskoolkind ........................... 99.
d) Die behoefte by die laerskoolkind...........102.
e) Die hoërskoolkind ..........................105.
f) Die behoefte by die hoërskoolkind...........116.

2. Die sosiologiese grondslae.

a) Die doel van die paragraaf ................. 120.

b) Die jeugbeweging en die huisgesin .......... 121.

c) Die jeugbeweging en die gemeenskap .......... 125.

d) Die jeugbeweging en die staat .............. 131.

3. Die opvoedkundige grondslae.

a, Die historiese agtergrond van die naturalisme.134.

b) Die lewensbeskouing van die naturalisme...... 135.

c) Die naturalistiese opvatting van die skool .. 137.

d) Waardering en kritiek. ...................... 139.

e) Die historiese agtergrond van die pragmatisme 140.

f) Die lewensbeskouing van die pragmatisme ..... 140.

g) Dewey se opvatting van die skool ............ 141.

h) Kritiese beskouing van Dewey se filosofie ... 143.

i) Die pedosentriese skool ..................... 144.

j) My besware teen die skool as jeuggemeenskap.. 145.

k) Die behoefte by die jeug aan 'n jeuggemeenskap.147.

HOOFSTUK IV. DIE TAAK VAN DIE VOORTREKKERBEWEGING.

1. Die taak van 'n jeugbeweging in die algemeen.

a) Opsomming van die resultate wat die ondersoek dusver gelewer het ........................ 149.

b) Die formulering van die behoefte ........... 152.

c) Die formulering van die taak vanuit Calvinistiese standpunt .......................... 156.

2. Die geskiktheid van die Voortrekkerbeweging vir die uitvoering van die gemelde taak.

a) Die naam „Voortrekkers"...................... 157.

b) Die doel van die Voortrekkerbeweging ....... 160.

c) Die grondslag van die Voortrekkerbeweging .. 163.

d) Die Voortrekkerbelofte...................... 163.

e) Die Voortrekkerwet.......................... 166.

f) Die wapen en die leuse ..................... 170.

g) Die vraag of die Voortrekkerbeweging geskik is vir die taak van 'n jeugbeweging ......... 171.

3. Die besondere taak van die Voortrekkerbeweging.

a) Die Voortrekkerbeweging as jeuggemeenskap.. 172.

b) Die Christelike karakter van die Voortrekkerbeweging .............................. 173.

c) Die nasionale karakter van die Voortrekkerbeweging .............................. 175.

d) Die taak van die Voortrekkerbeweging as 'n skoolaktiwiteit ...................... 176.

e) Die taak van die Voortrekkerbeweging as volksbeweging ............................ 178.

4. Die geskiktheid van ander jeugorganisasies vir die uitvoering van die gemelde taak.

a) Die Boerejeug .............................. 182.

b) Die Scout-beweging......................... 184.

c) Ander opvoedkundige organisasies met 'n spesifieke doel .......................... 184.

d) Aanverwante organisasies .................. 185.

e) Debatsverenigings, sport en kadette ....... 185.

f) Gevolgtrekkings............................ 186.

5. Die hoofvereiste waaraan die Voortrekkerbeweging moet voldoen.............................. 186.

-----oooOooo-----

# HOOFSTUK I.

## ALGEMENE INLEIDING.

### 1. BESONDERHEDE IN VERBAND MET DIE VERHANDELING.

a) Die doel van die verhandeling.

Daar bestaan vandag 'n groot aantal buitemuurse aktiwiteite vir die skoolgaande jeug in ons land. Dit kan in twee groepe verdeel word : jeugorganisasies en sportaktiwiteite. Die voorstanders van elk hiervan wend uiterste pogings aan om 'n gesonde groei vir hulle troetelaktiwiteite te bewerkstellig, dikwels sonder inagneming van die opvoedkundige implikasies daarvan. Daardeur ontstaan vraagstukke soos die volgende : Word die jeug van ons volk nie oorlaai met buitemuurse bedrywighede nie? Is dit nie oorgeorganiseerd nie? Word dit nie onselfstandig gemaak omdat ons ook die buiteskoolse lewe vir die jeug volgens klokslag wil reël nie? En wat die sport in die besonder betref : Word dit nie vandag oordryf nie? Word die menslike liggaam nie dikwels ooreis met die gevolg dat probleme in die latere lewe ontstaan nie? Het sport werklik sedelike of kulturele waarde? Vrae soos hierdie en nog 'n menigte ander word ook in verband met die talryke jeugorganisasies in ons land gevra. Die gevolg is dat ons dikwels voor 'n situasie van botsinge te staan kom, wanneer die bestaansreg van een of ander aktiwiteit óf met klem verdedig óf ontken word.

Waar die Voortrekkerbeweging een van die groot aantal buitemuurse aktiwiteite van die skoolgaande jeug in ons land is, daar is dit my doel om die soeklig van wetenskaplike kritiek op hierdie jeugorganisasie te laat val. Vraagstukke soos die volgende doem dan voor ons op : Het die Voortrekkerbeweging 'n aparte bestaansreg tussen al die ander jeugorganisasies in ons land? Voorsien dit nog in 'n behoefte en het dit ooit in 'n behoefte voorsien? Wat is daardie behoefte, as dit bestaan, en watter doel dien die Voortrekkerbeweging? Beantwoord dit aan daardie doel en kan dit miskien verbeter word ? Is daar nie ook ander organisasies wat net so goed of beter in die behoefte - as dit

bestaan/..........

bestaan - voorsien nie, en kan die Voortrekkerbeweging dan deur ander jeugorganisasies vervang word? Hierdie vrae kan aangevul word totdat ons voor so 'n groot aantal vraagstukke te staan kom dat 'n oplossing in die tydsbestek wat hier tot ons beskikking is, onmoontlik word. Daarom wil ek die vraagstukke in verband met die Voortrekkerbeweging onder twee hoofde indeel : die in verband met die taak daarvan en die in verband met die uitvoering van die taak.

Om die eerste vraagstuk sal vrae soos die volgende groepeer : Bestaan daar 'n behoefte aan 'n organisasie vir die Afrikaanssprekende jeug in ons land? Indien wel, word die behoefte ook gevoel, deur wie word dit gevoel en wat is dit presies? Wat is in breë trekke die taak van 'n jeugorganisasie wat in die behoefte wil voorsien en is die Voortrekkerbeweging kragtens sy konstitusie daartoe in staat? Wat sal dan die besondere taak van die Voortrekkerbeweging behoort te wees en is dit die enigste organisasie wat dit sal kan onderneem? Wat is die hoofvereiste waaraan die Voortrekkerbeweging sal moet voldoen as dit die genoemde taak dan doelmatig wil uitvoer?

Om die tweede vraagstuk sal vrae soos die volgende groepeer: Hoe het die Voortrekkerbeweging hom in die verlede van sy taak gekwyt ten opsigte van die individu, die skool en die gemeenskap in die algemeen? Hoe het sy konstitusie, sy reëls en regulasies, sy werkprogram en organisasie hom in staat gestel om sy taak vlot uit te voer, of hom daarin gestrem? Wat was sy prestasies en probleme, sy verhouding tot en sy verband met ander aanverwante jeugorganisasies in ons land en wat behoort dit te wees? Dis my doel om die hele terrein, soos hierbo afgebaken, as 'n groot geheel te ondersoek, maar vir die doel van hierdie verhandeling is die omvang hiervan te ontsaglik groot.

Daarom is dit my doel om alleen die eerste deel wat oor die taak van die Voortrekkerbeweging gaan, hier af te handel, om dan daarna die tweede deel wat oor die uitvoering van die taak gaan, aan te pak. Dit is my begeerte om deur hierdie beskeie poging 'n bydrae tot die oplossing van een van ons opvoedkundige vraagstukke te lewer. Ek voel 'n behoefte hieraan om drieërlei

redes/.........

redes: In die eerste plek het ek self menigmaal in die duister verkeer in verband met die taak van die Voortrekkerbeweging en nou het ek getrag om helderheid te verkry. Tweedens het ek gevind dat daar in ons Afrikaanse letterkunde 'n skreiende behoefte aan werke oor jeugbewegings en veral oor die Voortrekkerbeweging bestaan.(1) En derdens het ek nog geen werk raakgeloop waar die behoefte aan 'n nie-kerklike jeugbeweging in Suid-Afrika in die lig van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing geplaas word nie. As ek maar net 'n uiters geringe bydrae in hierdie verband kon lewer, sal my moeite dubbeld beloon wees.

b) <u>Die vraagstukke van hierdie studie</u>.

Die omvattende vraag wat ek in die verhandeling wil beantwoord, is : Wat is die taak van die Voortrekkerbeweging? Ten einde vas te stel of dit nie 'n valse probleemstelling is nie, want die menslike denke wemel van valse probleemstellinge, sal dit eers vasgestel moet word of dit wel 'n taak het. Dit lei weer tot die vraag of daar 'n behoefte aan 'n organisasie vir die Afrikaanssprekende jeug in Suid-Afrika bestaan.

As die ondersoek aantoon dat daar geen behoefte aan so 'n organisasie bestaan nie, nóg by die jeug, nóg by die volwasse gemeenskap, dan sal dit beskou word dat die Voortrekkerbeweging geen taak en dus ook geen bestaansreg het nie. 'n Organisasie wat in geen behoefte voorsien nie mag nie inbreuk op die kosbare tyd, die energie en die fondse van die jeug en van die volwasse lede van die volk maak nie.

Ek noem hier opsetlik die jeug en die volwasse gemeenskap, albei, omdat 'n jeugorganisasie soms vanuit die standpunt van die volwassene wel in 'n bepaalde behoefte kan voorsien, terwyl die jeug self geen behoefte daaraan voel nie. Die feit dat die jeug geen behoefte aan 'n bepaalde organisasie voel/.....

---

(1) Ek erken die waarde van werke soos die van dr. J. de V. Heese, M. Heyns, J. M. Steyn, J. H. Coetzee, e.a., wat oor jeugbewegings gaan, maar hierdie werke benader nie die probleem soos ek dit sien nie en daarom voorsien dit nie in die behoefte wat ek in hierdie verband voel nie.

voel nie, is as sodanig natuurlik nie voldoende om te beweer dat daar geen behoefte bestaan nie en om die organisasie dan sy bestaansreg te ontsê nie. Die bestaansreg van 'n jeugorganisasie word nie deur die gevoel van die jeug bepaal nie, hoewel ons erken dat daar met die sielkunde van die jeug rekening gehou moet word. Die jeug is onbekwaam om te oordeel wat tot sy eie voordeel strek. Hy voel dikwels geen behoefte aan die dinge wat vir hom van lewensbelang is nie terwyl hy aangetrokke voel tot die dinge wat skadelik is en wat sy lewe ondermyn en verwoes. Daarom sal daar ander gronde vir die bestaan van jeugbewegings gevind moet word.

Aan die ander kant kan die ondersoek ook aantoon dat daar wel so 'n behoefte bestaan. Dan sal dit ontleed en in duidelike woorde geformuleer moet word. Daaruit behoort dit vasgestel te kan word wat die taak van 'n jeugbeweging behoort te wees. Dit lei dan weer tot die vraag of die Voortrekkerbeweging kragtens sy konstitusie geskik is om daardie taak uit te voer. As dit om een of ander rede nie daartoe in staat is nie, sal die verhandeling afgesluit moet word deur die bestaansreg van die Voortrekkerbeweging te ontken. As dit egter daartoe in staat is, sal daar aandag aan die besondere taak van die Voortrekkerbeweging gegee moet word en sal dit vasgestel moet word of daar ook ander jeugorganisasies is wat vir die taak geskik is.

c) Die metode van ondersoek.

Uit die aard van die saak sal die verhandeling grotendeels beskrywend moet wees. Hoewel ek duisende vraelyste aan hoofde van skole en onderwysers, aan Voortrekkerkommandante, -distriksekretarisse en -offisiere, aan kinders, Voortrekkers en nie-Voortrekkers uitgestuur het, en die reaksie hierop baie gunstig was, sal daar geen direkte gebruik van die antwoorde gemaak word nie. Die waarde van die vraelyste het daarin gelê dat hulle my op hoogte van toestande gestel het. Hierdeur is my blik verruim en kon ek die taak van die Voortrekkerbeweging beter sien. Dit het ook vir my die waarde gehad dat ek uit die antwoorde kon vasstel watter punte

in/.......

in die verhandeling benadruk moet word.

In die studie is daar van amptelike uitgawes van die Voortrekker- en die Scout-beweging gebruik gemaak, asook van ander bronne wat oor die genoemde bewegings en oor die Duitse jeugbeweging handel. Die groot probleem van die studie is egter dat daar nie veel van hierdie bronne beskikbaar is nie. Verder is werke oor sekere aspekte van die sielkunde, die sosiologie en die opvoedkunde bestudeer. Wat die sielkunde betref, is daar ongelukkig, sover my bekend, nog weinig aan die oorspronklike eksperimentele studie van die kind en van die adolessent hier in ons land gedoen, sodat daar gebruik gemaak moes word van werke van persone wat vreemd staan teenoor die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing. Daar kon egter ook gebruik gemaak word van ander werke van erkende outoriteite op die gebied van hierdie lewensrigting, nie alleen in die buiteland nie maar ook in ons eie land.

d) Die indeling van die verhandeling.

Die doel, die vraagstukke en die metode van die verhandeling is hier bo reeds omskrywe. Nou sal dit nodig wees om nog in hierdie eerste hoofstuk sekere terme te definiëer en om 'n indeling van jeugorganisasies hier in ons land te maak sodat die plek van die Voortrekkerbeweging tussen ander jeugorganisasies bepaal kan word.

In hoofstuk II word daar oor die ontstaan van die twee groot en wêreldberoemde jeugorganisasies, die Boy Scout-beweging en die Duitse jeugbeweging gehandel met die doel om vas te stel of daar 'n behoefte bestaan het, of die behoefte gevoel is, deur wie dit gevoel is en wat die behoefte was. Dit word gedoen om later vergelykenderwys te kan optree as daar gesoek sal word na 'n behoefte wat die bestaan van die Voortrekkerbeweging regverdig. Ten slotte word die geskiedenis van die ontstaan van die Voortrekkerbeweging ook nog in hierdie hoofstuk behandel.

In hoofstuk III bepaal ek my by die sielkundige,

die/......

die sosiologiese en die opvoedkundige grondslae van jeugbewegings. In elke geval sal ek probeer om vas te stel of daar vanuit daardie bepaalde gesigspunt beweer kan word dat daar 'n behoefte aan 'n jeugbeweging bestaan.

Daar is vier vrae wat in die laaste hoofstuk van die verhandeling beantwoord word : Wat behoort in breë trekke die taak van 'n jeugbeweging vir die Afrikaanse jeug te wees en wat veronderstel hierdie taak? Is die Voortrekkerbeweging, geoordeel volgens sy konstitusie, geskik om die taak van 'n Afrikaanse jeugbeweging op hom te neem? Wat sal dan die besondere taak van die Voortrekkerbeweging as 'n Christelik-Nasionale, as 'n skool- en as 'n volksbeweging wees? Bestaan daar vandag ook ander organisasies wat die taak op hulle kan neem en wat dus die Voortrekkerbeweging kan vervang? Dit sal ook nodig wees om ten slotte nog aandag te gee aan die één hoofvereiste waaraan alle jeugbewegings moet voldoen, naamlik die van doeltreffende leiding aan die jeug.

2. <u>VERKLARING VAN TERME</u>.

a) <u>„Jeugbeweging" in sy breëre betekenis</u>.

Die term „beweging" word in sy breëre betekenis in teenstelling met „organisasie" gebruik as een of meer persone wat oor 'n bepaalde saak nagedink het, daarvoor begin voel, daaroor begin praat, kragte daaraan begin wy, daarvoor begin werk, dit begin propageer; en as die persone met die gesprekke, die werk, die propaganda vir 'n tydlank voortgaan en daardeur veld vir die bepaalde saak wen. Dit dui aan dat die belangstelling van 'n aantal mense vir 'n sekere saak reeds gewek is en dat hulle besig is om die belangstelling van andere, gewoonlik op groot skaal, vir die saak te wen . Verder veronderstel dit dat die mense dan ook werklik sal vorder in hulle poging om die belangstelling van andere vir die saak op te wek. Anders is daar geen „beweging" nie.

„Beweging/......

„Beweging" veronderstel dus vooruitgang, aksie, rigting. Beweging kan nooit stilstand beteken nie, is nooit passief of kleurloos nie. As daar geen vooruitgang is nie, kan daar noulik van beweging sprake wees. Dan kan daar hoogstens gesê word dat daar 'n vrugtelose poging aangewend is om 'n beweging op tou te sit. Vooruitgang is dus eie aan die wese van elke beweging. As die vooruitgang eers daar is, dan is daar sprake van 'n beweging. As daar later geen vooruitgang meer is nie, dan het die beweging tot stilstand gekom of het agteruitgegaan. Dit dui nie aan dat die rigting van die beweging nou omgekeer het nie, maar alleen dat die tempo van die beweging nou verminder het. 'n Beweging veronderstel ook aksie. Selfs 'n beweging vir lydelike verset soos die wat onlangs deur die Indiërs op tou gesit is, is 'n aktiewe poging om die Indiërs te beweeg om passief te wees.

'n Beweging het altyd 'n doel, 'n saak waarom dit gaan. As die beweging sig ten doel stel die bevordering van die Afrikaanse taal, dan is dit 'n „taalbeweging". As dit liefdadigheid wil bevorder, dan is dit 'n „liefdadigheidsbeweging" en as dit gaan oor die belange van die jeug, dan is dit 'n „jeugbeweging". So 'n jeugbeweging kan sy oorsprong by die volwassenes hê, waar die inisiatief van die volwassenes uitgegaan het en waar dit deur die volwassenes self gepropageer word. Maar dit kan ook spontaan by die jeug self ontstaan. So 'n geestesstroming het daar in Duitsland teen die einde van die negentiende eeu tot openbaring gekom. Hier kom die jeug dan self in beweging, in sommige gevalle selfs teen die volwassenes. Dit is hierdie soort jeugbeweging wat in Duitsland in staat was tot 'n magsopenbaring wat ongekend was in die geskiedenis.

Op hierdie wyse kan 'n beweging heeltemal ongeorganiseerd wees. Dan word daar wel in die huise oor die saak gepraat, in die binnekamers daaroor nagedink en op publieke verhoë daarvoor propaganda gemaak, maar dan bestaan daar nog geen offisiële liggaam wat hom uitsluitlik met die behartiging van hierdie saak besighou nie. Dikwels ontstaan daar ook nie so 'n liggaam nie en word die saak oorgelaat aan reedsbestaande

liggame/..........

liggame. Maar dikwels ontstaan daar ook 'n nuwe liggaam, so georganiseer dat dit voortaan net hierdie saak sal behartig. So 'n liggaam word 'n „organisasie" genoem.

b) Die betekenis van „organisasie" in teenstelling met „beweging".

'n Organisasie kom tot stand as 'n aantal persone hulle self of andere tot 'n liggaam organiseer. Dit veronderstel dan die vasstelling van die naam van die organisasie, die bepaling van die lidmaatskap daarvan, die omlyning van die doel, die keuse van die middele om die doel te bereik, die uiteensetting van sy aktiwiteite en werksaamhede, die verkiesing van ampsdraers en die reëlings in verband met die finansies van die organisasie. Dit is in hoofsaak die punte wat in die konstitusie van die organisasie saamgevat word.

Die verskil tussen 'n beweging in sy breëre betekenis en 'n organisasie lê dus daarin dat die beweging minder georganiseerd is as die organisasie. Die beweging gaan die organisasie vooraf, die organisasie word gewoonlik uit die beweging gebore(1). 'n Beweging is meer doelbewus en 'n organisasie meer doelgerig. 'n Organisasie veronderstel lidmaatskap, voorregte, verpligtinge; 'n beweging is vryer, losser, minder gebonde. 'n Organisasie kom op 'n bepaalde dag en op 'n bepaalde plek tot stand; 'n beweging groei geleidelik sodat dit nie altyd met sekerheid bepaal kan word wanneer en waar die beweging begin het nie. So het 'n eerste Afrikaanse taalbeweging reeds bestaan toe 'n S. J. du Toit, 'n C. P. Hoogenhout, 'n A. Pannevis hulle vir die Afrikaanse taal beywer het, maar die organisasie ter bevordering van die Afrikaanse taal het eers met die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners op 14 Augustus 1875 ontstaan.

'n Beweging is in hierdie sin dan ook breër as die organisasie wat daaruit gebore is. Die organisasie is beperk tot die persone wat die konstitusie onderteken het maar die beweging het sy loop selfs buite die geledere van die organisasie. Die organisasie is hier maar 'n instrument, miskien die belangrikste maar nie die enigste nie, waardeur die beweging na sy doel

strewe/.......

(1) Steyn : Jeugbeweging, 33.

strewe. Omdat die beweging dus in die reël breër as die organisasie is, omdat die organisasie in die reël uit die beweging gebore word, daarom het ek die betekenis van die term „beweging", waar dit in hierdie sin gebruik word, hierbo deur „beweging in sy breëre betekenis" aangedui.

En tog kan 'n „beweging in sy breëre betekenis" ook enger as die organisasie wees, kan dit in die organisasie ontstaan en ontwikkel. Die republikeinse strewe in sommige politieke partye kan 'n voorbeeld van so 'n beweging in 'n organisasie wees. Die poging wat deur lede van 'n organisasie aangewend word om van hul voorsitter ontslae te raak, is ook 'n beweging in sy breëre betekenis. Ook kan 'n organisasie soms ontstaan sonder dat dit uit 'n beweging gebore word. As 'n persoon wat mag beklee 'n aantal van sy onderdane of ondergeskiktes tot 'n organisasie organiseer terwille van selfsugtige aspirasies, dan kan dit nie gesê word dat hierdie organisasie uit 'n beweging gebore is nie. En tog sal ek, ten spyte van die uitsonderinge, „beweging in sy breëre betekenis" gebruik om aan te dui dat dit gaan oor beweging as 'n doelbewuste strewe en nie as 'n gekonstitueerde liggaam nie.

Sonder om „jeug" hier verder te definieer, wil ek vasstel dat dieselfde verskil tussen 'n „jeugbeweging" en 'n „jeugorganisasie" gemaak word, met die bepaling daarby dat albei om die jeug gekonsentreer is en dat dit hier geen verskil maak of dit van die volwassenes uitgaan of van die jeug self nie. Hierdie onderskeiding sal in die verhandeling gehandhaaf word. So sal daar gepraat word van 'n eerste Voortrekkerbeweging wat 'n aanvang neem nadat dr. C. F. Visser in 1913 na volbragte studie uit Europa teruggekeer het en 'n tweede Voortrekkerbeweging toe die Unie-Onderwysdepartement in 1928 begin het om in padvindery vir die Afrikaanse jeug belang te stel. Hier gebruik ek die term in sy breëre betekenis. Die werklike stigting van die Voortrekkerorganisasie het op 30 September 1931 plaaggevind toe 'n georganiseerde, gekonstitueerde liggaam tot stand gekom het.

Om misverstand te voorkom, wil ek verduidelik dat

die gebruik/......

gebruik van die terme soos hierbo verduidelik nie orals aanvaar word nie, veral nie in die buiteland nie, en tog dink ek dat hierdie onderskeiding ons nader aan die Afrikaanse gebruik bring. Ek kom weer later hierop terug.

c) Die betekenis van „jeugbeweging" en „jeugvereniging" in Duitsland en in Holland.

'n Studie van die jeugorganisasies in Duitsland voor die tweede wêreldoorlog bring aan die lig dat daar skerp onderskei word tussen twee soorte jeugorganisasies : die „Jugendbewegung" en die „Jugendpflege".(1)

Die „Jugendbewegung" of jeugbeweging dui hier 'n organisasie aan wat uit die jeug, deur die jeug en vir die jeug ontstaan het. Hier gaan die inisiatief van die jeug self uit. Hulle stig self hulle organisasie, kies self hulle ampsdraers, bepaal self die doel, die middele, die metodes, en doen dit alles op eie verantwoordelikheid. Dit is 'n organisasie wat nie alleen die volwassenes buite rekening laat nie, maar wat soms selfs stelling teen die volwassenes inneem. Dit was die geval met die „Wandervögel", een van die eerste suiwer Duitse jeugbewegings wat teen die einde van die negentiende eeu in Duitsland ontstaan het. Dit is 'n organisasie gebore uit die geesteshouding van die jeug van daardie tyd, as 'n reaksie teen die algemene tydgees. „Het was een reactie tegen de volwassenen, die het recht op de jeugd niet erkennen willen ... tegen de school, die zuiver intellectualistisch als zy is, geen rekening wil houden met het gevoelsleven van de jeugd ... De jeugd voelt zich niet voldaan met wat de volwassenen als hoogste levenswijsheid beschouwen ... Daarom wil ze self haar leven in de hand nemen, zelf er de verantwoordelikheid voor dragen en niet langer onder leiding van die volwassenen. ... Zelfstandig wil zy haar weg gaan, al moet dat ook zyn in moeitevol zoeken en zwaren arbeid".(2)

Die „Jugendpflege", 'n term wat in Afrikaans deur

„Jeugsorg/.....

(1) Knippers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 12.

(2) Ibid, 30.

„Jeugsorg" vertaal kan word en wat dikwels vertaal word deur „jeugvereniging" is weer 'n organisasie wat wel vir die jeug in die lewe geroep is, maar nou deur die volwassenes.(1) Hier is dit die ouers, die kerk, die staat, die maatskappy wat organiseer. Al sou die volwassenes hier probeer om in voeling met die jeug te bly, om die belange en belangstellingsrigting van die jeug te eerbiedig, tog gaan die leiding van die volwassenes uit, tog word die doel, die rigting, die middele, die metode hier in hoofsaak deur die volwassenes bepaal.

Hierdie skerp teenstelling tussen jeugbewegings en jeugverenigings het egter nie in Holland bestaan nie. Dit word deur dr. J. H. F. Kohlbrugge verklaar uit die feit dat die Hollandse jeug geen aanleiding gehad het om hulle teen die volwassenes te verset nie, wat wel die geval in Duitsland was.(1) en (2) As daar dus in Hollandse werke van jeugbewegings gepraat word, dan het dit nie altyd dieselfde betekenis as in Duitsland nie.

d) Die betekenisse van „jeugbeweging" en „jeugvereniging", soos dit in Suid-Afrika gebruik word.

In 'n werkie oor „die Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse jeugverenigings" gee Dr. J. de V. Heese 'n uiteensetting van die onderskeid wat in Duitsland tussen die twee gemaak word. Dit kom dan in hoofsaak ooreen met wat hier bo verduidelik is. Dan vervolg hy : „Dit altans is ook die onderskeid wat ek verkies om tussen die twee te maak. In hierdie boekie bepaal ek my net by jeugverenigings".(3) Gaan ons egter na hoe dr. Heese die twee terme in werklikheid gebruik, dan vind ons die volgende uitsprake: „En so het dr. Visser dan vir 'n paar jaar lank gedroom van sy kindervereniging. .... Daar was 'n groot behoefte aan so 'n beweging. Lord Baden-Powell se Boy Scout-vereniging .... het spoedig sy invloed .... laat voel. .... In baie lande is die Engelse beweging in toto oorgeneem".(4) Dit is

baie/.........

(1) Kohlbrugge : Practische Sociologie IV, 24.

(2) Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 17.

(3) Heese : Die Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 1.

(4) Heese : Ibid, 8.

baie duidelik dat hier van 'n jeugorganisasie gepraat word en nie van 'n jeugbeweging in sy breëre betekenis nie en tog gebruik dr. Heese, ten spyte van sy definisie, die terme „vereniging" en „beweging" om dieselfde gedagte uit te druk. Dit lyk of die twee terme vir dr. Heese in die praktyk dieselfde betekenis het. Ons vind hierdie verskynsel deurgaans in die genoemde werkie.

As ons nagaan hoe hierdie terme deur dr. C. F. Visser, die hoofleier van die Voortrekkerbeweging in Suid-Afrika, gebruik word, dan vind ons dat hy in sy boodskappe aan die Voortrekkers, soos dit in „Hou Koers", die amptelike orgaan van ~~hier-~~ hierdie beweging, gedurende die jare 1945 en 1946 verskyn het, drie-en-twintig keer die woord „beweging" en drie keer die woord „vereniging" gebesig het in verband met die Voortrekker-organisasie. In sy „begroeting", met sy ampsaanvaarding as hoofleier van die Voortrekkerbeweging, gebruik dr. Visser meer as twintig keer die term „beweging" en nie een keer die term „vereniging" nie. Dit alles toon dat dr. Visser die benaming „Voortrekkerbeweging" verkies bo „Voortrekkervereniging" hoewel hy die laasgenoemde term tog af en toe gebruik om dieselfde saak aan te dui.

Hierdie verskynsel tref 'n mens by baie Voortrekker-leiers en by sommige selfs baie sterk aan. So skrywe veldkornet Hennie Jooste 'n reeks artikels oor „die Voortrekkers, 'n nasionale jeugbeweging", in „Hou Koers" van 1948. In die laaste hiervan handel hy dan oor die Voortrekkers as 'n „beweging", en dan spreek hy hom as volg uit: „In hierdie naam lê vir my die mooiste en grootste in ons hele organisasie. Was dit met opset of terloops dat hierdie grootse volksorganisasie 'n beweging genoem is en nie sommer 'n vereniging nie"?(1) En 'n paar reëls verder : „Die naam 'beweging' dui dus aan dat ons met 'n organisasie te doen het waar werk en aktiwiteit die uitstaande kenmerke is, waar daar lewe is". Uit hierdie en talle ander uitsprake is dit duidelik dat die onderskeid wat daar in Duitsland gemaak word, nie in Voortrekkerkringe in Suid-Afrika

aanvaar/......

---

(1) Hou Koers, Lente-uitgawe, 1948, 9.

aanvaar word nie, ten minste nie in die praktyk nie.

Dit lyk soms of ons hierdie terme in Suid-Afrika in teenoorgestelde betekenisse wil gebruik. Ons praat van onderwysersverenigings, kultuurverenigings, jongeliedeverenigings, waar die inisiatief van die lede self uitgaan. Maar kom ons by organisasies soos die Ossewa-Brandwag, die kadette, die Voortrekkers, waar leiding deur persone wat nie deur die lede gekies is nie, gegee word, dan geniet die term „beweging" voorkeur. In verband met die kadette skrywe dr. Heese in sy genoemde werk op bladsy 3 : „Ek twyfel of ons dit met reg 'n jeugvereniging as sulks kan bestempel". Die gegewens is hier ögter nie voldoende om 'n bewering te maak nie. As ek dus in die verhandeling voorkeur aan die uitdrukking „Voortrekkerbeweging in Suid-Afrika" gee, dan is dit om ander redes en nie op grond van hierdie beskouing nie.

Ten slotte is dit nog nodig om daarop te wys dat die amptelike uitgawe van die „konstitusie van die Voortrekkers" aan die ander kant net van die Voortrekkerorganisasie as 'n „vereniging" melding maak. Die konstitusie begin so : „Die naam van die vereniging is .... Die grondslag van die vereniging is .... " Dwarsdeur die konstitusie word die term, „vereniging" dan konsekwent gehandhaaf. Waar die filosofiese grondslag van die Voortrekkerbeweging in „Hou Koers" bespreek word,(1) daar vind ons egter weer : „Die doel van ons beweging is .... Die Voortrekkerbeweging is daar om ...." Uit hierdie en talle ander uitsprake lyk dit dus of daar in Voortrekkerkringe geen verskil tussen die betekenisse van die twee terme gemaak word nie, terwyl die term „beweging" voorkeur geniet.

e) <u>Die betekenis van „jeugbeweging" en „jeugvereniging" soos dit in hierdie verhandeling gebruik word</u>.

Die term „jeugbeweging" sal in die eerste plek in sy breëre betekenis gebruik word, en wel vir 'n ongeorganiseerde maar tog doelbewuste strewe van die jeug of van die volwassenes in verband met die jeug. Of hierdie strewe nou ook al sy oorsprong by die volwassenes het of by die jeug self, maak geen/.......

---

(1) Hou Koers, 1949, Deel I, 7.

geen verskil nie.

In die tweede plek sal die term „jeugbeweging" in sy engere betekenis gebruik word vir 'n gekonstitueerde liggaam, 'n doelgerigte organisasie van die jeug van die land of provinsie waarin die beweging bestaan. Die beweging omvat dus die hele organisasie met al sy afdelings en vertakkinge. Hierdie allesomvattende is 'n wesentlike kenmerk van 'n beweging in teenstelling met 'n ~~organisasie~~ vereniging. Maar dit is nie al nie. Beweging veronderstel hier ook lewe, aksie, vooruitgang. So moet 'n mens onder „Voortrekkerbeweging" in sy engere betekenis verstaan die organisasie waardeur die jeug van Suid-Afrika saamgesnoer is tot 'n lewende, werkende, vooruitstrewende, georganiseerde geheel, 'n gekonstitueerde liggaam onder die naam van „die Voortrekkers van Suid-Afrika" wat funksioneer deur sy hoofkantoor en deur sy plaaslike takke oor die lengte en die breedte van Suid-Afrika. Dit veronderstel dus 'n landswye organisasie wat alles in verband met Voortrekkeraangeleent hede insluit. Daarom keur ek die gebruik van „Voortrekkerbeweging" in Voortrekkerkringe goed.

Die term „Voortrekkervereniging" daarenteen, dui aan die vereniging of saamsnoering van 'n aantal plaaslike Voortrekkers tot 'n tak of 'n deel van die groter Voortrekkerbeweging. 'n Voortrekkervereniging is dus plaaslik van aard en dit sluit alleen die Voortrekkeraangeleenthede in wat tot die bepaalde vereniging behoort. Daarom word daar vandag nog Voortrekkerverenigings gestig en nie Voortrekkerbewegings nie, want die Voortrekkerbeweging bestaan reeds en kan nie weer gestig word nie. Daarom is dit ook reg dat daar in die Voortrekkerkonstitusie net van die Voortrekkervereniging gepraat word. Die konstitusie moet deur elke Voortrekkervereniging aanvaar word en daarmee moet die huishoudelike reglement van die vereniging rekening hou. Maar omdat die Voortrekkerverenigings as 'n harmoniese eenheid die Voortrekkerbeweging vorm, daarom sal die doel, die grondslag, die middele, ens., van die Voortrekkerverenigings ook die van die Voortrekkerbeweging wees. Die eerste Voortrekkervereniging is op 30 September 1931 gestig

maar/..........

maar hiermee het die Voortrekkerbeweging as organisasie ook begin.

Uit die eerste Voortrekkervereniging het die Voortrekkerbeweging dan geleidelik gegroei. Daar was dus werklik 'n voorwaartse „beweging". 'n Landswye maar stabiele, konstante organisasie sal nie 'n „beweging" genoem word nie. Hier stem ek saam met veldkornet Hennie Jooste : „Indien ons slegs 'n Voortrekkervereniging was, sou ons net 'n groep mense vir die behartiging van bepaalde belange gewees het, en sou ons naam ons nie tot aktiwiteit, tot strewe inspireer nie .... Beweging is tog immers aktiwiteit en waar daar aktiwiteit is, is daar lewe".(1) Die Voortrekkerbeweging is 'n beweging omdat dit vanuit 'n plaaslike vereniging gegroei het tot 'n wydvertakte organisasie oor ons hele land. Daardie voorwaartse strewe is vir my eie aan die wese van elke beweging, ook in engere betekenis.

Daar is ook nog 'n ander betekenis wat deur die term „jeugbeweging" in hierdie verhandeling veronderstel sal word. Maar ek kom in die volgende paragraaf, onder die opskrif „Sosiaal-opvoedkundige organisasies", weer hierop terug.

f) Die betekenis van „taak" in hierdie verhandeling.

Omdat die vraagstukke van hierdie studie tot 'n groot mate om die begrippe „behoefte" en „taak" konsentreer, is dit nodig om eers helderheid te verkry oor die betekenisse wat ek in hierdie werk aan die genoemde begrippe wil gee. As die betekenisse miskien in stryd met die taalgebruik of met die populêre gebruik in die volksmond mag wees - wat ek nie hoop nie - in stryd met die Calvinistiese lewensopvatting sal dit nie wees nie.

In hierdie verhandeling sal die woordjie „taak" altyd 'n verhewe doel veronderstel. Dis 'n opgelegde handeling wat trag om in ooreenstemming met etiese norme in 'n lewensbehoefte te voorsien. Dit kan dus nooit onsedelik wees nie. Daarom kan dit wel die taak van die vader wees om sy kind in

die/.......

---

(1) Hou Koers, Lente-uitgawe, 1948, 9.

die vrese van die Here op te voed, maar dit kan nooit sy taak wees om sy kind te mishandel nie; dit kan die taak van die bediende wees om vloere te vrywe - daar is tog immers 'n element van verhewenheid in elke vorm van fatsoenlike arbeid - maar dit kan nooit sy taak wees, om op bevel van sy baas die buurman se vrugte te gaan steel nie; dit kan nooit die taak van 'n ondergeskikte wees om op bevel van sy hoof 'n onsedelike daad te pleeg nie. By die gebruik van hierdie term sal daar dus altyd 'n etiese norm gehandhaaf word.

Ek het reeds daarvan melding gemaak dat 'n taak altyd op 'n doel gerig is. Die doelgerigtheid van 'n taak is dan ook vir my een van sy wesenlike kenmerke. 'n Taak kan dus nooit doelloos wees nie en al sou al die persone wat met 'n sekere taak besig is, nie altyd die onmiddellike doel van elke gegewe opdrag verstaan nie, die einddoel wat nagestrewe word, is altyd bekend. Hoewel die soldate in 'n geveg nie altyd die onmiddellike doel van die bevele verstaan nie, en hoewel hulle dikwels sonder diepere insig moet handel, die einddoel, n.l. die uiteindelike oorwinning, word deur almal nagestrewe. Sonder die einddoel sou ons nie kon beweer dat hulle met 'n taak besig is nie.

Daar is ook nog 'n derde betekenis wat ek aan hierdie term wil verbind en wel in teenstelling met die woordjie „werk". As daar van 'n taak gepraat word, dan word daar 'n opeenvolging van handelinge gedink, terwyl daar deur die woordjie „werk" 'n afgeronde geheel aangedui word. 'n Taak is 'n opeenvolging van handelinge wat op 'n einddoel gerig is; 'n werk is 'n afgeronde geheel, waarby ons ook die handelinge mag insluit. Om dit anders uit te druk : 'n taak is iets dinamies terwyl 'n werk meer staties is. As ons dus die oprigting van die Danie Theron-monument as 'n taak beskou, dan vorm ons 'n beeld van die hele proses van opmekaarvolgende, aaneenskakelende en doelgerigte handelinge wat met die totstandkoming van die monument beëindig is. Dan word die oorsaaklike verband tussen die handelinge gesien, asook die wyse waarop hulle mekaar opvolg, altyd met die oog op die einddoel gerig, totdat die eindproduk 'n werklik-

heid/.........

heid en die einddoel verwesenlik is. As dit egter as 'n werk beskou word, dan word daar 'n beeld van die groot totaliteit van handelinge gevorm, dan word daar nie aan die motiewe van elke handeling gedink nie, ook nie aan die oorsaaklike verband nie, of aan die proses wat plaasgevind het terwyl die handelinge mekaar opgevolg het nie.

'n Taak veronderstel vir my ook altyd 'n behoefte. As daar nie 'n behoefte bestaan nie, en as daar nie getrag word om in die behoefte te voorsien nie, dan word daar geen taak verrig nie. Die doel waarop die handelinge gerig is, is altyd die vervulling van 'n bestaande behoefte. Daarom sal die vraagstukke ten opsigte van die taak van die Voortrekkerbeweging in verband gebring kan word met die vraag of daar 'n behoefte aan so 'n beweging hier in ons land bestaan. Voordat hierdie vraag beantwoord kan word, sal die term „behoefte" ook verduidelik moet word. Dit is van fundamentele belang vir die hele verhandeling.

g) Die betekenis van „behoefte" in hierdie verhandeling.

Die term „behoefte" staan in verband met dit wat nodig is vir die lewe; dooie materie het geen behoeftes nie. 'n Behoefte is die ontbrekende element in die soms ingewikkelde samestelling van die lewe waardeur daar 'n leemte of 'n gebrek ontstaan, wat opgevul of herstel moet word as die lewe tot volle ontplooiing of verwesenliking moet kom. So bestaan daar behoeftes om die lewe in stand te hou, om die lewe te bevorder, om die lewe te herstel in sy regte verhouding teenoor God, die Skepper daarvan. Dit is die wil van God dat die lewe in stand gehou, bevorder, in die regte verhouding teenoor Hom gestel sal word. Daarom is dit die plig van die mens om, gehoorsaam aan die wette wat God die Here daar gestel het, sy kragte te gebruik om in die behoefte van die mens te voorsien.

Daar is egter 'n gevaar waarteen gewaarsku moet word. Daar is behoeftes wat roep om vervulling, maar dan is daar ook sondige begeertes by die sondige mens, 'n drang na ongeregtigheid wat dikwels met behoeftes verwar word en wat geen behoeftes is

nie/.........

nie. Die sonde werk die dood; dit verwoes die lewe. Daarom moet daar goed onderskei word tussen sondige begeertes, wat dan geen werklike behoeftes is nie, en die ware lewensbehoeftes waarvan die vervulling aan die mens as taak opgedra is.

Aan die ander kant moet daarop gewys word dat die menslike behoeftes nie altyd gevoel word nie. Die mens se verstand is deur die sonde verduister en daarom is hy dikwels onbewus van dit wat hy nodig het om sy lewe in stand te hou of te bevorder in ooreenstemming met die wil van God. Ja, die mens staan dikwels afkeurig teenoor sy eie lewensbehoeftes. Dit sal vir die doel van hierdie verhandeling dus onthou moet word dat alle neigings wat gevoel word, nie altyd werklike behoeftes is nie en dat alle werklike behoeftes nie altyd gevoel word nie. Daar is 'n gawe van onderskeiding nodig in hierdie saak.

Dit gaan hier om menslike behoeftes. In sy engere betekenis sou dit al die behoeftes van die menslike individu insluit : liggaamlik, geestelik, godsdienstig. Maar in sy breëre betekenis sou dit ook die maatskaplike en sosiale behoeftes insluit want die maatskappy en die samelewing is tog uit menslike wesens opgebou. Ook word die staatkundige behoeftes hier nie uitgesluit nie omdat die gesag van die staat by mense berus en omdat dit die taak van die staat is om die lewe van die mens te beskerm en te bevorder. Dis egter nie my doel om aan die laaste soort behoeftes aparte aandag te gee nie. Die behoeftes van staat en maatskappy sal in die verhandeling in dieselfde paragraaf behandel word.

h) <u>Die betekenis van „jeug" in hierdie verhandeling</u>.

Daar bestaan heelwat verskil oor die indeling van die lewe van die onvolwasse mens in verskillende lewensfases en oor die betekenis van die term „jeug". En tog sal dit vir die doel van die verhandeling nodig wees om 'n eie standpunt ten opsigte hiervan in te neem.

Dr. Knoppers toon aan dat daar ten spyte van die verskille tog sekere punte van ooreenkoms tussen die opvattings van psigoloë bestaan, en dat daar veral ten opsigte van die feit

dat/..........

dat die eintlike jeugjare van die mens vanaf sy dertiende tot sy een-en-twintigste jaar strek, 'n groot mate van eenstemmigheid heers. Hierdie tydperk word in die algemeen in twee afsonderlike tydperke ingedeel : die van die puberteit en die van die adolessensie. Dr. Knoppers noem die name van persone soos Charlotte Buhler, dr. H. Bavinck en dr. T. Hoekstra en wys dan daarop dat die puberteitsjare 'n oorgangsperiode is, 'n voorbereiding vir die adolessensie wat by ongeveer die sewentiende lewensjaar begin en voortduur tot ongeveer die een-en-twintigste lewensjaar. Die adolessensie karakteriseer hy as 'n tydperk wat op die puberteit volg en „zich kenmerkt door ...... psijchische assimileering aan de reëele wereld der volwassenen".(1)

Ek wil by hierdie indeling aansluit en dan wil ek die lewe van die wordende mens indeel in drie fases : die kinderjare, die puberteitsjare en die adolessensie. Die kinderjare sluit die voorskoolse leeftyd, vanaf die geboorte tot die sesde lewensjaar, en die laerskoolleeftyd vanaf die sesde tot ongeveer die twaalfde of dertiende lewensjaar in. Die hoërskoolleeftyd neem dus in die reël 'n aanvang as die jongeling nog in sy kinderjare verkeer.(2) Dan volg die puberteit met sy „storm en drang" en die hoërskooljare eindig terwyl die puberteitstadium besig is om oor te gaan in die rustiger jare van die adolessensie.

In die verhandeling sal die term „jeug" nie net vir die puberteitsjare en die adolessensie gebruik word nie maar vir die hele tydperk in die lewe van die mens waarin dit nog in 'n staat van onvolwassenheid verkeer. Ek is bewus van die ontoereikendheid van hierdie definisie en tog gaan ek hier geen verklaring van die term „onvolwassenheid" gee nie. Vir my doel is dit voldoende om te konstateer dat 'n persoon in die reël nie volwasse is voor sy een-en-twintigste lewensjaar nie, en

dat/.......

---

(1) Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 94.

(2) Daar moet egter melding gemaak word van die feit dat dogters die puberteitstadium ongeveer 2 jaar voor seuns bereik.

dat die staat van onvolwassenheid selfs na die een-en-twintigste lewensjaar kan voortduur. Dis egter nodig om daarop te wys dat ek my in hierdie studie hoofsaaklik by die skoolgaande jeug wil bepaal, d.w.s. by die jeug in die kinder- en die puberteitsjare.

Die uitdrukking „rypere jeug" sal, ten spyte van al die besware wat daarteen ingebring kan word,[1] in die verhandeling gebruik word om die jeug in die puberteitsfase aan te dui. Dan word dit in teenstelling met „kind" gebruik, wat meer betrekking het op die lewensjare voor die intrede van die puberteit.

3. DIE INDELING VAN JEUGORGANISASIES IN SUID-AFRIKA.

Dit is 'n moeilike taak om jeugorganisasies in duidelik afgebakende groepe in te deel. Daar is so 'n groot mate van oorvleueling dat grenslyne dikwels moeilik gevind kan word. Jeugorganisasies is uit die aard van die saak altyd tot 'n meerdere of mindere mate opvoedkundig. Verder is suiwer Afrikaanse organisasies in die meeste gevalle christelik of godsdienstig georiënteerd. Dit lê in die murg van die Boerenasie en kom tot uiting in sy verenigingslewe. En ten slotte is die politieke lewe in ons land so nou saamgeweef met die volkslewe dat die twee dikwels moeilik onderskeibaar is. En tog is dit vir die doel van hierdie verhandeling noodsaaklik dat jeugorganisasies op een of ander wyse ingedeel moet word. Ek onderskei dan tussen die volgende soorte organisasies, en ek doen dit op grond van dit wat by elke organisasie die hoofnadruk ontvang :-

a) Godsdienstige organisasies.

As die beginsels van die Jongeliede-Vereniging op Gereformeerde grondslag nagegaan word, dan vind ons dat dit veral nadruk lê op die uitlewing van die gereformeerde belydenis in kerk, staat en maatskappy in ooreenstemming met ons Calvinistiese volkskarakter en op die bekwaammaking van die jeug om hierdie belydenis uit te lewe. In die konsep-statute

van/.........

---

(1) Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 10 - 11.

van 'n Jongeliede-Vereniging op Gereformeerde Grondslag in Transvaal, artikel 2, staan : „ Die vereniging erken as haar grondslag die Heilige Skrif na die opvatting van die ‚Drie Formuliere van Enigheid' van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika". (1) In verband hiermee sê ds. D. Gerbrand Venter die volgende : „ Gegrond op die woord van God, soos opgevat in die Drie Formuliere van Enigheid van die Afrikaanse Kerke, het die Jongeliedevereniging 'n ontwyfelbare fondament en 'n suiwere verband met die kerk ... "(2) En later vervolg hy weer : „Daarom moet die J. V. dit as taak beskou om die jong mens allereers op al hierdie terreine te leer die regte verhouding teenoor God, die Skepper van hemel en aarde ...."(3) Hierdie uitsprake toon die godsdienstige karakter van hierdie organisasie baie duidelik aan omdat dit die hoofnadruk op die godsdienstige aspekte van die lewe laat val.

Tyd en ruimte laat nie toe om die doelstellinge van al die godsdienstige organisasies op dieselfde manier te ondersoek nie. Ek kan maar net meld dat, hoewel daar grondliggende verskille tussen sommige van die volgende organisasies bestaan, hulle tog almal as godsdienstig beskou word, omdat hulle die hoofnadruk op die godsdienstige laat val : Die Christen-Studentevereniging, die Christelike Strewersvereniging, die Kinderkrans, die Sondagskole van die verskillende kerke, die Heilsleer.

b) <u>Politieke organisasies.</u>

Sommige politieke partye in ons land het hul eie jeugorganisasies wat hulle ten doel stel om die jeug tot waardige en nuttige toekomstige lede van daardie politieke partye op te voed. Die Nasionale Jeugbond is 'n voorbeeld van so 'n Junior Politieke Party. Uit die aard van die saak sou 'n persoon hier nie aan meer as een politieke organisasie kon behoort sonder om troubreuk te pleeg nie. Hierdie feit laat die vraag

ontstaan/.........

---

(1) „Ons Bond", verkrygbaar by die Bondsburo, Posbus 1007, Pta.

(2) Venter : Handleiding vir die Jongeliedevereniging op Gereformeerde Grondslag, 12.

(3) Venter : Ibid, 12.

ontstaan of die O. B.-Boerejeug nie vir my doel as 'n politieke organisasie beskou moet word nie. Deur die botsing met die Nasionale Party is hierdie jeugbeweging, hoewel deur sy konstitusie nie-politiek van aard, tog op politieke terrein gebring. In die huidige omstandighede is die Boerejeug ook alleen in staat om sy geledere uit sekere seksies van die volk aan te vul, terwyl ander seksies met 'n sekere bepaalde politieke uitkyk, hul geledere vir die Boerejeug gesluit hou en hul lede belet om by die Boerejeug aan te sluit. Hierdeur is die Boerejeug op die oomblik betrokke in politieke geskille waardeur die reedsgenoemde vraag dan ontstaan.

Aan die ander kant het die Boerejeug wat sy beginsels betref, veel gemeenskaplik met die nie-politieke sosiaal-opvoedkundige jeugorganisasies in ons land. In 'n pamflet wat deur die Boerejeug uitgegee is, lees ons die volgende : „Ons is die jeug van die Boerevolk, en daarom is dit ons begeerte om in diens van daardie volk georganiseerd te kan optree as 'n Volksjeugbeweging." En 'n paar reëls verderaan : „Die elemente wat bydra om ons volk te verdeel, wil ons bestry en al ons kragte wy aan die opvoeding van 'n sterk verenigde, onafhanklike, godsdienstige volk." In die Handleiding vir Laertrekkings, vind ons die volgende uitsprake: „Die leuse van die O. B. begin met die woorde : ‚My God'. Daarmee erken ons die leiding van God Drieënig. ........ Die kind is 'n lid van sy volk. Van hierdie feit en sy konsekwensies moet hy ten volle bewus word. ......... Vaderlandsliefde is 'n mooi woord, maar mooier in daad. Daardie liefde moet op 'n konkrete manier aangekweek word. ......."(1)

Bloot as gevolg van hierdie uitsprake, waarmee ek my ten volle kan vereenselwig, sou ek die Boerejeug as 'n sosiaal-opvoedkundige organisasie, nie-politiek van aard, kon beskou. Daar is egter iets anders waarop gewys moet word.

In/......

---

(1) Die Boerejeug van die Ossewa-Brandwag - Handleiding vir Laertrekkings, (in oorleg met die Jeugleier saamgestel deur A. P. van Heerden, stafhoof van die Boerejeug.) Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1944, 20.

In die genoemde pamflet lees ons ook nog die volgende: „Die Boerejeug is die enigste jeugbeweging wat doelbewus stry vir 'n onafhanklike vrye republiek in Suid-Afrika, los van alle Britse of ander oorheersing. Hiervan maak ons geen geheim nie". En nou is dit 'n erkende feit dat die stryd in verband met staatsvorm gewoonlik tot politieke geskille lei. Hoewel ek my ook hier ten volle vereenselwig met die republikeinse strewe van hierdie eg-Afrikaanse jeugorganisasie in ons land, is ek tog daarvan oortuig dat dit nie die taak van 'n suiwer sosiaal-opvoedkundige organisasie is om doelbewus vir 'n verandering van staatsvorm te stry nie. Daarom sal ek die Boerejeug, ten spyte van sy opvoedkundige karakter, nie as 'n suiwer sosiaal-opvoedkundige organisasie erken nie.

c) <u>Ontspanningsorganisasies</u>.

Hieronder val alle soorte sportverenigings, sportklubs, volkspelelaers, jukskeilaers, skietverenigings, ens. Die hoofdoel is ontspanning, vermaaklikheid, plesier, met ander voordele, liggaamlik en geestelik, wat daaraan verbande mag wees. Die liggaamlike vaardigheid wat hierdeur verkry word, het natuurlik ook sy voordele en kan soms beskou word as die hoofdoel van hierdie soort organisasie. Die Voortrekkers word soms ten onregte as 'n soort ontspanningsorganisasie beskou. Die hoofdoel van die Voortrekkerbeweging is egter nie ontspanning of liggaamlike vaardigheid nie en kan dus nie hieronder geplaas word nie.

d) <u>Militêre organisasies</u>.

Hierdie soort organisasies kom nie veel in ons land voor nie. Die kadette is die beste voorbeeld hiervan. Die Voortrekkerbeweging is wat offisiere en algemene organisasie betref tot 'n sekere mate op 'n militêre lees geskoei, maar die militarisme is hier heeltemal bysaak en is alleen 'n instrument om dissipline te verkry. Dieselfde geld vir die Boerejeug wat nog veel meer as die Voortrekkerbeweging 'n militêre karakter dra.

e) <u>Opvoedkundige organisasies met 'n bepaalde doel</u>.

Daar bestaan ook organisasies waarin een of ander aspek van die opvoeding benadruk word. So stel die

Landbou klubs/.......

Landbouklubs sig ten doel om beter stelsels van boerdery en huishouding te leer, om aan die gemeenskap te toon wat en hoedanig die verbeterde stelsels van boerdery en huishouding is en om te help met die ontwikkeling van sy lede op ekonomiese, liggaamlike, opvoedkundige, geestelike en maatskaplike gebied.[1] Die hoofdoel van die Junior Rooikruisvereniging is weer die bevordering van gesondheid met die bykomende doel : diens aan andere.[2] Dit lê hom veral toe op eerstehulp en gesondheidsleer. Die Kadette van die St. John Ambulance formuleer hulle doelstelling as volg : „To afford facilities to juveniles to meet together for practice in First Aid, Home Nursing, and kindred subjects with the object of receiving early training in them."[3] Die genoemde organisasies is maar 'n paar voorbeelde van die wat een bepaalde aspek in die opvoeding van die wordende mens benadruk, en wat hulle nie tot die totaliteit van die menslike persoonlikheid rig nie.

f) <u>Sosiaal-opvoedkundige organisasies</u>.

Hierdie soort organisasies het ook 'n bepaalde doel naamlik sosiale aanpassing. Die feit dat 'n organisasie sosiaal-opvoedkundig van aard is, veronderstel egter nie dat die individualiteit van die jeug daarin verwaarloos word nie. 'n Sosiaal-opvoedkundige organisasie is dikwels ook terselfdertyd individueel-opvoedkundig van aard omdat daar met individu en gemeenskap rekening gehou word. Sosiaal-opvoedkundige organisasies wend hulle in die reël tot die hele persoonlikheid en beoog die karaktervorming van die jeug as 'n nuttige lid van die samelewing en 'n waardige burger van sy land.

In hierdie verhandeling word die aandag hoofsaaklik by sosiaal-opvoedkundige organisasies bepaal. Hoewel die terme „jeugbeweging" en „jeugorganisasie" vir godsdienstige, politieke of militêre organisasies gebruik kan word, sal dit in hierdie verhandeling, tensy anders vermeld, 'n sosiaal-opvoedkundige karakter veronderstel. As daar dus van die behoefte aan 'n jeugbeweging gepraat word, dan word daarmee nie 'n godsdien-

(1) Landbouklubs vir seuns en meisies: Konstitusie en reëls.
(2) Heese : Die Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse jeugverenigings, 118 - 121.
(3) Heese : Ibid, 122.

stige of politieke of militêre beweging bedoel nie, ook nie 'n ontspannings- of opvoedkundige beweging met een of ander nie-sosiale doelstelling nie, maar dan veronderstel dit 'n sosiaal - opvoedkundige beweging. Daar is nie baie van hierdie soort bewegings in ons land nie. Behalwe die Voortrekkerbeweging kan die Boy Scout-beweging, die Girl Guide-beweging en die Seuns- en Meisiesklubs in die stede as voorbeelde gereken word.

g) Die Voortrekkerbeweging en sy aanverwante organisasies.

Die Voortrekkerbeweging word gewoonlik as 'n sosiaal-opvoedkundige beweging beskou en as sodanig onderskei hy hom van die ander soorte jeugorganisasies in Suid-Afrika. Hoewel dit onmoontlik is om nou reeds 'n oordeel in verband met die geldigheid van die bewering uit te spreek, is dit tog nodig om na te gaan tot watter konsekwensies die bewering moet lei. Laat ons dit kortliks doen.

In die eerste plek is die Voortrekkerbeweging dan nie 'n suiwer godsdienstige beweging nie. En tog is dit godsdienstig georiënteerd. In die konstitusie daarvan word dit verklaar dat die grondslag Christelik-nasionaal is. Dit beteken dat dit in sy doelstelling rekening moet hou met die mens as beelddraer van God, dat dit in die uitvoering van sy taak, wat nie in die eerste plek 'n suiwer godsdienstige taak is nie, die Christelike lewens- en wêreldbeskouing sal handhaaf. Maar ten spyte hiervan kan die godsdiens as sodanig en die godsdienstige vorming van die jeug nie die hoofdoel van die Voortrekkerbeweging wees nie. Dan word dit 'n godsdienstige organisasie.

Die Christelik-nasionale grondslag van hierdie beweging lei soms tot die bewering dat dit 'n politieke organisasie is, in diens van 'n bepaalde politieke party. Die nadruk wat die Voortrekkerbeweging op die nasionale vorming van die jeug laat val, versterk die opvatting. Dit is egter duidelik dat 'n nasionale opvoeding niks met 'n politieke party te doen het nie. Daar is dan ook geen politieke party wat sal erken dat sy beginsels nie nasionaal is nie. God die Here het Self die eie aard van elke nasie bepaal en wee die opvoedingsinstelling wat nie daarmee rekening wil hou nie. As dit egter

van/.................

van die breë nasionale grondslag afwyk en een of ander aspek van die nasionale vorming van die jeug ten koste van ander benadruk, dan ontaard dit tot 'n politieke organisasie.

As die Voortrekkerbeweging 'n sosiaal-opvoedkundige organisasie is, dan kan die hoofnadruk ook nie op ontspanning of vermaaklikheid val nie. Ontspanning mag wel 'n baie belangrike faktor wees, 'n kragtige middel tot sosiale aanpassing, want gespanne verhoudings bemoeilik elke vorm van aanpassing, maar dit mag nie die doel van 'n sosiaal-opvoedkundige beweging word nie.

Die doel mag ook nie die verbetering van die landbou of die toepassing van eerstehulp of die bevordering van sport wees nie. Hierdie dinge mag miskien nuttig of selfs noodsaaklik vir die sosiale aanpassing wees, maar dit mag nie die hoofdoel word nie want dan ontaard die beweging tot 'n opvoedkundige organisasie met 'n ander doelstelling as die sosiale.

Ten slotte moet daar nog 'n paar opmerkings oor „aanverwante organisasies" gemaak word. Hieronder verstaan ek alle organisasies wat volgens my indeling in dieselfde groep val. Omdat die Voortrekkerbeweging nie 'n godsdienstige organisasie is nie, kan dit nie deur die C.S.V. vervang word nie. Hulle is nie aanverwante organisasies nie. Dieselfde geld vir die Voortrekkerbeweging en enige politieke of ontspanningsorganisasie. Maar as twee of meer organisasies dieselfde doel beoog, soos b.v. sosiale opvoeding, dan is daar 'n nouer verband tussen die organisasies en dan word hulle „aanverwante" organisasies genoem.

# HOOFSTUK II.

## DIE HISTORIESE AGTERGROND VAN DIE VOORTREKKERBEWEGING IN SUID-AFRIKA.

### 1. DIE ONTSTAAN VAN DIE BOY SCOUT-BEWEGING IN ENGELAND.

a) Die doel van hierdie paragraaf.

Om die ontstaan van die Voortrekkerbeweging teen 'n geskikte agtergrond te kan beoordeel, is dit nodig om eers 'n studie te maak van die faktore wat gelei het tot die stigting van die organisasie waaraan die Voortrekker-beweging die nouste verwant is : die Boy Scouts. Hierdie faktore kan onder drie hoofde saamgevat word : die lewe van die stigter daarvan, Robert Baden-Powell, die geestes-houding van die jeug van Brittanje tydens die stigting en die aktiewe deelname van Baden-Powell aan jeugwerk in Enge-land waardeur die Boy Scout-beweging ontstaan het. Elke keer sal die vraagstuk in verband met die behoefte aandag geniet. Ook sal daar 'n studie van die snelle uitbreiding van die beweging, van sy invoering in ander lande en van sy internasionale karakter gemaak moet word.

In die studie sal daar gebruik gemaak word van werke en uitsprake van leiers en voorstanders van die ge-noemde beweging. Dit moet dan in gedagte gehou word dat sulke werke altyd tot 'n meerdere of mindere mate propagan-disties gekleurd sal wees en dat 'n bloot objektiewe beskou-ing nie in hulle gesoek moet word nie.

Ek wil ook nog daarop wys dat 'n volledige behan-deling van die ontstaan en die ontwikkeling van die Boy Scout-beweging hier nie nodig is nie. Net die aspekte wat op die vraagstukke van die Voortrekkerbeweging lig kan werp, sal behandel word. Die doel is om alle moontlike faktore in verband met die bestaan van 'n behoefte te ondersoek en om 'n kort oorsig te gee wat as agtergrond kan dien. En tog sal die oorsig, met die oog op die verband tussen die twee

bewegings/.....

bewegings, nie te kort kan wees nie. Die paragraaf oor die Duitse jeugbeweging sal veel korter wees.

b) <u>Die lewe van Robert Baden-Powell en die behoeftes wat deur hom gevoel is.</u>

Robert Baden-Powell is in 1857 uit 'n betreklike arm ouerpaar gebore. Op driejarige leeftyd het hy sy vader verloor, en sy moeder is nagelaat met ses minderjarige kinders van wie Robert die jongste was. As gevolg hiervan het hy onder moeilike omstandighede opgegroei waardeur hy in sy kinderjare reeds gestaal is vir die lewe.

Sy kinderjare was vol ervaring. Deur middel van spaargeld deur hulle self verdien, het hy en sy broers 'n seilbootjie gekoop. Hiermee het hulle die kus van Engeland omseil, 'n onderneming wat dikwels met groot gevare gepaard gegaan het. In 'n roeibootjie het hulle in die Thames en ander riviere opgevaar tot byna by die oorsprong daarvan terwyl hulle die nagte op die oewers van die riviere deurgebring het. Hulle het ook staptoere met swaar pakke op die rug deur Wallis en Skotland onderneem en snags moes hulle skuiling soek waar hulle dit ook al kon vind.[1] Hierdie ondernemings was vir Baden-Powell van onskatbare waarde vir sy veeleisende lewe later. Hierdeur het hy 'n handigheid, 'n praktiese bedrewenheid, 'n soort onafhanklike selfhelphouding ontwikkel, wat hy later nuttig kon toepas. Hy het praktiese kennis, gegrond op eie ervaring, besit.

Baden-Powell was 'n liefhebber van die natuur. Daarin het hy die wysheid van God bewonder. Ten spyte van baie vriende het hy dikwels die eensaamheid opgesoek, waar hy hom kon verlustig in die skoonheid van die natuur en waar hy dit in sy volle verskeidenheid kon bestudeer. Reynolds noem drie van sy karaktertrekke wat in die loop van die tyd altyd sterker en sterker geword het : 'n onafhanklike gees, 'n liefde vir die natuur en 'n verlange na

tye/.......

(1) Maynard : Be Prepared, 14.

tye van eensaamheid[1] In 'n kort lewensskets van haar man beweer mevrou Baden-Powell dat sy liefde vir die wondere van die natuur 'n aangebore eienskap was en dat sy intense belangstelling gegroei het na mate sy kennis vermeerder het. Sy benadruk ook die waarde wat sy verkenningstogte vir hom gehad het.[2] Dit is duidelik dat die kiem vir die geboorte van 'n magtige jeugorganisasie gelê is gedurende die ervaringryke kinderjare van Baden-Powell, die stigter daarvan.

'n Besonder sterk eienskap van Baden-Powell wat in hierdie studie tot openbaring kom, is sy mensliewendheid. Mevrou Mark Kerr, 'n baie groot vriendin van hom, beweer dat hy vriende gemaak het met persone van verskillende rasse en dat hy altyd die goeie in ander godsdienste, lande en lewensgewoontes raakgesien het. Hy was 'n vriend van die hele wêreld. Hy het van die standpunt uitgegaan dat elke mens goeie eienskappe het en dat hierdie eienskappe as aanknopingspunt moes dien as daar met die persoon gehandel word.[3] Hierdie houding het hom bemind gemaak en dit is geen wonder dat die organisasies wat deur sy bemoeienisse tot stand gekom het, later deur baie lande van die wêreld aanvaar sou word nie, aangesien hy ook die belange van ander rasse wou bevorder.

Daar moet ten slotte nog gewys word op Baden-Powell se idealisme. Hy idealiseer die natuur, die huwelik en die lewe. In sy laaste boodskap aan die Girl Guides benadruk hy twee dinge wat waarde het in hierdie lewe : die wonderlike skoonheid van die skepping wat volgens die raadsplan van die Skepper van geslag tot geslag in stand gehou word en die geluk wat voortspruit uit 'n gelukkige huweliks-

lewe/.........

(1) Reynolds : Boy Scouts, 8.

(2) Maynard : Be Prepared, 10.

(3) Reynolds : Ibid, 8.

lewe. Hy is daarvan oortuig dat dit die wil van God is dat die mens gelukkig sal wees. Onselfsugtige liefdediens is 'n middel om die mens gelukkig te maak, ook in die huwelikslewe. Die hele boodskap is 'n kragtige openbaring van die waarde wat Baden-Powell aan die nie-materiële sy van die lewe heg.(1) Hy was baie geheg aan sy ouerhuis en sy moeder het 'n besondere plek in sy lewe ingeneem. By hom was daar nie 'n verset teen die ouerlike gesag nie, soos dit in Duitsland die geval was. Sy idealisme moes tot die harte van die jeug spreek.

As jong man het hy reeds by die leër aangesluit en as offisier in Indië het hy spoedig ontdek dat hy besondere aanleg gehad het vir die verskillende vertakkinge van verkenning. Dit het hy op 'n bekwame wyse aan sy onderge-skiktes, persone wat dikwels heeltemal ongeletterd was, geleer. Hier het hy weggebreek van die meer ortodokse leërmetodes van sy tyd en sy manskappe in klein groepies van ses met 'n leier aan die hoof van elke groepie ingedeel. Die groepies moes dien as eenhede vir instruksie, kompetisie en spele. So het hy reeds hier, al was hy nie bewus daarvan nie, geëksperimenteer met die metodes wat later die raamwerk van die Scoutbeweging sou vorm. So het hy begin met sy ideës wat later in sy jeugorganisasie tot volle ontplooiing sou kom.(2)

Sy werk in Indië is gevolg deur verskillende dienspligte in die Middellandse see, in Matabeleland en in die Matoppogebergtes van Suid-Rhodesië. As gevolg van hierdie prestasies het hy vir hom roem verwerf, is sy naam in steeds wyer kringe bekend geword. Op veertigjarige leeftyd is hy weer terug na Indië as „Colonel of the Fifth Dragoon Guards." Dit het hom die geleentheid gegee om sy rype ervaring verder uit te bou en om sy metodes waarmee hy destyds in Indië

begin/...........

(1) Maynard : Be Prepared, 327.

(2) Reynolds : Boy Scouts, 8.

begin het, verder te ontwikkel. Hierdie metodes is deur hom saamgevat en verduidelik in sy eerste werkie in hierdie verband : „Aids to Scouting"(1)

In 1899, net voor die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog, is Baden-Powell na Suid-Afrika gestuur, waar sekere oorlogspligte aan hom opgedra is. Terwyl hy hiermee besig was, is Mafeking deur die Boere beset en is hy met 'n gedeelte van sy manskappe daarin vasgekeer. Tydens die beleg wat etlike maande geduur het, is die seuns van Mafeking deur Baden-Powell se stafhoof, Lord Edward Cecil, tot 'n kadet-afdeling in volle uniform georganiseer. Die seuns moes sekere noodsaaklike dienste verrig en hulle het uitstekende werk gelewer. Hierdie eksperiment was van groot betekenis omdat Baden-Powell hier tot die besef gekom het dat seuns soms tot wonderlike hoogtes van verantwoordelikheid kon uitstyg as vertroue aan hulle geskenk word.(2) Toe hy kort na die beëindiging van die oorlog 'n polisiemag in Suid-Afrika moes organiseer, het hy van sy ervaring in Mafeking gebruik gemaak.

Nadat Baden-Powell weer teruggekeer het na Engeland, het hy 'n aktiewe rol in jeugaangeleenthede aldaar begin speel. Hier eindig ek voorlopig met sy lewensskets. Sy aktiewe deelname aan jeugwerk in Engeland word onder 'n aparte hoof bespreek.

As daar op hierdie vroeë stadium reeds 'n antwoord gegee moet word op die vraag of die Boy Scout-beweging as gevolg van 'n bestaande behoefte tot stand gekom het, dan is daar twee feite wat genoem moet word : Baden-Powell se liefde vir die natuur en sy liefde vir sy medemens. Albei vereis hier aandag.

Ek het reeds melding gemaak van die vurige liefde wat Baden-Powell van sy kleinkinderjare af tot aan die einde

van/........

(1) Reynolds : Boy Scouts, 9.

(2) Baden-Powell : Scouting for Boys, 25.

van sy lewe vir die natuur gevoel het. Dit was vir hom 'n lewensbehoefte om persoonlik te mag put uit die oorvloedige bron van die natuur wat deur God aan die mens gegee is. Ek noem dit hier met opset 'n lewensbehoefte en nie net 'n blote begeerte nie, omdat die aanraking met en die verdieping in die natuur sy lewe verryk en bevorder het. Daarsonder sou sy lewe kwyn. In die natuur het hy die openbaring van die wonderlike wysheid van God gesien.(1) Hierdie gevoelde behoefte was die gevolg van aangebore eienskappe.

Duidelikheidshalwe moet daarop gewys word dat om God beter te leer ken 'n behoefte is wat in elke mens aanwesig is, al word dit heel dikwels nie gevoel nie. God het Hom ook in die natuur aan die mens geopenbaar en nou is dit nie alleen die wil van God dat die mens Hom sal ken soos Hy Homself geopenbaar het nie, maar dit is ook 'n ingeskape lewensbehoefte, eie aan die wese van die mens. Sonder die kennis van God is die lewe leeg, kan dit nie tot sy volle verwesenliking kom nie. Die natuur mag wel nie aanbid of vereer word nie, maar die wonderlike wysheid van God moet in hierdie openbaringsmiddel gesien word. Waar dit nie gedoen word nie, ontbreek daar iets in die lewe, ontstaan daar 'n behoefte. Waar dit gedoen word, word die behoefte bevredig.

Die gevoelde behoefte as sodanig kon nie tot die stigting van 'n jeugorganisasie lei nie. Daar is 'n tweede faktor wat die aandag verdien : Baden-Powell se liefde vir sy medemens. Mevrou Baden-Powell noem haar man „the generous-hearted server of mankind"(2) en mevrou Mark Kerr „a friend of all the world"(3)

In sy laaste boodskap aan sy Guides benadruk hy self die waarde van onselfsugtige naastediens in hierdie

lewe/.........

(1) Baden-Powell : Aids to Scoutmastership, 31, 59, 104.

(2) Maynard : Be Prepared, 11.

(3) Maynard : Ibid, 15.

lewe[1]. In „Aids to Scoutmastership" wy hy 'n hele hoofstuk aan „service for others"[2] In die laaste hoofstuk som hy dan sy beskouing so op : „Our aim should be to develope Love through service for others, to the extent of outbalancing the service of self".[3] Sy hele lewe het die bestaan van die behoefte bevestig.

Ek benadruk dat dit 'n behoefte was en nie 'n blote begeerte nie. Die mens is deur God geskape om sy naaste lief te hê. 'n Selfsugtige liefdelose lewe is koud, leeg en vrugteloos. Onbaatsugtige liefdediens maak die lewe vol en vrugbaar. Waar naasteliefde ontbreek, ontstaan 'n leemte in die lewe, 'n gebrek, 'n behoefte. Waar dit bestaan word die lewe voller, ryker en meer in ooreenstemming met die wil van God. Daarom noem ek dit 'n behoefte en nie 'n begeerte nie.

Die twee genoemde behoeftes het by Baden-Powell die behoefte laat ontstaan om die mens in nouer aanraking met die natuur te bring. Hy wou die mens leer om die natuur te gebruik, om hom daarin te verlustig en om die wysheid van God daarin te sien. Orals in sy werke word die waarde van die natuur as 'n bron van kennis en plesier en as 'n openbaringsmiddel van God benadruk; waar hy ook al gegaan het, het hy sy „scouting"-ideës met sukses toegepas. Hy was self gelukkig en hy wou sy rype ervaring gebruik om ander ook gelukkig te maak.[4] Die latere totstandkoming van die Boy Scout-beweging was 'n direkte gevolg van hierdie behoefte.

c) Die geesteshouding van die jeug van Brittanje en die behoefte wat deur hulle gevoel is.

Met die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog was die naam van Baden-Powell reeds bekend. Sy prestasies in Matabeleland het roem verwerf; die berigte uit Mafeking het die roem vermeerder. Hy was nou 'n nasionale held, deur die jeug van Brittanje/.....

(1) Maynard : Be Prepared, 327.

(2) Baden-Powell : Aids to Scoutmastership, 98.

(3) Baden-Powell : Ibid, 123.

(4) Maynard : Be Prepared, 19.

Brittanje vereer op 'n wyse eie aan die jeug. Mevrou Mark Kerr skrywe : „Those of us who were in school those days remember that we nearly all had a picture of Baden-Powell pinned up somewhere; he was just the sort of hero all people loved - a laughing hero - and young people had helped him to win his triumph."[1] Die heldedade van die kinders van Mafeking onder leiding van die dappere en deur die Britse jeug beminde Baden-Powell het die kindergemoed laat hunker na 'n soortgelyke ervaring. Later is Baden-Powell dan ook letterlik oorval met briewe van sy jeugdige bewonderaars.[2] Dit bewys dat daar dus beslis 'n baie sterk behoefte was aan iets wat die Boy Scout-Beweging sou kon bied, veral onder die leiding van Baden-Powell self.

Behalwe die persoonlike faktor van die stigter van die Boy Scout-beweging was daar ook nog die tydsfaktor wat 'n belangrike rol gespeel het in verband met die geesteshouding van die jeug van Brittanje in die tyd wat die stigting van die genoemde beweging voorafgegaan het. Die oorlog in Suid-Afrika was verby met die oorwinning aan die kant van Brittanje. Baden-Powell het in groot gevaar verkeer in Mafeking, maar Mafeking is bevry en die Britse volk was oorstelp van vreugde.[3] Gebeurtenisse soos hierdie het die gevoelens hoog laat loop en dit moes 'n groot indruk op die jeug gemaak het. Dit het die gemoedere van die jeug ontvanklik gemaak. Die tyd was ryp vir die stigting van 'n jeugbeweging in Brittanje.

Terwyl dit aan die een kant die geesteshouding van 'n deel van die Britse jeug was, was daar aan die ander kant ook 'n groot aantal jeugdige leeglopers, veral in die stede, wat hulle vry tyd onoordeelkundig gebruik het en wat hulle soms besiggehou het met aktiwiteite wat teen

die/......

(1) Maynard : Be Prepared, 17.

(2) Reynolds : Boy Scouts, 9.

(3) Maynard : Ibid, 17.

die samelewing gerig was en skade aan die gemeenskap berokken het. Mevrou Mark Kerr noem die feit dat Baden-Powell bekommerd was oor die groot aantal jeugdiges „who were loafing about, doing no good to themselves or other people."[1] Daar het dus 'n sterk behoefte aan 'n organisasie waardeur die energie van hierdie jeugdiges in produktiewe bane gelei kon word, ontstaan. Hulle het die behoefte egter nie gevoel nie.

As die behoeftes aan heldeverering en die awontuurlike prinsipiëel beoordeel moet word, dan moet daarop gelet word dat volkshelde gawes van God is, middele in Sy hand om 'n bepaalde doel te bereik. As hulle in hierdie gees geër word, is heldeverering goed vir die lewe. Dan maak dit dankbaar, dit moedig aan en dit maak sterk. Die drang na die awontuurlike is 'n openbaring van 'n ondernemingsgees ten opsigte van dit waaraan gevaar verbonde is. En heel dikwels was die vooruitgang van die lewe al afhanklik van hierdie soort ondernemingsgees.

Daar bestaan egter ook die gevaar dat heldeverering tot mensvergoding kan lei en dit stel die mens in 'n wanverhouding teenoor God. Dit is sonde en die sonde werk die dood. So kan die drang tot die awontuurlike tot roekelose dade lei. In hierdie gevalle is die perke oorskrei en word die wese van die lewe bedreig.

d) <u>Die aktiewe deelname van Baden-Powell aan jeugwerk in Brittanje en die stigting van die Boy Scout-beweging.</u>

Twee jaar na sy aankoms in Engeland het Baden-Powell 'n uitnodiging na 'n byeenkoms van die Boys' Brigade aanvaar en die stigter daarvan, Sir William Smith, ontmoet. Baden-Powell was daarvan oortuig dat verkenning en ander buitemuurse bedrywighede die ledetal van die Boy's Brigade sou kon laat styg. Aangemoedig deur Sir William het hy dan ook dadelik met die uitwerk van 'n skema begin. Die skema sou deur die offisiere in hul werk gebruik kon word. En so het Baden-Powell begin met sy aktiewe deelname aan jeugwerk

in/.....

(1) Maynard : Be Prepared, 18.

jeugwerk in Brittanje.(1)

In Augustus 1907 het hy 'n kamp vir ongeveer twintig seuns op die Brownsea-Eiland georganiseer om sy ideës uit te toets en om vas te stel in hoeverre dit by die seuns byval sou vind. Die kamp was 'n groot sukses en Baden-Powell het besluit om voort te gaan met sy skema, nie in 'n aparte beweging nie maar nog steeds binne die raamwerk van die Boys' Brigade. As gevolg hiervan het hy ook besluit om sy verkennerideës in ses tweeweeklikse artikels oor „Scouting for Boys" te publiseer.(2) Hierdie artikels was nie bedoel as 'n handleiding vir 'n aparte beweging nie maar as 'n hulpmiddel wat deur bestaande organisasies gebruik kon word by die afrigting van seuns. Die gevolge was egter verreikend. Nog voordat die uitgawes voltooi was, het seuns wat die artikels gelees het, groepies gevorm en „scouting" op eie houtjie begin. So het daar talle losstaande afdelings sonder enige verband met mekaar in Engeland ontstaan, maar tog met dieselfde handleiding : „Scouting for Boys".(3)

Gelyktydig met die ontstaan van die aparte eenhede het briewe uit alle dele van Engeland Baden-Powell as 't ware oorval, briewe van seuns wat wou weet hoe hulle kon aansluit. Die reaksie was groter as wat hy ooit verwag het. Die band met die Boys' Brigade kon nie langer voortbestaan nie. Hy moes antwoord op die roepstem van die kinders van sy volk. So het Baden-Powell op vyftigjarige leeftyd met 'n nuwe jeugbeweging in Engeland begin. Dit was die geboorte van die Boy Scout-beweging. (4)

Op die eerste groot Scoutbyeenkoms in 1909 by die „Crystal Palace" was Baden-Powell verbaas om ook dogters wat beslis beweer het dat hulle Scouts was, teenwoordig te sien.

Op/.........

---

(1) Reynolds : Boy Scouts, 9.

(2) Handbook for Scoutmasters, 478.

(3) Maynard : Be Prepared, 18.

(4) Reynolds : Ibid, 9.

Op verskeie plekke het daar dogtersafdelings met „Scouting for Boys" as handleiding ontstaan. Om hierdie nuwe verwikkelinge die hoof te bied, is die „Girl Guides" gestig. 'n Nuwe handleiding : „How girls can help to build the Empire", geskoei op die lees van „Scouting for Boys", is geskrywe om by die dogters aan te pas en 'n aantal vooraanstaande dames is verkry om 'n hoofbestuur te vorm. So is alles in die werk gestel om ook van hierdie vertakking van die Scout-beweging 'n sukses te maak.(1)

Ten spyte van dit alles is die poging tog aanvanklik met min sukses bekroon. Die nuwe aktiwiteite was vir die dogters teveel verwater : Hulle het verlang na die awontuurlike. Daarom het dit in die begin dan ook veel minder opgang gemaak as die Boy Scouts. Maar hierin het daar 'n wending gekom. In 1912 het Baden-Powell in die huwelik getree met mej. Olave Soames, 'n ware vriendin en metgeselin van hom. Sy het onmiddellik aandag aan die Girl Guides gegee en dit is deur haar persoonlike inisiatief en dryfkrag dat hierdie organisasie op 'n gesonde grondslag geplaas is. (2)

Kort na die stigting van die Boy Scout-beweging het Baden-Powell gevind dat dit soveel van sy tyd in beslag neem, dat hy hom van die leër sou moes onttrek. (3) Koning Eduard VII van Engeland, wat self baie belang in die nuutgebore organisasie gestel het, het Baden-Powell hiertoe aangemoedig. Baden-Powell het gehoor gegee en as blyk van waardering vir die groot en waardevolle werk deur hom verrig, is die ridderorde 'n tyd later aan hom toegeken. Van toe af is hy bekend as Sir Robert Baden-Powell.(4)

Die Boy Scouts en die Girl Guides het sy aan sy ontwikkel en gegroei. Talle nuwe afdelings is gestig , nie

alleen/.......

---

(1) Heese : Die Voortrekkers en ander S.A. Jeugverenigings,79.

(2) Heese : Ibid, 80

(3) Boy Scouts of America : Handbook for Scoutmasters, 478.

(4) Maynard : Be Prepared, 19.

alleen in Engeland nie maar ook in die buiteland waar die beweging soms gewysig en soms onveranderd oorgeneem is. Op 'n groot internasionale byeenkoms - deur hulle 'n „Jamboree" genoem - is die hoogste eer in 1929 te Arrowe-park deur koning George V aan Baden-Powell bewys toe die rang van Lord aan hom toegeken is. Voortaan was hy bekend as Lord Baden-Powell van Gilwell. So het Baden-Powell in en as gevolg van hierdie organisasies tot die hoogste sport in die Britse burgerlike lewe geklim. So het hy in diens van die jeug gestaan totdat hy op drie-en-tagtigjarige leeftyd in 1941 in sy huis in Oos-Afrika oorlede is.(1)

In hierdie geskiedenis word ons getref deur die spontaneïteit waarmee die twee bewegings ontstaan en uitgebrei het totdat die wydvertakte organisasies as 'n netwerk uitgesprei was, nie net oor Engeland, die land van hul geboorte nie, maar ook oor die ander lande van die wêreld, en dit nie as gevolg van uitgebreide en doelbewuste propagandawerk nie, maar ongedwonge, gebore uit die behoeftes van die jeug. En hier kan drie faktore wat daartoe bygedra het, genoem word : die persoon van Baden-Powell self, met al sy eienaardighede wat hom besonder geskik gemaak het om as leier van die jeug op te tree, die tydsomstandighede wat die gemoedere van die jeug voorberei het vir die saad van die nuwe organisasies en - 'n faktor wat ek hier vir die eerste keer wil byvoeg - die feit dat Baden-Powell daarin geslaag het om tot die siel van die jeug te spreek.

e) <u>Die uitbreiding van die Boy Scouts en die Girl Guides en die behoefte wat daar deur die jeug in die algemeen gevoel word</u>.

Daar was in die eerste plek wat ons kan noem 'n vertikale uitbreiding. Die Boy Scout-beweging was oorspronklik bedoel vir kinders van wie die ouderdomme gevarieer het tussen elf en sewentien jaar. Maar spoedig het

daar/........

---

(1) Maynard : Be Prepared, 19.

daar ook seuns wat jonger as elf jaar was, opgedaag. Vir hulle moes voorsiening gemaak word. Dit was egter onwenslik om die ouer en die jonger seuns in een groot afdeling saam te voeg. Daarom is daar 'n nuwe afdeling, die „Wolf Cubs", ingevoer vir seuns tussen agt en elf jaar oud, terwyl seuns tussen elf en sewentien jaar nou „Boy Scouts" genoem is. Later is nog 'n afdeling, die „Rover Scouts" bygevoeg om voorsiening te maak vir persone wat ouer as sewentien jaar geword het. Nog later is die „Sea Scouts" bygevoeg, 'n afdeling vir seuns „who felt the call of the sea". In die loop van die jare is daar ook nog spesiale afdelings gestig vir kinders wat liggaamlik ongeskik is, vir kinders wat in gestigte bewaar word, ens. So het hierdie beweging uitgebrei om te voorsien in die behoeftes van kinders van verskillende ouderdomme en onder verskillende lewensomstandighede.[1]

Dieselfde soort uitbreiding het plaasgevind in die Girl Guide-beweging. Dogters van sewe tot elf jaar is „Brownies" genoem, dogters van elf tot sestien jaar „Guides" en dogters bokant sestien jaar „Rangers".

Maar daar was ook 'n horisontale uitbreiding. By die totstandkoming van die Boy Scout-beweging was die aantal werklik ingeskrewe lede gering. Dit het egter so vinnig aangegroei dat daar minder as drie jaar na die stigting daarvan reeds meer as 'n honderdduisend Boy Scouts net in die Verenigde Koninkryk was. Ten spyte van die nadelige invloed wat die tweede wêreldoorlog ook op die Scout-bewegings gehad het, was die totale aantal lede van die Boy Scout-beweging, offisiere ingesluit, volgens die sensusopname van 31 Maart 1945, 471,040.[2] Die totale aantal Girl Guides, net in die

Verenigde/.........

---

(1) Reynolds : Boy Scouts, 16.

(2) Douglas Cooke:Youth Organisations of Great Britain,56.

Verenigde Koninkryk, was op daardie datum 465,379. Waar aanvanklik 'n begin gemaak is met 'n voorraad van twaalf Scout-hoede en net so 'n geringe hoeveelheid ander Scout-uitrusting, daar is in 1938 alleen, net uit die winkel wat die oorspronklike uitrusting bevat het, sowat 'n dertigduisend Scout-hoede verkoop. Dit toon die verbasende snelle groei van hierdie beweging duidelik aan.

Die bewegings het uitgebrei tot selfs ver buite die grense van Engeland en van die Verenigde Koninkryk. In 1910 is dit deur wetgewing in Amerika ingevoer. Toe het dit reeds in Kanada, Duitsland, Frankryk en Australië bestaan. In 1930 het die Boy Scouts in die Verenigde State van Amerika 'n totale aantal lede van meer as 'n driekwart-miljoen omvat.[1] In dieselfde jaar was daar reeds 57 lande van die wêreld met 'n totale bevolking van 1,540,000,000 of 91 persent van die totale bevolking van die wêreld, wat die Boy Scout-beweging aanvaar het.[2] Gedurende die oorlogsjare, 1939 tot 1945, het die beweging ten spyte van moeilike omstandighede geweldig gegroei. In België het die ledetal in daardie jare gestyg vanaf 18,000 tot 44,000; in Denemarke vanaf 18,000 tot 31,000; in Holland vanaf 36,000 tot 60,000; in Frankryk vanaf 93,000 tot 150,000.[3] In 1946 is die totale aantal lede van die Girl Guide-beweging oor die hele wêreld deur Lady Baden-Powell geskat op ongeveer een-miljoen. Hierdie syfers toon die geweldige groeikrag wat die twee bewegings gehad het, nie net in die land van hulle ontstaan nie, maar oor die lengte en die breedte van die aarde.

Dat/..................

(1) Boy Scouts of America : Handbook, 4.

(2) Ibid: 2.

(3) Douglas Cooke : Youth Organisations of Great Britain, 53.

Dat daar uit die Scout-beweging 'n wêreldwye organisasie ontstaan het, was nie die gevolg van intensiewe propaganda nie, maar dit het spontaan begin en soos 'n veldbrand versprei. Dit is my doel om nog enkele gebeurtenisse in verband met die invoering van die Boy Scout-beweging in ander lande van die wêreld te noem en om op die aanpassing daarvan aan daardie landsomstandighede te wys. Ek noem twee gevalle van Amerika en Swede.

In 1910 is Scouting in die Verenigde State van Amerika ingevoer. Dit het so gebeur : Terwyl 'n sekere William Boyce van Chicago op 'n besigheidsbesoek in Londen was, het hy verdwaal. Hy is egter deur 'n klein nuusbodetjie wat baie behulpsaam was, tot by sy bestemming gebring. Toe die seun 'n silwerstuk aangebied is, het hy geweier om dit aan te neem op grond van die feit dat hy 'n Scout was. Boyce was verbaas want hy het nie geweet wat dit beteken nie. Die seun het hom egter na die hoofkwartier van die Boy Scout-beweging in Engeland vergesel en vandaar het Boyce 'n groot voorraad lektuur oor hierdie organisasie saamgeneem na Amerika, waar hy dit onder die aandag van die Amerikaanse jeug gebring het.[1]

Net soos in Brittanje het hier ook 'n groot aantal afsonderlike afdelings sonder enige verband met mekaar, ontstaan. Dit was egter moontlik om die meeste afdelings te beweeg om saam te smelt met die „Boy Scouts of America", Maar die „United States Boy Scouts" het geweier om saam te smelt en het as 'n aparte organisasie bly voortbestaan. Na jarelange tevergeefse pogings om die twee bewegings te verenig, het die „Boy Scouts of America" dit nodig geag om geregtelike stappe teen die ander organisasie te neem, ten einde erkenning vir hulle regte te kry. Die hofsaak het in 1917 plaasgevind en die

uitspraak/.....

---

(1) Beresford Webb : Scouting Achievements, 3.
(1) Boy Scouts of America : Handbook for Scoutmasters, 471, 472.

uitspraak was ten gunste van die „Boy Scouts of America" wat toe die alleenreg op die gebruik van die terme „Boy Scouts", „Scout", „Scouting", ens. verkry het.[1]

Vir die „Boy Scouts of America" is 'n Nasionale Raad („National Council") gestig en die eerste vergadering is op 14 en 15 Februarie 1911 gehou. Hierdie vergadering was reeds eenstemmig oor die gedagte dat komitees benoem sou word om vas te stel hoe die beloftes, die wet en die toetse in ooreenstemming met die Amerikaanse volksaard gebring kon word. Die komitees is benoem, die wysiginge is aangebring en dit is in Mei 1911 deur die Nasionale Raad aanvaar.[2] Ek benoem hier net 'n paar van die veranderinge.

In die eerste plek sou die Amerikaanse Scout nie meer beloof om sy plig teenoor God en die Koning te doen nie, maar „to do my duty to God and my Country". Verder sou hy by die belofte van die Britse Scouts ook nog belowe „to keep myself physically strong, mentally awake and morally straight". In die tweede plek sou die Amerikaanse Scouts twaalf wette hê. Die eerste nege kom ooreen met die van die Britse Scout-beweging, maar die tiende wet is 'n byvoeging : „a Scout is brave". Die elfde wet van die Amerikaanse Scoutbeweging kom ooreen met die tiende wet van die Britse beweging terwyl die twaalfde wet van die Amerikaners weer 'n byvoeging is : „a Scout is reverent". Die opstellers van „Handbook for Scoutmasters for the Boy Scouts of America" maak melding van die fundamentele betekenis van hierdie twaalfde wet waardeur die „Boy Scouts of America" hulle onderskei van ander Scout-bewegings en waarmee gedurig rekening

gehou/...........

---

(1) Boy Scouts of America : Handbook for Scoutmasters, 475-479.

(2) Ibid : 481 - 487.

gehou word.[1] Daar is ook nog ander wysiginge aangebring om die Scout-beweging te nasionaliseer, maar ruimte en tyd laat nie toe om verder daarop in te gaan nie.[1] Ek wil alleen benadruk dat 'n land soos Amerika, wat in so 'n uiters intieme verband met Brittanje staan, dit nodig geag het om fundamentele veranderinge aan te bring ten einde die Scout-beweging in ooreenstemming met die Amerikaanse volksaard te bring.

Die voorgeskiedenis van die Boy Scout-beweging in Swede dateer so ver terug as 12 September 1908, toe 'n Gothenburgse nuusblad 'n artikel geplaas het onder die opskrif : „Street Urchins as Back Woodsmen". Dit het oor die Britse Boy Scout-beweging gegaan. Die artikel is deur ander gevolg en die Sweedse jeug het begin belang stel. Groepies seuns het gevolglik hulle in klein afdelinkies begin stig. In 1909 was daar al soveel hiervan dat 'n nuusblad in Stockholm die vraag aan sy lesers gestel het of daar dan nie iemand was wat die leiding van die Sweedse Boy Scout-beweging op hom wou neem nie.[2]

In ongeveer dieselfde tyd het 'n jong Sweedse offisier, Ebbe Lieberath, heel toevallig op 'n Engelse eksemplaar van „Scouting for Boys" afgekom en dit deurgelees. Hy het baie belang daarin gestel. 'n Paar maande later is dieselfde offisier deur 'n uitgewersmaatskappy gevra om 'n sekere boek in Sweeds te vertaal. Die boek was „Scouting for Boys". As gevolg hiervan het baie afdelings oor die lengte en breedte van die land ontstaan. Op 3 Januarie 1912 is die afdelings verenig tot een groot organisasie, die „Sveriges Scoutforbund", met Ebbe Lieberath aan die hoof daarvan. Dit was die begin van die bloeitydperk

van/.........

(1) Boy Scouts of America:Handbook for Scoutsmasters,481-487
(2) Beresford Webb: Scouting Achievements, 4 to 5.

van die Sweedse Scout-vereniging.[1]

Dit is nie nodig om 'n verdere verslag in hierdie verband te gee nie. Die geskiedenis het bewys dat die behoefte aan 'n jeuggemeenskap soos die wat deur die Boy Scout-beweging in die lewe geroep is, 'n werklike behoefte is, nie net van die jeug van een of van 'n paar lande nie, maar in die algemeen. In die geval van Brittanje kon daar sekere faktore aangewys word wat verantwoordelik was vir die snelle vooruitgang van die Scout-beweging. Hierdie faktore het nie tot dieselfde mate in die ander lande van die wêreld gegeld nie. Wat die behoefte aan 'n jeugbeweging in die algemeen ten grondslag lê, behoort later duidelik te word. Tot dusver kan ek alleen meld dat daar 'n behoefte gevoel is en dat die jeug die jeugbeweging aangryp om die jong lewe tot volle verwesenliking te laat kom. Ons het dus hier te doen met 'n wêreldwye lewensbehoefte van die jeug.

f) <u>Die internasionale karakter van die Boy Scout-beweging.</u>

Daar is een kenmerk van die Boy Scout-beweging wat die aandag in hierdie studie verdien en dit is sy internasionale karakter, sy „Worldwide Brotherhood". Die vierde wet van hierdie organisasie lui : „A Scout is a friend to all and a brother to every other Scout, no matter to what country, class or creed the other may belong".[2] Die broederskap tussen alle rasse, blank of gekleurd, mag in hierdie verhandeling betekenis kry, veral met die oog op die verhouding tussen die Voortrekker-beweging en die Boy Scout-beweging. Daarom is dit vir ons nodig om hierdie aspek van die Boy Scouts nader te ondersoek.

Internasionale/.......

---

(1) Beresford Webb : Scouting Achievements, 5 - 7.

(2) Reynolds : Boy Scouts, 11.

Internasionale „scouting" is 'n saak wat sy oorsprong by die Jamboree van Olimpia in 1920 gehad het. Volgens die oorspronklike plan sou 'n groot Scout-saamtrek, uitsluitlik vir Engelse Scouts bedoel, onmiddellik na beëindiging van die eerste wêreldoorlog plaasgevind het. Die saamtrek sou twee weke duur en dit sou bestaan uit feesvierings en dankstonde. Maar Baden-Powell het later tot die gedagte gekom dat Scouts van ander lande ook uitgenooi moes word. Die organiseerder van die byeenkoms het uitnodigings aan die Scouts van 26 lande gestuur en die reaksie was ver bo verwagting. Terwyl sommige van die lande minder as twee jaar vantevore in 'n bloedige oorlog teen mekaar gewikkel was, het almal die uitnodigings aangeneem. Die organiseerder van die byeenkoms gee die volgende beskrywing van die gees wat daar geheers het tydens die byeenkoms :-

„I lived and worked and played amongst those twelve hundred Scouts of twenty-six nations, some of whom had been at death grips in the Great War less than two years previously, for a fortnight under the same roof, and I don't think much happened of which I did not know. I never heard of one single scrap amongst them. They were just as happy as sandboys together, working, playing and feeding together with a real and unmarred spirit of brotherhood uniting them the whole time. It was just wonderful, and was an eyeopener to us all. To see those hundreds of boys of many nations united together in such a happy spirit of comradeship was something never to be forgotten".(1)

Gedurende hierdie byeenkoms is Baden-Powell met algemene stemme gekies tot „Chief Scout of the World". Die Boy Scout-afdelings van die hele wêreld is

dus/..........

---

(1) Beresford Webb : Scouting Achievements, 11.

dus hier verenig onder een hoof, Robert Baden-Powell.[1] Dit was die eerste van twee baie belangrike gebeurtenisse waardeur die internasionale karakter van die Boy Scout-beweging 'n voldonge feit geword het.

In die tweede plek is 'n Internasionale Kongres gehou waaruit die Internasionale Buro gebore is. Die hoofkwartier sou in Londen wees en Hubert Martin, die organiseerder van die Jamboree van Olimpia is gekies as hoofdirekteur. Die Buro sou beheer word deur die Kongres wat voortaan elke tweede jaar sou vergader en wat saamgestel sou word uit ses afgevaardigdes uit elke land waarin daar 'n erkende Boy Scout-beweging bestaan. Die Kongres sou 'n Internasionale Komitee van nege lede benoem om toesig te hou oor die Buro en in verband met die toetreding van 'n nuwe lid of die skraping van 'n ou lid te besluit. Webb noem hierdie klousule die belangrikste een in die program van pligte en werksaamhede van die Komitee en maak melding van moeilikhede wat in verband hiermee ontstaan het.[2]

Verder noem hy vier vereistes vir internasionale erkenning :-

(i) Die organisasie moet die Scout-belofte, veral met betrekking tot die plig teenoor God en sy land, aanvaar.

(ii) Dit moet 'n vrywillige organisasie wees.

(iii) Dit moet nie-politiek van aard wees.

(iv) Dit moet nie 'n suiwer militêre organisasie wees nie.[3]

En uit die ervaring wat die Voortrekkerbeweging later gehad het, kan bygevoeg word :

(v) Daar/............

---

(1) Baden-Powell : Scouting for Boys (40th Anniversary Edition., 14.

(2) Beresford Webb : Scouting Achievements, 12 en 13.

(3) Ibid : 12, 3.

(v) Daar sal nie twee organisasies met verskillende beloftes in dieselfde land erken word nie.

Dit is ook een van die pligte van die Internasionale Buro om elke vierde jaar 'n Jamboree te organiseer. In 1937 was die Voortrekkerbeweging ook op so 'n internasionale byeenkoms in Holland verteenwoordig.(1) Tot 1947 is daar reeds ses hiervan gehou.(2) Die sewende een is bepaal vir Desember 1951.(3)

g) Samevatting van my gevolgtrekkings.

In die studie het ek dusver die behoefte aan 'n jeugbeweging soos die Boy Scouts op vier plekke aangetref : by Baden-Powell self, by die entoesiastiese en by die onentoosiastiese jeug in Brittanje en by die jeug in die algemeen.

Die behoefte by Baden-Powell was die gevolg van sy aangebore liefde vir die natuur en vir sy medemens en van sy ervaringryke kinderjare. Ek het aangetoon dat dit werklik 'n behoefte was en dat die behoefte ook sterk gevoel is. Die kiem vir die geboorte van 'n magtige jeugbeweging is in Baden-Powell se kinderjare gelê.

In die tweede plek het dit duidelik geword dat daar by 'n deel van die Britse jeug 'n groot behoefte aan 'n jeugbeweging soos die Boy Scouts bestaan het en dat die behoefte ook baie sterk gevoel is. Hier was daar drie dinge wat 'n geweldige rol gespeel het : die persoonlike invloed van Baden-Powell, die gees van die tyd en die feit dat die aktiwiteite van die nuwe beweging in die smaak van die jeug geval het.

Maar/.........

(1) Bosman : „Na die Wêreld-jamboree in Holland", Artikel in „Hou Koers", Lente-uitgawe 1937, 1 - 4.

(2) Baden-Powell : Scouting for Boys, 13 - 16.

(3) „World Jamboree 1951", Kennisgewing in „The Transvaal News Letter", Desember 1950, 8.

Maar daar was in die derde plek ook 'n groot deel van die Britse jeug wat geen behoefte aan 'n jeugorganisasie gevoel het nie. En tog was die behoefte by hulle ook aanwesig omdat hulle besig was met nuttelose en soms skadelike aktiwiteite. Baden-Powell het besef dat die regte jeugbeweging die energie in meer produktiewe kanale sou kon lei, en dus in die bestaande behoefte sou kon voorsien.

In die laaste plek het ek die behoefte as 'n wêreldverskynsel aangetref. In lande waar die tydgees nie dieselfde as in Engeland was nie en wat nie 'n Baden-Powell as leier gehad het nie, het die beginsels van die Boy Scouts ook ingang gevind. Daar is dus ook nog 'n ander faktor, afgesien van die wat reeds genoem is, wat hierdie behoefte ten grondslag lê. Wat dit is, is nog onbekend.

Daar is dus drie belangrike faktore ontdek in verband met die gevoel van die jeug vir 'n jeugorganisasie : die onskatbare invloed van die leier, die uitwerking van die tydgees en die aard van die werksaamhede van die organisasie. Met hierdie drie faktore sal by die stigting van 'n jeugorganisasie seer sekerlik rekening gehou moet word.

## 2. DIE ONTSTAAN VAN DIE DUITSE JEUGBEWEGING:

### a) Die doel van hierdie paragraaf.

Die ontstaan van die Boy Scout-beweging is reeds ietwat in besonderhede behandel, sodat dit as agtergrond by die bestudering van die Voortrekkerbeweging kan dien. Voordat met die Voortrekkerbeweging self begin kan word, is dit ook nodig om 'n beknopte studie van die ontstaan van die Duitse Jeugbeweging te maak. Waar die Boy Scout-beweging lig op die Voortrekkerbeweging kan werp as gevolg van die ooreenkoms en verwantskap tussen die twee, daar kan die

Duitse/........

Duitse Jeugbeweging dieselfde doen as gevolg van die verskille daartussen. Daarom is dit my doel om in hierdie paragraaf 'n beknopte studie van die ontstaan van die Duitse Jeugbeweging in die algemeen te maak, en veral soos dit hom aanvanklik in die totstandkoming van die Wandervögel-beweging geopenbaar het. In hierdie studie sal aandag gegee moet word aan die geesteshouding van die Duitse jeug tydens die ontstaan van die genoemde beweging, die manier waarop dit tot stand gekom het, die kenmerke daarvan en die vraag of dit ontstaan het om in 'n gevoelde behoefte van die Duitse jeug te voorsien.

b) Die geesteshouding van die Duitse jeug tydens die ontstaan van die Duitse jeugbeweging.

Die Duitse Jeugbeweging was 'n geestesstroming wat teen die einde van die agtiende eeu onder die jeug van Duitsland tot openbaring gekom het. Dit was die uitingsvorm van 'n algemene ontevredenheid van die jeug, 'n „verzet der jongere generatie tegen het oudere geslacht".[1] Hierdie verset was egter nie dieselfde as die bekende verskynsel van botsing tussen die rypende jeug en die volwassenes in die tydperk van storm en drang nie. Nee, dit was heel iets anders. Dit was 'n opstand van die jeug teen die onderdrukkende gees van die tyd, 'n „reactie tegen de volwassene, die het recht op jeugd niet erkennen willen, die in starren en verstikkenden vormendienst vastzitten".[1] „It was...the struggle of young people to become the captains of their souls, the desire to determine the course of their lives instead of permitting themselves to be helplessly carried away by die prevailing current of the day."[2]

Om/..........

(1) Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 30.

(2) Dr. Fritz-Konrad Kruger : „The Spirit of the German Youth Movement" in „School and Society", 12 Oktober 1929.

Om hierdie geesteshouding van die jeug beter te verstaan, is dit nodig om die toestande in Duitsland gedurende die laaste jare van die negentiende en die eerste jare van die twintigste eeu nader te ondersoek. Wat was die grondliggende oorsake van die versethouding van die jeug? Dr. Fritz-Konrad Kruger antwoord dat die grondoorsaak van die probleme van die tyd gesoek moet word by die invoering van die masjien om arbeid te verrig.[1]

Deur die grootskaalse industrialisasie het 'n volksverskuiwing van die platteland na die stede plaasgevind. In die jaar 1800 het tagtig persent van die Duitse bevolking 'n bestaan uit landbou gemaak. Toestande het egter so verander dat daar in die jaar 1900 maar ongeveer twintig persent van die bevolking nog daarmee besig was. „There was a formidable inundation of economic activity in all quarters and a headlong rush for fortune".[2] Vanaf 1851 tot 1871 het daar 205 aandelemaatskappye in Duitsland tot stand gekom. Dit beteken ongeveer tien per jaar. Tussen 1870 en 1874 het dit vermeerder tot tweehonderd per jaar.[2] Dr. Fritz-Konrad Kruger beklemtoon ook die gejaag na rykdom en wys dan daarop dat dit 'n demoraliserende uitwerking op die lewe gehad het.[3] Vir die stede het dit gelei tot die sametrekking van die bevolking in sekere gebiede en dit het weer die oorbevolking van daardie gebiede as gevolg gehad. Hierdie toestande het die jeug in die stedelike gebiede vervreem van die natuur met sy skoonheid en rustigheid in teenstelling met die senuweeagtige gewoel in die met rook oortrekte stede waarin die jeugdige lewens moes kwyn.[3]

Deur/............

---

(1) Kruger : „The Spirit of the German Youth Movement" in „School and Society", 12 Oktober 1929.

(2) Becker : German Youth - bond or free, 43.

(3) Kruger : op. cit.

Deur die gedurig-vermeerderende spesialisasie en meganisasie van arbeid is die mens onttroon en het hy die slaaf van sy eie skepping geword. Die geestelike en liggaamlike funksies van die mens is geskei. Terwyl die hoofnadruk op die liggaamlike geval het, het die geestelike onder die geraas van fabrieksmasjienerie opgehou om te fungeer. Die gespesialiseerde handelinge van die mens het meganies geword; sy wils- en gevoelslewe het weggekwyn. So het die mens sy eie skepping verhof tot die allesbeheersende faktor in sy lewe. „As the machine conquered the world, man was forgotten. The created object did not any longer glorify its creator, but the creator made his creation his god".(1)

As gevolg van hierdie ongeoorloofde verplasing van die gesag is die harmonie van die lewe versteur. Die persoonlikheid en die individualiteit van die mens wat kragtens die skeppingsordonnansie van God die hoof van die skepping sal wees, is verwaarloos of vernietig. Filosofie en godsdiens het plek gemaak vir die toegepaste wetenskappe. Deur die nuwe waardebepalinge het meganiese prestasies die einddoel van die lewe geword. As gevolg van die vasgestelde werktye van elke lid van die gesin en die dikwelse verskuiwing van die arbeid na die nag, is die gesinslewe ontwrig. Hierdie noodlottige ontwrigting het gelei tot die nog meer noodlottige ondermyning en vernietiging van die ouerlike gesag. Die spanning in die huislike kring het toegeneem.(2) Die harmoniese eenheid tussen ouer en kind het opgehou om te bestaan. Selfs die gemeenskap en die lewe in die gemeenskap is hierdeur uit verband geruk. Die mens is kragtens sy sosiale aard 'n

lid/...........

---

(1) Kruger : „The Spirit of the German Youth Movement" in „School and Society", 12 Oktober 1929.

(2) Becker : German Youth - bond or free, 44 - 45.

lid van 'n lewende gemeenskap maar nou moes hy in 'n onnatuurlike en kunsmatige ekonomiese maatskappy wat in sy wese nie-sosiaal is, lewe.[1]

'n Ander kenmerk van hierdie tyd is sy valsheid, sy oppervlakkigheid sonder erkenning van innerlike waardes. Volgens die nuwe norme het geestelike waardes nie bestaan nie en is die sukses van dinge beoordeel volgens die vernis van uiterlike skyn. 'n Skreiende leegheid waarvan die mens blykbaar onbewus was, het sy lewe gekenmerk. „All this resulted in unrest, nervousness, superficiality, the worship of success as measured by external achievements, the coinage of bombastic phrases without meaning, specialization without synthesis, and emptiness and hollowness of inner-life, unnoticed by the thoughtless mass and indignantly denied by the half-educated Babbitts because they were deceived by the glittering cover. The so-called culture of the time was a sham, a lie; and at the bottom of their hearts men were untruthful to themselves, liars."[2]

Hierdie lewenshouding is weerspieël in die onderwysmetodes van die tyd.[3] Intellektualisme het botoon gevier. Stof en metode is van mekaar geskei. Feitekennis het die belangrikste plek in die skoolleerplan ingeneem; die selfuitdrukkingsvermoë van die kind is heeltemal verwaarloos. Tussen leerling en onderwyser het 'n wanverhouding bestaan. Die onderwyser het die kind nie verstaan nie; die kind het die onderwyser gewantrou en gehaat. Vir die onderwyser was dit die belangrikste strewe om feite en nogmaals feite in die kind in te pomp met totale verontagsaming van die kinderpersoonlikheid.

Vir/...........

---

(1) Vergelyk ook Steyn : Jeugbeweging, 33 v.v.

(2) Dr. Fritz-Konrad Kruger :„The Spirit of the German Youth Movement" in „School of Society", 12 Oktober 1929.

(3) Becker : German Youth-bond or free, 49.

Vir die idealisme van die jeug was daar g'n plek of tyd nie; die kind moes neem wat aan hom gegee word en daarvoor moes hy dankbaar wees.[1]

„The Old German school was dull gray. My own experience with schools in Germany began just twenty years ago. My impression of the drabness of the old elementary school was not gained from reading books about it, or from hearsay, or from war propaganda, but it came from innumerable hours spent in the classrooms and with the teachers. These lines are written after many years - years of worldwide change - and still the grayness of the old school remains impressed on my memory"[1]. Dit was die indrukke van 'n persoon wat gedurende die vyf jaar tussen 1908 en 1913 skole in Duitsland besoek het. En dan vervolg hy : „the formal, serious autocrat of a teacher seemed profoundly conscious of his responsibility.... German teachers and children were all in a groove moving relentlessly forward toward a fate to which they had been born".[2]

Hierdie uiterlike skyn en innerlike leegheid, hierdie oppervlakkigheid en valsheid, hierdie intellektualisme en materialisme is deur die ouere geslag beskou as die enigste kenmerke van 'n eerbare en 'n waardige lewenshouding. Alles wat hierteen wou indruis, sondig tot die dood. Die jeug moes die lewensvorme uit die verlede uit die hande van die ouere geslag met dankbaarheid en sondor teenstribbeling aanvaar en wee die jongeling wat weier om dit te doen.[2] Dit was die toestande in Duitsland toe die Duitse Jeugbeweging as 'n verset teen hierdie/......

---

(1) Alexander en Parker : The new Education in the German Republic ,4 v.v.

(2) Becker : German Youth - bond or free, 49.

hierdie sosiale instellinge tot stand gekom het.

Waarom kom die jeug in opstand teen hierdie lewensvorme en waarom openbaar hierdie verskynsel hom nou eers; waarom het die ouere geslagte wat daarmee opgegroei het, nie daarteen in verset gekom nie? Waarom vind ons die eerste uitinge van hierdie nuwe geesteshouding juis in Duitsland terwyl daar ook ander lande was waar soortgelyke toestande geheers het? Al hierdie vrae en nog veel meer ontstaan in die verband. Dis egter nie my doel om in hierdie beknopte studie 'n antwoord op elk van die genoemde vrae te vind nie. Daar is net twee feite waarop ek die aandag wil vestig.

In die eerste plek het die onbuigsame lewensvorme ingedruis teen die aard van die kindersiel. Daar het 'n ondraaglike spanning tussen ideaal en werklikheid by die jeug ontstaan. Hierdie spanning was die gevolg van die aard van die kindersiel, wat in die volgende hoofstuk behandel sal word. „De geest van de tyd...is in lynrechte tegenspraak gekomen met het beste, wat in de jeugd naar uiting en ontplooiing streeft, met haar idealisme, haar gemeenschapszin, haar verbeelding en haar intuïtie".(1) Die bestaande toestande het stremmend en vernietigend op die jeug ingewerk. Die jeug het dit op alle terreine ondervind.

Die tweede gedagte wat ek hier wil benadruk is dat die jeug hierteen in verset gekom het. Dit was 'n reaksie teen die „mechaniseering van het geheele leven, tegen de school, die zuiver intellectualistisch als zy is, geen rekening wil houden met het gevoelsleven van de jeugd en deze in een keurslyf van dwingende maatregelen perst, dat alle jeugdig enthousiasme en spontaneïteit in de kiem verstikt. De jeugd voelt zich niet

voldaan/......

(1) Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 35.

voldaan met wat de volwassenen als hoogste levenswysheid beschouwen, los wil ze van het oude, dat voos en zonder innerlike waarde is, los van het ontspanningzoeken in uiterlykheden, die toch maar een onvoldaan gevoel in de ziel achterlaten. Daarom wil ze self haar leven in de hand nemen, zelf er de verantwoordelykheid voor dragen en niet langer onder leiding staan van de volwassenen, die een 'cultuur' hebben, die de jeugd niet meer erkennen kan en ook niet meer langer erkennen wil. Zelfstandig wil zy haar weg gaan, al moet dat ook zyn in moeitevol zoeken en zwaren arbeid".(1)

c) Die ontstaan van die Wandervögelbeweging in Duitsland.

Die Wandervögelbeweging het ongeveer in 1896 in Steglitz, een van die voorstede van Berlyn, ontstaan. Brossmer beskrywe die diepgewortelde gewoontes en lewensvorme van die inwoners van hierdie dorp en vervolg dan : „One must have lived among these people as a nature-hungry child of the sunny South in order to understand how one can fight in vain against their deeply rooted ideas and habits".(2)

Die gevestigde gewoontes van die inwoners van Steglitz is egter wreed versteur deur die inmenging van 'n universiteitstudent, met 'n buitegewone persoonlikheid en 'n wonderlike leierstalent.(3) Saam met 'n klein groepie leerlinge uit die plaaslike hoërskool het hy die wette van die samelewing begin oortree. Hulle het die middernagtelike stilte verbreek, die tradisionele kleredrag van jeugdiges verwang deur kort broeke - 'n afkeurenswaardige daad - en die stad verlaat nog voordat

die/..........

---

(1) Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 30.

(2) Alexander en Parker : New Education in the German Republic, 16.

(3) Becker : German Youth - bond or free, 54 - 55.

die eerste strale van die komende son die oostelike horison verlig het. In die uitgestrekte woude, by 'n eensame kasteel, langs stromende waters.....daar het hulle dikwels in die stilte van die natuur, weg van ouerhuis of skoollokaal vergader. En dikwels het hulle op 'n Sondagmôre, nadat die erediens in die kerk reeds aan die gang was, in Steglitz teruggekeer.[1]

Dit kan verstaan word dat die verontwaardiging van die ouere geslag by die aanskouing hiervan groot was. Die verontagsaming van alles wat eerbaar en fatsoenlik was, het die gemoedere met verbittering teenoor die leier van die beweging vervul. „To realize the magnitude of the break these boys made with local custom...one has only to contrast their appearance with the picture of respectability which a certain type of German family presents when they go out for a Sunday afternoon walk. Every shoe is polished to the same brilliance as the fathers silk hat. Every garment is immaculate and faultlessly pressed. Every countenance decorously reflects proper thoughts and orderly behaviour. To such people deviation from the usual path is alarming and culpable".[1]

Vir vier jaar lank het die seunsbendes onder aanvoering van Karl Fischer die minagting van die publiek en die ontevredenheid van hul ouers verduur. Daar was egter nog geen gevaar wat die voortbestaan van die bendes wat onder die naam „Wandervögel" bekend was, bedreig het nie. Maar toe het sake verander. Van die waardige inwoners van Steglitz het 'n bedreiging in die vrysinnigheid van hierdie seuns begin sien. Die Pruisiese wet teen onafhanklike jeugorganisasies sou gebruik word om 'n einde aan die Wandervögelbeweging te maak. Maar

toe/.........

---

(1) Alexander en Parker : New Education in the German Republic , 16.

toe was dit weer Karl Fischer wat deur sy onvermoeide ywer vir die ideale van sy beweging daarin geslaag het om die wet te ontduik. 'n Aantal volwassenes, onderwysers, ouers en voogde, is beweeg om hulle self as lede van die genoemde organisasie te verklaar terwyl leerlinge verbied is om daarby aan te sluit. Teoreties is die wet dus eerbiedig maar in die praktyk het die jeugdige bendes aangegroei. Uitwendig was hulle wel nie georganiseer nie maar inwendig was hulle verenig deur gemeenskaplike ideale en doelstellinge.(1)

Die gebeurtenisse in Steglitz het heilsame gevolge vir die beweging gehad. Dit het publisiteit daaraan verleen en spoedig het Wandervögelbendes orals in Duitsland bestaan, bendes wat die bosse en die berge van Duitsland betree het en wat dikwels op hul omswerwinge selfs buite die grense van hul vaderland in lande soos Holland, Denemarke, Switserland en Oostenryk, gevind is.(1) „Soon Karl Fischer's movement had members in every nook and corner of Germany, tramping through the woods with their guitars twanging, singing peasant songs, wearing loose, simple costumes, and sending a fresh breath of naturalism through the stuffy middle-class manners of the day." (2)

Daar was 'n paar belangrike kenmerke van die Wandervögelbeweging waardeur dit hom van ander bestaande jeugorganisasies onderskei het en waaraan ek hier aandag sal moet gee. Maar ek doen dit in 'n aparte paragraaf.

d) <u>Die kenmerke van die Wandervögelbeweging</u>.

Die Wandervögelbeweging het van die jeug uitgegaan. Waar ander jeugorganisasies deur welmenende volwassenes in belang van die jeug in die lewe geroep is, daar/.........

---

(1) Alexander en Parker: New Education in the German Republic, 16 - 17.

(2) Becker : German Youth - bond or free, (vii)

daar het hierdie beweging ontstaan uit die neigings van die jeug self. Hier het die inisiatief van die jeug self uitgegaan en dit was dikwels, selfs op 'n oneerbiedige wyse, teen die volwassenes gerig. En omdat dit van die jeug uitgegaan het, het dit in alle opsigte beantwoord aan die eise van die jeug. „The spirit of adventure and romance, of courage and independence, was the law of their spontaneous organization. Their power lay in their common will and unity of interest. Their strength sprang from a positive force - their hearty affirmation of life."(1) Die grond vir die ontstaan van hierdie beweging moet dus in „the right of youth to live its own life in accordance with its own standards" gesoek word.(2)

In die tweede plek het hierdie beweging standpunt ingeneem ten opsigte van die belangrike vraagstukke van die tyd. Byna sonder uitsondering was hulle teen die gebruik van alkoholiese drank gekant. Verskeie afdelings was net so teen rook gekant. Ander afdelings weer het die ouer lede van die beweging toegelaat om te rook terwyl die jonger lede verbied was om dit te doen. 'n Belangrike vraagstuk het ontstaan toe daar ook jeugdiges van die teenoorgestelde geslag by die beweging aangesluit het. Terwyl sommige afdelings dit afgekeur het dat seuns en dogters saam lang staptoere sou onderneem, het ander afdelings dit goedgekeur op voorwaarde dat daar 'n baie verantwoordelike persoon as leier van die geselskap sou optree.(1) 'n Nog ernstiger vraagstuk het ontstaan toe dit geblyk het dat daar

klasseverskille/......

---

(1) Alexander en Parker : New Education in the German Republic, 16 - 17.

(2) Becker : German Youth - bond of free, 57.

klasseverskille ook onder die geledere van die Wandervögelbeweging was en dat die gevaar bestaan het dat lede afkomstig uit die hoëre klasse van die samelewing die doelstellinge en die aktiwiteite van die beweging sou domineer. Hierdie beswaar is egter uit die weg geruim toe die groot meerderheid van die lede die standpunt ingeneem het dat een enkele sosiale klas of stand nie toegelaat sou word om die ideale en aktiwiteite van die beweging te monopoliseer nie. Die jeug van die ganse volk sou hier verenig wees met een gemeenskaplike doel, naamlik die geluk van almal.(1)

Daar is nog 'n kenmerk van die genoemde beweging, naamlik sy verband met die eie volksverlede. Die filosofie van die Wandervögelbeweging het sy oorsprong daar vor in die antieke Duitse kultuur. „Its leaders went back to find in Teutonic tribal traits, in peasant customs, in the life of medieval burghers and in the classic period of German music, literature and philosophy, that secure foundation for a new society which would fit the needs of a modern world and yet be indigenous to the soil from which it sprang".(1) Die eienskap om getrou aan die volkseie te wees, het hom ook op 'n ander wyse geopenbaar. Die Duitse Jeugbeweging het nie net wortel in die eie volksverlede geskiet nie, maar dit het sy penne ook diep in eie vaderlandsbodem ingeslaan. Na mate die begeerte van die jeug om groter afstande af te lê en om langer staptoere te onderneem, aangegroei het, het die behoefte aan herberge waar veilige skuiling vir die nag gevind kon word, ook groter geword. Hutte of kampe is op grond wat vir hierdie doel aangekoop of gehuur is, tot stand gebring. Hierby is altyd rekening gehou met

die/.......

---

(1) Alexander en Parker : New Education in the German Republic, 19. v.v.

die natuurskoon en die geskiedkundige waarde van die plekke wat aangekoop of gehuur is. Die inwendige versiering van die herberge het getuig van eenvoud, netheid en natuurlikheid. Net wanneer 'n vakansie of 'n naweek dit toegelaat het, het die lede van die Wandervögelbeweging dan die dorpe verlaat om die bosse en die vlaktes, die berge en die dale van hul vaderland te betree. Onder die sing van volksange en vaderlandsliedere het hulle met hul staptoere voortgegaan, om hul kampvure of by hul herberge vergader. Dikwels is volksdanse by die vergaderplek uitgevoer.(1)

Daar is egter ook 'n skadusy waarop gewys moet word. Die houding wat die beweging ten opsigte van die volwassenes ingeneem het, moet afgekeur word. Maar dit is nie al nie. Die jeugdige Duitse skrywer, Hans Blüher, beweer in sy geskiedenis van die Wandervögel wat in 1920 verskyn het, dat die homoseksuele 'n belangrike rol in die totstandkoming van die beweging gespeel het. Dr. Knoppers ontken dat die beweging daaruit gebore is maar hy wys daarop dat homoseksuele verkeer volgens Spranger en andere wel in die beweging sou plaasgevind het.(2) Becker beklemtoon ook hierdie abnormale verskynsel in die genoemde beweging.(3)

Die eenheid in die beweging het ook nie bly voortbestaan nie. Botsing tussen Karl Fischer en sy vriend Siegfried Copalle het gelei(4) tot skeuring in die beweging.(5) Dit het gelei tot splitsing in verskillende

rigtinge/......

---

(1) Alexander en Parker : New Education in the German Replublic, 19. v.v.

(2) Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 152.

(3) Becker : German Youth - bond or free, 64 - 65.

(4) Die botsing kan ook die gevolg van die skeuring gewees het.

(5) Becker : op. cit., 61 - 63.

rigtinge. Daar het ook verskillende nuwe bewegings ontstaan, onafhanklik van mekaar maar tog verenig in die grondgedagte. In Oktober 1913 is die verskillende rigtinge verenig onder die gemeenskaplike naam: „freideutsche Jugend."[1]

e) Die vraag in verband met die behoefte.

Die toestande wat aan die begin van hierdie paragraaf geskilder is, het dodelik ingewerk op die sielelewe van die kind en van die jeug. Dit het getrag om die harmonie wat deur God daar gestel is, te versteur, om die gesag wat deur God aan die mens en veral aan die ouer toevertrou is, te vernietig. Hierdeur is die lewe in sy wese, soos dit deur God geskape is, aangerand. Gevolglik het daar 'n groot behoefte ontstaan aan iets wat die lewe weer in sy volle harmonie kon herstel. Dat die jeugbeweging in Duitsland dus ontstaan het as gevolg van 'n werklike behoefte van die jeug om erken te word as lewende wesens met 'n eie plek in die samelewing, is bo enige twyfel verhef. „Om de jeugd uit haar gevangenis te voeren, haar de mogêlykheid te geven haar eigen leven te leven, haar behoefte aan romantiek te voldoen en langs dezen weg zich geestelik en psychisch van het heele systeem te bevryden, dat drukkend op haar rustte, trekken zy er op uit om in de bosschen en bergstreken van hun vaderland tot zichzelf te komen."[2]

Die behoefte is so sterk gevoel dat dit tot 'n aktiewe verset teen die volwassenes gelei het.[3] Hierdeur het die Wandervögelbeweging tot stand gekom. Nou ontstaan seker die belangrikste vraag in hierdie verband : Het die stigting van die genoemde beweging toe

in/........

---

(1)Knoopers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 24.

(2)Ibid : 31

(3)Ibid : 30

in die behoefte, voorsien?

Hierop moet tot 'n groot mate bevestigend geantwoord word. Waar die harmonie tussen mens en natuur versteur is, daar het die jeug getrag om dit te herstel. Waar hulle onder die gesag van die volwassenes geen uiting vir die bruisinge van 'n onstuimige gemoedslewe kon vind nie, daar kon hulle dit in die eensaamheid van die natuur doen. So het hulle 'n jeuggemeenskap met die gemeenskaplike strewe om hulle self te wees, geskep. Dat die Wandervögelbeweging die Duitse jeug bevredig het en in die gevoelde behoeftes voorsien het, word bewys deur die snelle toename van die beweging en die spontane verspreiding daarvan oor die hele Duitsland.(1)

Maar hiermee is die vraagstuk egter nog nie opgelos nie. Die harmonie tussen die jeug en die natuur is herstel, maar wat het van die harmonie tussen ouer en kind oorgebly? Die kind het in direkte verset, ja selfs geestelike opstand teen sy ouers gekom. Dit het die ouerwil verontagsaam, die gesag van sy vader geminag. En hoewel toestande later tot 'n mate verbeter het, en die samewerking van die volwassenes toe deur die jeug gesoek is, kan voorbeelde tog genoem word waar selfs ten tye van die Hitlerjeug, die jeug 'n aanmatigende houding ingeneem het en vir hulle self meer gesag toegeëien het as wat veroorloof was. Gesaghebbende persone wat Duitsland kort voor die Tweede Wêreldoorlog deurreis het, stem saam dat die ouers in Duitsland 'n pynlike magteloosheid ten opsigte van hul eie kinders geopenbaar het. Die ouerlike gesag is tot 'n groot mate verskuif na die Jeugbeweging. Die verbrokkeling van die gesin is nie opgelos nie.

Ook/.........

---

(1) Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 24.
Becker : German Youth - bond or free, (vii), 75.

Ook is die verbrokkeling van die gemeenskap hierdeur vererger. Dit moet wel toegegee word dat daar 'n jeuggemeenskap geskep is, wat in baie opsigte gesond was vir die natuurlike groei en ontwikkeling van die jeugdige persoonlikheid, en dat die jeug hom hierin kon uitlewe. Maar die sosiale gemeenskap bestaan nie net uit die jeug nie; net so min as wat dit uitsluitlik uit volwassenes bestaan. Die harmonie tussen die jeug en die volwassene moet ook in die gemeenskap gehandhaaf word.[1] Deur die Duitse Jeugbeweging het daar 'n jeuggemeenskap in teenstelling met die gemeenskap van die volwassenes gekom. Dit is verkeerd. Die twee mag nooit teenoor mekaar gestel word nie. Hulle vorm 'n harmoniese geheel.

Die gevolg was dat die leiding van die volwassenes ontbreek het en sonder hierdie belangrike vereiste kan ook die jeugbeweging nie sy regmatige plek as 'n middel vir die opvoeding van die jeug inneem nie. By die jeug ontbreek dit aan lewenservaring geput uit die verlede en vergesigte gerig op die toekoms. Opvoeding is nie net inwendige groei nie maar ook uitwendige leiding.[2] Die mens word in sonde gebore; die kiem van die sonde is reeds by die pasgebore kind aanwesig. Uitwendige leiding en selfs tug is dikwels onontbeerlik om die jongeling die regte weg te laat bewandel.[3] By die jeug ontbreek die diepte van insig en die rypheid van oordeel wat nodig is vir die uitoefening van tug. Ook in hierdie verband is daar dus deur die ontstaan van die Duitse Jeugbeweging 'n nuwe behoefte geskep.

Nog/.......

---

(1) Coetzee : Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 17.

(2) Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 343.
Coetzee : Op. cit., 23-26.

(3) Bavinck : Paedagogische Beginselen, 155-158.

Nog 'n groter behoefte is deur die seksuele praktyke in die beweging geskep. Dit is nog 'n bewys van wat die gevolge kan wees waar volwasse leiding ontbreek.

Die gevolgtrekking waartoe ons dus geraak, is dat daar groot behoeftes vir die jeug ontstaan het as gevolg van die sosiale instellinge van die Duitsland van die begin van die twintigste eeu. Die behoeftes is deur die jeug gevoel en die jeug het in verset gekom. Die Duitse Jeugbeweging het toe ontstaan om in die gevoelde behoeftes te voorsien en dit het dan ook werklik tot 'n baie groot mate daarin voorsien. Maar, as gevolg van die totstandkoming van die Duitse Jeugbeweging het daar ander, miskien nog groter, maar minder gevoelde behoeftes ontstaan, waarin die Duitse Jeugbeweging nie voorsien het nie en ook nie kon voorsien sonder om sy wese te verander nie. Die behoeftes was die herstel van die verbrokkelde gesinslewe, die erkenning van die ouerlike gesag, die aanvaarding van die leiding van die volwassenes en die bevordering van reinheid in gedagtes, woord en daad.

## 3. 'N HISTORIESE OORSIG VAN DIE ONTSTAAN VAN DIE VOORTREKKERBEWEGING IN SUID-AFRIKA.

### a) Die doel van hierdie paragraaf.

Dit is my doel om hier 'n beknopte histories-kritiese maar ook vergelykende oorsig van die ontstaan van die Voortrekkerbeweging te gee. Hierdeur beoog ek om vas te stel of die beweging gebore is uit die behoeftes van die Afrikaanse jeug en of dit daarin geslaag het om in die behoeftes te voorsien. Op hierdie stadium sal daar egter nog geen afdoende antwoord gegee kan word nie. By hierdie studie sal die werk wat in verband met die Boy Scout-beweging en die Duitse Jeugbeweging wat in die eerste deel van hierdie hoofstuk behandel is, as nuttige agtergrond kan dien.

In/...........

In die eerste plek wil ek nagaan in hoeverre die toestande en omstandighede wat vir die ontstaan van die twee genoemde Europese jeugbewegings verantwoordelik was, ook in Suid-Afrika tydens die ontstaan van die Voortrekkerbeweging gegeld het. Daarna wil ek oor die Eerste en die Tweede Voortrekkerbeweging en die stigting van die Voortrekkerorganisasie handel. As gevolg van hierdie oorsig wil ek dan 'n eerste antwoord op die vraagstukke in verband met die behoefte waag.

b) Die toestande in Suid-Afrika tydens die ontstaan van die Voortrekkerbeweging.

Hoe het die toestande in Suid-Afrika met die toestande in Europa tydens die ontstaan van die verskillende jeugorganisasies vergelyk? Ek wil dit kortliks nagaan.

~~Suid-Afrika en Engeland~~ was ~~vir~~ byna drie jaar lank in 'n bloedige oorlog teen mekaar gewikkel. Hoewel Engeland nie as die absolute oorwinnaar tevoorskyn getree het nie, het die Afrikaanse volk tog vir alle praktiese doeleindes die neerlaag gely. Die invloed van die militêre prestasies van 'n Baden-Powell op die gemoedere van die Britse jeug is reeds bespreek - prestasies wat in sulke tye dikwels vir propagandistiese doeleindes oordryf en uitgebuit word. Hoe dit ook al sy, die Afrikaanse jeug het die verashoopte huise met eie oë aanskou en die vernederende gevolge van 'n allesverwoestende oorlog aan eie liggaam gevoel. Dertigduisend boerewonings is afgebrand en die skade het ongeveer £70,000,000 bedra. „Die verlies aan kosbare mensemateriaal was vir die klein Boerenasie geweldig; sowat 7,000 burgers het op die slagveld gesneuwel, en 26,000 vroue en kinders het in die konsentrasiekampe gesterf.

Die/.........

Die boere is op hulle knieë gebring vanweë armoede, ellende en ontbering." (1) Daar was wel 'n Christiaan de Wet wat deur die Boerejeug bewonder is en wat die militêre prestasies van 'n Baden-Powell miskien ver oortref het, maar die Afrikaanse volk en die Afrikaanse jeug was lam geslaan. Die volk moes eers hulle huise opbou en die smarte van die oorlog vergeet en dit sou jare neem voordat daar maar net 'n gedagte aan 'n jeugorganisasie sou kon ontstaan. Onder hierdie omstandighede is daar geen behoefte aan 'n jeugorganisasie gevoel nie; deur die jeug is daar nie eers aan gedink nie. Die persoonlike faktor van 'n leier het ontbreek; die neerdrukkende gees van die tyd was daarteen gerig. Hoe anders sou die toestand nie miskien gewees het as die Boere die oorwinning behaal het en as 'n Christiaan de Wet hom met jeugwerk in Suid-Afrika bemoei het nie. Dan sou ons 'n toestand hier in Suid-Afrika gehad het wat in sekere belangrike opsigte met die tydens die ontstaan van die Boy Scout-beweging in Engeland ooreengekom het.

Wat die gesinslewe betref, vind ons dat die kern daarvan - en hier bedoel ek die Afrikaanse gesinslewe van 'n veertig of vyftig jaar gelede - in die Woord van God gevind kon word. Die huis was die gemeenskapsentrum, die huisgesin die klein afgeronde gemeenskap en die bybel die bindende faktor. Daar was harmonie omdat die Woord van God die rigsnoer van die lewe was. Nêrens is 'n sterker eenheid gevoel as waar die huisgesin om die huisaltaar vergader was nie. „Die vader het alles bestier, gewoonlik selfs die boerdery van sy getroude kinders. In hom was beliggaam alles wat edel en skoon was: die godsdiens, opregtheid, vryheidsliefde, sedelikheid, dapperheid en gasvryheid van sy volk. Die meeste vaders/......

(1) Kommissie van Ondersoek oor Stadstoestande : Kerk en Stad, 13.

vaders het hierdie hoë gesag met waardigheid beklee, al was hul houding streng, gebiedend, soms selfs ongenaakbaar".[1] Hierdie toestand wat uit die eerste jare van ons volksbestaan dateer, het vir baie jare voortgeduur. Die kind het die ouerlike gesag erken en al sou die nodige vrymoedigheid van kind teenoor ouer dikwels ontbreek het en plek gemaak het vir vrees, tog het die kind die ouerlike gesag aanvaar omdat die uitwendige invloede wat die kind in Duitsland tot versot teen sy ouers beweeg het en dus die kind van sy ouers vervreem het, nie hier in Suid-Afrika bestaan het nie. Ook in hierdie verband was daar geen aanleiding vir die totstandkoming van 'n jeugorganisasie nie.

Daar was nog 'n derde faktor wat vir die ontstaan van die Europese jeugbewegings verantwoordelik was en wat hier in ons land onbekend was, naamlik die verlange na die natuur. By Baden-Powell was dit 'n vurige begeerte om sy medemens in aanraking met die natuur te bring. Toe hy na sy terugkeer in Engeland opgemerk het dat die jeug van sy volk in die groot stede van hierdie voorreg verstoke was, het hy planne beraam om die jeug deur middel van die jeugbeweging in aanraking met die natuur te bring.[2] In Duitsland het die jeug weggevlug van die valse en onnatuurlike gemeenskap van die volwassenes en die ongekunsteldheid van die natuur opgesoek.[3] Die verlange na die natuur het dus 'n groot rol gespeel by die totstandkoming van jeugbewegings.

Hier/.........

---

(1) Kommissie van Ondersoek oor Stadstoestande : Kerk en Stad, 5.

(2) Maynard : Be Prepared, 18.

(3) Steyn : Jeugbeweging, 36.

Hier in Suid-Afrika het hierdie verlange egter nie bestaan nie. Die Afrikaner het op die platteland gewoon; groot stede was byna onbekend. Die kind het in die intiemste gemeenskap met die natuur opgegroei. Gevolglik was daar geen behoefte aan 'n beweging of organisasie om die harmonie tussen die jeug en die natuur te herstel nie. Dit het bestaan.

Die belangrikste faktore wat in Europa gelei het tot die stigting van die twee wêreldberoemde jeugorganisasies van die twintigste eeu, die Boy Scouts en die Duitse Jeugbeweging het dus in Suid-Afrika nie bestaan nie. Hieruit alleen kan egter nie afgelei word dat die behoefte aan 'n beweging vir die Afrikaanse jeug hoegenaamd nie bestaan het nie. Die verdere studie mag miskien ander faktore aan die lig bring, waaruit afgelei kan word dat die Afrikaanse jeug ook 'n behoefte aan 'n jeugorganisasie gevoel het. Uit wat hier bo gesê is, lyk dit egter onwaarskynlik, en as daar nie ander faktore gevind word nie, sal ons nou reeds kan verwag dat die Afrikaanse jeug 'n traagheid ten opsigte van jeugbewegings gaan openbaar, wat belemmerend gaan inwerk op die gesonde groei van elke jeugorganisasie hier in ons land.

c) <u>Die ontstaan van die eerste Voortrekkerbeweging in Suid-Afrika</u>.

Die gedagte aan 'n eie Afrikaanse jeugbeweging kan teruggevoer word tot die jaar 1913, toe dr. C.F. Visser, die huidige hoofleier van die Voortrekkers, na voltooiing van sy studies uit Europa teruggekeer het. Gedurende sy studiejare in die buiteland, het hy in aanraking gekom met verskillende Europese jeugorganisasies en dit het hom getref dat die jeug dikwels 'n erenaam uit die geskiedenis vir hulle organisasies kies en dat hulle

dan/........

dan probeer om deur hulle handel en wandel daardie naam in ere te hou. Na sy terugkeer na sy eie vaderland, het hy die gemis aan so 'n eie Afrikaanse jeugbeweging gevoel en begin dink aan 'n organisasie waarin die Afrikaanse jeug tuis sou wees. Dr. Visser het met verskeie onderwysmanne en opvoedkundiges oor sy ideale in hierdie verband gesels, maar veel meer as dit is gedurende die eerste vyf of ses jaar nie gedoen nie.[1]

Terloops moet daarop gewys word dat daar gedurende hierdie tyd reeds 'n betreklike sterk Boy Scout-beweging in Suid-Afrika bestaan het. Hierdie beweging is egter in sy geheel oorgeneem sonder enige poging om dit by plaaslike omstandighede te laat aanpas of om dit aan nasionale en kulturele vereistes van die Afrikanerdom te laat voldoen. Die gevolge was dat dit nie in die behoeftes van die Afrikaanssprekende jeug kon voorsien nie. Die Afrikaanse jeug was dus werklik van die voorreg om aan 'n eie jeugbeweging te behoort, verstoke.[2]

Terwyl dr. Visser die moontlikheid van die stigting van so 'n jeugbeweging vir die Afrikaanse jeug bepeins en met andere bespreek het, het die Oranje Vroueverreniging ( die O.V.V.) ook in die saak begin belangstel. Op 25 September 1918 sou daar 'n beskrywingspunt in hierdie verband voor die kongres van die O.V.V. gelê gewees het. Dit het gelui : „Dat de O.V.V. die dringende noodzakelikheid inziet om 'n vereniging van kinderen op te richten om de liefde voor taal, land en volk op te wekken".[2] As gevolg van die griepepidemie van daardie jaar/....

---

(1) Visser : „Uit die eerste jare" in „Hou Koers", Winter-Uitgawe, 1939.
(2) Heese : Die Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 8.

jaar is die kongres egter nie gehou nie. In November 1919 is die volgende kongres gehou en die saak is te berde gebring. Op hierdie vergadering is die stigting van 'n O.V.V.-kindervereniging deur die kongres goedgekeur en is die saak verder na die hoofbestuur verwys.(1)

Dr. Visser het onmiddellik met die hoofbestuur in verbinding getree en aan hulle verduidelik watter ideale hy reeds jare lank koester. Dit is nie baie duidelik of hy toe 'n definitiewe opdrag van die hoofbestuur ontvang het nie, maar ons weet dat hy daarna baie tyd en arbeid aan hierdie saak gewy het en dat hy in Mei 1920 verslag voor die hoofbestuur van die O.V.V. gedoen het. Uit hierdie verslag blyk dat dr. Visser in samewerking met verskillende belangstellende persone in Bloemfontein die reëls vir die „Voortrekkerbeweging" opgestel het en dat 'n kommissie nog besig was om die uniforms van die Voortrekkers te ontwerp. Na bespreking van die reëls is 'n bedrag van £5 aan dr. Visser toegestaan vir die onkostes in verband met die druk en die verspreiding van die reëls.(2)

Dr. Visser se plan het byval gevind. Orals is daarop gereageer. In Stellenbosch het prof. J.F.W. Grosskopf 'n lesing gehou om die Voortrekkerbeweging te propageer en in tydskrifte en nuusblaaie is pleidooie daarvoor gelewer. Die gevolg van hierdie propagandaveldtog was dat daar op 11 Desember 1920 in die Gedenksaal in Bloemfontein dan ook werklik die eerste Voortrekkerkonferensie gehou is. Hoewel die oproep tot alle leiers van Voortrekkertakke en tot alle persone wat

nog/..........

---

(1) Heese : Die Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 7 - 9.

(2) Ibid : 10.

nog van plan was om Voortrekkertakke te stig, gerig was, het daar net twaalf konferensiegangers opgedaag. Die konferensie is gehou en was tog van belang aangesien dit die eerste van sy soort in die geskiedenis van die Afrikaanse volk was.[1]

Daar was 'n groot aantal besprekingspunte op die agenda. Ek gee dit hier kortliks in die volgorde waarin dit op die agenda verskyn het : die doel, middele, leuse, vlag en amptelike orgaan van die beweging; die Voortrekkeruniform, algemene organisasie, lidmaatskap, range, die belofte, onderskeidingstekens, die groet, die saluut en die moraal van die Voortrekker, wat ons vandag die Voortrekkerwet noem; erelidmaatskap, die Bondsraad en die administrasie. By die oproep tot die konferensie was die volgende ingesluit : die agenda wat veel vollediger opgestel was as wat hier bo aangegee is, die toeligting van die agenda en 'n aparte blaadjie, „Voortrekkers" genoem, wat gehandel het oor die doel, die lidmaatskap, ens. Al hierdie dinge was voorlopig en tentatief opgestel, hangende die goedkeuring van die konferensie.[2]

Ongelukkig is daar vandag geen notule van hierdie vergadering beskikbaar nie. Ook kon dr. J. de V. Heese nie 'n verslag van die werksaamhede of besluite van die konferensie in die koerante van daardie tyd vind nie. Gevolglik is dit onmoontlik om vas te stel tot watter besluite die konferensie geraak het. Dis egter duidelik dat daar vordering gemaak is want kort daarna is daar 'n paar nuwe takke gestig, waarvan die van die Voorbereidende Tegniese skool in Bloemfontein die eerste was.

In/.........

---

(1) Heese : Die Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 10.

(2) Ibid : 11.

In 1922 is daar ook 'n sterk tak in Brandfort gestig.[1]

As die pogings van hierdie voorlopers van die Voortrekkerbeweging met aandag bestudeer word, dan is daar twee dinge waardeur 'n mens getref word : die noukeurige, tot in besonderhede uitgewerkte raamwerk van die organisasie waarin die Voortrekkers van die toekoms hulle plekke kan kom inneem en dan die pynlike afwesigheid van die Voortrekkers self. Van die florerende seunstak te Brandfort skrywe dr. Heese : „Maar later het ook hierdie tak doodgeloop, net soos die seunstak te Bloemfontein. Dit het geskyn of die Voortrekkerbeweging maar nie wou beweeg nie".[2] In hierdie jare was dit die droewige refrein wat telkemale maar weer gehoor is : „Dit wil nie".

d) <u>Die voortsetting van die eerste Voortrekkerbeweging.</u>

Terwyl die Vrystaters besig was om alle pogings in die werk te stel om tog maar die vuurtjie brandende te hou, is daar ook in ou Kaapland met die Voortrekkerbeweging 'n begin gemaak. Dr. J. de V. Heese gee 'n verslag van die wyse waarop dit daar ingevoer is. Dit kom hierop neer. Met een jaar se onderwysondervinding agter die rug en getref deur die doellose en soms skadelike wyse waarop baie van sy skoolseuns hulle vry tyd smiddags deurgebring het, het hy tot die oortuiging gekom dat iets vir hulle gedoen moes word. So het hy in die gewoonte geraak om die seuns uit te neem na die veld waar hulle baie middae nuttig en aangenaam deurgebring het. Hy het met prof. Ben Taute, destydse hoof van die Opleidingskollege te Graaff-Reinet,

hieroor/.......

---

(1) Heese : Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 15.

(2) Heese : Ons Hou Koers, 8.

hieroor gesels en prof. Taute het hom aangeraai om met dr. Visser in verbinding te tree oor die nuwe beweging wat „Voortrekkers" genoem word. Die gevolg van hierdie gesprek was dat daar spoedig twee sterk Voortrekker-afdelings in Graaff-Reinet tot stand gekom het, die een vir seuns en die ander een vir meisies.(1)

Dr. Heese skilder die toestande in daardie eerste Voortrekkerorganisasies van Kaapland baie rooskleurig. Hulle het die heelhartige steun van die skoolkommissie en die skoolraad gehad. Vooraanstaande onderwysmanne het nie alleen belang gestel nie maar in hulle het die Voortrekkers magtige steunpilare gevind. In hierdie verband noem dr. Heese die name van manne soos drs. J.R. en J. de Vos Malan, albei destyds pas terug uit Amerika, prof. Taute wie se naam hier bo reeds genoem is en veral dr. G.W. Eybers, destydse hoof van die Middelbare Skool te Graaff-Reinet wie se rotsvaste beslistheid deur al die jare veel vir die Voortrekkerbeweging beteken het.

Dit was deur die invloed van dr. Eybers, wat destyd voorsitter van die hoofbestuur van die Suid-Afrikaanse onderwysersunie was, dat die Voortrekkerbeweging op die jaarlikse vergadering van die kongres van die genoemde Onderwysersunie ter sprake gekom het. Dr. Heese het die saak ingelei en dit sterk bepleit. Die gevolg was dat daar 'n kommissie benoem is onder voorsitterskap van dr. J.R. Malan wat ondersoek sou instel na die aanbevelenswaardigheid van die Voortrekkerbeweging. Dr. Heese was lid van hierdie kommissie. Toe die saak in Desember 1924 weer voor die jaarkongres van die S.A.O.U. gelê is, het die Malankommissie die Voortrekkerbeweging aanbeveel as 'n goeie beweging met veel opvoedkundige/.........

---

(1) Heese : Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 16.

opvoedkundige waarde.[1]

Die aanbeveling van die genoemde kommissie het daartoe gelei dat 'n ander kommissie, onder voorsitterskap van dr. Georg Eybers, benoem is om 'n konstitusie vir die beweging op te stel. Die Eyberskommissie het die opdrag in 'n baie ernstige lig beskou en 'n grondige studie van die saak gemaak. Die verskillende konstitusies wat reeds bestaan het, is deur hulle goed bestudeer en 'n verslag is sorgvuldig opgestel. Tyd en ruimte laat my nie toe om die verslag hier te behandel nie. Daar is egter een punt in die verslag wat ek wil noem, omdat ek later weer hierop wil terugkom. Dit staan in verband met die doelstelling wat deur die Eyberskommissie aanvaar is. Dit lui in die verslag as volg : „Die doel van die organisasie sal wees om die opvoedkundige werk van die skool aan te vul deur te probeer kinders liggaamlik gesond te hou, deur vaderlandsliefde en offervaardigheid aan te kweek, deur vriendskaplike omgang tussen leerling en onderwyser te bevorder, deur buiteskoollewe so aangenaam en sò nuttig deur te bring as moontlik en deur alle leerlinge toe te rus vir die vervulling van noodsaaklike burgerpligte en in die geval van seuns binne die ouderdom deur die wet vasgestel, die nodige skiet- en driloefeninge te besorg".[1]

In verband met die Eybersverslag skrywe dr. Heese : „Die hele verslag is dus 'n deeglike stuk werk. Waarom het dit dan nie onmiddellik vrugte afgewerp nie?[2]" En dit is die vraag wat in hierdie studie gedurig by ons opkom : Waarom was die hele onderneming

nie/...........

---

(1) Heese : Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 25.

(2) Ibid : 27.

nie 'n groter sukses nie? 'n Persoon soos dr. J. de V. Heese, wat so intiem met die eerste Voortrekkers besig was, het dan ook telkens probeer om 'n verklaring te gee vir die gebrek aan groeikrag wat die beweging destyds geopenbaar het. Ek haal dr. Heese se woorde aan: „Die grootste gebrek van die hele plan, tewens die grootste gebrek van alle planne van die eerste beweging was dat dit net voorsiening maak vir 'n enkele plaaslike organisasie (en in die opsig is dit 'n mooi stuk werk) en nie vir 'n groot organisasie met takke dwarsdeur die land nie". Later vervolg hy : „Op ander plekke in Kaapstad is ook met Voortrekkers begin.... Maar van 'n groot georganiseerde beweging was daar geen sprake nie en toe ek in 1927 na Bloemfontein verhuis het, was daar nog net hier en daar geïsoleerde groepies Voortrekkers.... Van die kant van die publiek was daar slegs min ondersteuning". En in dr. Heese se laaste paragraaf vind ons hierdie woorde : „Ons het dus grootse planne gehad. Baie skoolwerk, eksamens, siekte en operasie, hoofsekretarisskap van die Vrystaatse kunswedstryd, gebrek aan ondersteuning en so meer, het gemaak dat ons nie baie van daardie planne kon uitvoer nie".(1)

e) <u>Die ontstaan van die tweede Voortrekkerbeweging.</u>

Die eerste worstelinge om 'n jeugbeweging vir die Afrikaanse kind tot stand te bring, is in die Vrystaat en Kaapland afgespeel. Die Transvaal het daar geen deel in gehad nie. Maar in die jaar 1929 het ook die Transvaal hom met hierdie saak begin bemoei. Dit was die begin van die tweede beweging.

Gedurende/.......

---

(1) Heese : Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 28 - 30.

Gedurende 1928 en 1929 het die Scoutraad besliste pogings begin aanwend om die Boy Scout-beweging meer aantreklik vir die Afrikaanse seun te maak en om ook die Afrikaanse jeug tot sy geledere te betrek. In hierdie pogings het hulle 'n sterk ondersteuner gevind in die persoon van 'n sekere B. H. Havenga, 'n onderwyser wat op die nedersettings naby Brits baie bedrywig was met die vertaling van Scout-lektuur in Afrikaans en met die propagering van die Scout-beweging onder die Afrikaanse jeug. Volgens sy eie gegewens het hy toe reeds daarin geslaag om 700 seuns te beweeg om tot die geledere van die Scouts toe te tree.(1)

Terwyl hierdie dinge aan die gang was, het 'n Afrikaanse vereniging wat destyds in Pretoria bestaan het en wat „Bond Suid-Afrika" genoem is, waarskynlik onder die indrukke van die suksesse van Havenga gekom. Die vereniging het in die padvindery vir die Afrikaanse jeug begin belangstel. Op 'n vergadering is 'n voorstel ten gunste daarvan aangeneem en aan kapt. F. Truter en dr. C.R. Henning is opdrag gegee om handelend op te tree. Die gevolg was dat 'n spesiale vergadering belê is om die noodsaaklikheid van 'n padvindersvereniging vir die Afrikaanse jeug te bespreek en om dan 'n program van aksie op te stel, as dit nodig sou wees om met hierdie saak verder te gaan. Op die laasgenoemde vergadering was manne soos kol. Heinrich du Toit, dr. D.J. Keet, dr. S.F.N. Gie, dr. G.W. Eybers en dr. E. Eybers teenwoordig. Daar is toe besluit dat die Unie-Onderwysdepartement gevra sou word om 'n vergadering van teenwoordigers van alle onderwysdepartemente, van die kerk en/.........

(1) Reese : Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 31.

en van ander liggame na eie gooddunke te reël, met die doel om hierdie saak verder te bespreek.[1]

Die Unie-Onderwysdepartement het aan die versoek voldoen en die konferensie is in die Provinsiale Raadsaal in Pretoria gehou op 27 en 28 November 1929. Omdat hierdie konferensie van die uiterste belang in die wordingsgeskiedenis van die Voortrekkerbeweging was, is dit miskien nodig om die name van die liggame wat teenwoordig was, asook die name van die verteenwoordigers, te noem:-

Die Unie-Onderwysdepartement was verteenwoordig deur dr. S.F.N. Gie, Sekretaris van Onderwys wat as Voorsitter sou optree en dr. G.W. Eybers, Ondersekretaris van Onderwys; die Kaapse Onderwysdepartement deur prof. M.C. Botha, Superintendent-generaal van Onderwys en mnr. P. D. Rousseau, Inspekteur van skole; die Transvaalse Onderwysdepartement deur dr. N.M. Hoogenhout, Direkteur van Onderwys; die Onderwysdepartement van die Vrystaat deur dr. C.F. Visser, Rektor van die Normaalkollege te Bloemfontein; die Natalse Onderwysdepartement deur mnr. C.K. Winterton, Inspekteur van skole, mnr. J.W. Orrell en mej. E.R. Guy, Hoër Meisieskool, Pietermaritzburg; die Federale Raad van Onderwysersverenigings deur mnr. H.W. Kammeyer, algemene Sekretaris; die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie deur mnr. B.F. Barnard, Sekretaris-penningmeester; die Onderwysersvereniging van die Vrystaat deur mnr. J. de V. Heese, Sentrale Hoërskool, Bloemfontein; die Transvaalse Onderwysersvereniging deur mnr. F.A.O. de Villiers en mnr. P. Coetzee; die Vakskoolonderwysersvereniging deur mnr. J.F. O'Grady; die Bond Suid-Afrika deur kaptein F.J. Truter; die Natalse Christelike Vrouevereniging deur mev. E.G. Jansen; mnr. B.H. Havenga was spesiaal uitgenooi.[2]

In/..............

---

(1) Heese : Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 32.

(2) Ibid : 32 - 33.

In sy openingsrede het dr. Gie daarop gewys dat die afgevaardigdes hier voor 'n vraagstuk staan wat intiem die heiligste belange van die Afrikanervolk raak. Daar was 'n besliste noodsaaklikheid dat daar ook vir die Afrikanerkind iets gedoen moes word. Die Engelse kind het reeds die Scout-beweging gehad wat in sy wese goed is en waarmee rekening gehou sal moet word. Daarom sou dit ook die taak van die konferensie wees om 'n standpunt ten opsigte van die Scout-beweging hier in ons land in te neem. Daarna het daar heelwat bespreking plaasgevind. Dr. C.F. Visser en dr. J. de V. Heese het geesdriftig hieraan deelgeneem. En aan die einde van die eerste dag se sitting het dr. Gie die posisie opgesom. Dit het in hoofsaak daarop neergekom dat dit oor die algemeen erken word dat daar in Suid-Afrika 'n behoefte bestaan aan 'n jeugorganisasie waarin ook die Afrikanerkind kan deelneem, dat die Voortrekkerbeweging met al sy goeie bedoelinge tot dusver nie 'n sukses was nie en dat dit duidelik geword het dat mnr. Havenga wel sukses gehad het met sy Scout-beweging. (1)

Voordat die vergadering daardie dag uiteen is, is daar 'n komitee benoem wat die aand sou vergader om 'n verslag op te stel wat die volgende dag as grondslag vir verdere bespreking kon dien. Die komitee het vergader en 'n baie deeglike verslag is opgestel. Na bespreking en enkele toevoegings en wysigings is die verslag die volgende dag in sy geheel aanvaar. Dit het daarop neergekom dat die konferensie die opvoedkundige waarde van die Scout-beweging hier in ons land erken en dat dit in belang van die Afrikaanssprekende kind beskou word dat iets van hierdie aard meer bepaald vir hom daar gestel sou word. Die konferensie het ook met belangstelling kennis geneem van die pogings wat

aangewend/........

---

(1) Heese : Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 34.

aangewend word om die Scout-beweging vir die Afrikanerkind toeganklik te maak, maar dit is nie oortuig dat daar dusver op 'n voldoende wyse rekening gehou is met die besondere behoeftes, tradisies, ideale en sentiment van die Afrikaanssprekende deel van ons volk nie. Verder wil die konferensie graag met die Scout-beweging onderhandel om die nodige wysiginge aan te bring waardeur die Afrikaner dan die vrymoedigheid sal kan hê om sodelike steun daaraan te gee. As hierdie onderhandelinge egter misluk, sal 'n eie aparte Afrikaanse beweging in belang van die Afrikanerkind op tou gesit word.(1)

Die uitvoering van die praktiese deel van hierdie verslag is opgedra aan 'n komitee van vyf lede met dr. Gie as oproeper. Dr. C.F. Visser was lid van hierdie komitee wat voortaan die Interprovinsiale Komitee genoem sou word. Die komitee het die reg gehad om meer lede na eie goeddunke te koöpteer. Die opdragte aan die komitee was om die bestaande in Afrikaans bewerkte literatuur van die Scout-beweging na te gaan, vas te stel watter veranderinge en byvoegings nodig sou wees, met die hoofbestuur van die Scout-beweging te onderhandel en die resultate te rapporteer aan 'n konferensie waarop 'n groot aantal Afrikaanse liggame verteenwoordig sou wees. Om aan te toon hoe seer die Afrikaanse volk in hierdie konferensie verteenwoordig sou wees, noem ons die name van die liggame wat afgevaardigdes na die konferensie sou stuur : die Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, die Oranje Vrouevereniging, die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging, die Natalse Christelike Vrouevereniging, die Helpmekaar, die vyf Onderwysdepartemente, al die Afrikaanse Onderwysersverenigings, die Federale Raad van Onderwysersverenigings, die Uniale Kultuurvereniging, die Vakskoolvereniging van Suid-Afrika, die Bond Suid-Afrika en die

Afrikaner/.......

---

(1) Heese : Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 35.

Afrikaner Broederbond. Verder sou invloedryke predikante, volgens die diskresie van die oproeper van die konferensie, en enige ander persoon wie se teenwoordigheid wenslik geag is, uitgenooi word om die vergadering by te woon.(1)

Na afloop van hierdie uiters belangrike konferensie van 27 en 28 November 1929 het die Interprovinsiale Komitee onmiddellik met hul werksaamhede begin. Die tweede Voortrekkerbeweging was nou in volle gang.

f) Werksaamhede van die Interprovinsiale Komitee.

Die Interprovinsiale Komitee het op 14 en 15 April te Kaapstad vergader en 'n grondige studie van die Afrikaanse lektuur van die Scout-beweging gemaak. Na sorgvuldige oorleg is tot die bevinding gekom dat die bestaande verafrikaansing van die Boy Scouts nog lank nie aan die behoeftes van die Afrikanerkind voldoen nie en dat daar bepaalde voorstelle vir die verafrikaansing voor die Scout-raad en voor die volgende konferensie van Afrikaanse opvoeders gelê moes word. Omdat die lede van die Interprovinsiale Komitee so ver van mekaar af woonagtig was, is dit aan dr. C.F. Visser opgedra om 'n komitee van werkers saam te stel wat dan 'n konsepkonstitusie en 'n konsephandleiding vir so 'n suiwer Suid-Afrikaanse padvindersvereniging vir die blanke jeug moes opstel. Dit sou dan eers voor die Scout-raad gelê word en daarna sou die resultate van die onderhandelings aan die genoemde konferensie voorgelê word.(2)

Op die aand van 22 April 1930 het 'n aantal jeugliefhebbers, onder voorsitterskap van dr. Visser in die Oranje Koffiehuis in Bloemfontein vergader. Dr. Visser het

die/............

(1) Hoese : Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 36.

(2) Ibid : 37.

die bevindings en die besluite van die Interprovinsiale Komitee van 14 en 15 April te Kaapstad aan die vergadering meegedeel. Dit is dadelik besluit om hierdie vergadering met uitsluiting van een lid wat nie daarin sou kon meewerk nie, om te skep tot 'n werkende komitee wat so gou as moontlik sou begin met die uitvoering van die opdragte van die Interprovinsiale Komitee. Vir hierdie doel het die Werkende Komitee twee onderkomitees uit sy midde benoem, een om 'n ontwerpkonstitusie en die ander om 'n ontwerphandleiding op te stel.(1)

Die twee komitees het maandelank pligsgetrou gearbei aan die taak wat hulle opgelê is. Dr. Heese wat self ook op albei komitees sitting gehad het, gee die volgende beskrywing van die prosedure wat deur hulle gevolg is : „Die lede van die betrokke onderkomitee kom bymekaar, die omvang van die werk word bespreek en aan een of twee persone word 'n bepaalde stukkie werk opgedra. Die werk word dan met behulp van boeke, ens. opgestel, 'n hele aantal afskrifte daarvan gemaak en aan al die lede gestuur. Op die volgende vergadering geniet die voltooide stukkie werk dan die volle aandag van die lede. Stukkies word weggelaat, hier en daar word iets bygevoeg of verander en soms na ure van bespreking word die stukkie terug verwys na die opsteller om dit te wysig ooreenkomstig die begeertes van die komitee. As die stukkie dan weer opgestel is, word daar andermaal 'n aantal afskrifte gemaak en die slag word dit aan al die lede van die volle werkende komitee gestuur. Die stukkie het dan eers sy finale vorm gekry nadat dit deur die volle werkende komitee goedgekeur is".(2)

Op 11 Junie 1930 was die werk so ver gevorder dat die Interprovinsiale Komitee en die verteenwoordigers van/............

---

(1) Heese : Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 39 - 40.
(2) Ibid : 41.

van die Scout-beweging in onderhandeling kon tree. Die samespreking het in die Kabinetkamer van die Uniegebou te Pretoria plaasgevind. Dr. Visser en dr. Heese was teenwoordig terwyl dr. S.F.N. Gie as voorsitter opgetree het. Op die agenda was daar twee sake waaroor onderhandel moes word : die wysiging van sekere bewoordings in die reëls en konstitusie van die Scouts en die bepaling van sekere konstitusionele verhoudings.(1)

Wat die eerste saak betref, was die Scouts gewillig om die Afrikaanse benaminge van Voortrekker, kommandant, veldkornet, Penkop, Baanbreker, ens. te aanvaar, om sake in verband met die geskiedenis te beperk en uit te brei sodat dit in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Nasionale ideale en tradisies kon wees en om die voorgeskrowe padvindersaktiwiteite so te wysig dat dit meer in ooreenstemming met plaaslike omstandighede gebring kon word. Daar was egter twee onderdele van hierdie afdeling waar die Scouts nie hulle weg oopgesien het om die aanbevelings van die Interprovinsiale Komitee te aanvaar nie : die aanbevelings in verband met die vlag en die belofte. Eerstens wou hulle die Union Jack as alternatief behou en tweedens het hulle beslis gestaan op die belofte van trou aan die Britse koning. Hiermee kon die Afrikaner hom nie vereenselwig nie. Wat die konstitusionele verhoudings betref is die aanbevelings van die Voortrekkerverteenwoordigers sonder beswaar aanvaar.(2)

Die resultate van die onderhandelings moes nou kragtens die opdrag wat die Interprovinsiale Komitee van die eerste konferensie ontvang het aan die tweede konferensie van Afrikaanse opvoedkundiges voorgelê word.

Afgevaardigdes/.......

(1) Heese : Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 42.

(2) Ibid : 42 - 44.

Afgevaardigdes van alle openbare en Afrikaanse liggame, volgens die besluit van die vorige konferensie, sowel as ander invloedryke onderwysmanne, is uitgenooi om 'n groot verteenwoordigende konferensie te Pretoria by te woon. Die konferensie wat twee dae geduur het, het agter geslote deure plaasgevind en belangrike besluite is geneem. In hoofsaak is die verslag van die Interprovinsiale Komitee goedgekeur. Die konferensie kon hom ook nie met die Scouts se amendemente in verband met die vlag en die belofte vereenselwig nie. 'n Onderhandelingskomitee is in die lewe geroep om die gevoelens van die Afrikaanse opvoedkundiges aan die Scout-raad oor te dra en om, indien moontlik, verder te onderhandel. Dr. S.F.N. Gie sou weer optree as voorsitter terwyl dr. C.F. Visser, dr. J. de V. Heese, dr. N.J. van der Merwe e.a. lede van die komitee was. Sover as wat ek kon nagaan was dit die eerste komitee waarop dr. N.J. van der Merwe wat die eerste hoofleier van die Voortrekkers sou wees, sitting gehad het. (1)

Op 'n vergadering van 24 November 1930 het daar 'n laaste samespreking tussen die Onderhandelingskomitee en die Scout-raad plaasgevind. Die twee beginsels wat by die vorige geleenthede moeilikheid veroorsaak het, het weer te voorskyn getree. Die Scout-verteenwoordigers was onverbiddelik in hul eis dat die Union Jack een van die amptelike vlae van die nuwe beweging sou wees en dat die belofte van trou aan die Britse koning nie aangetas mag word nie. Die verteenwoordigers van die Afrikaanse jeug was net so beslis in hul eise dat die Unievlag sonder die Union Jack gebruik sou word en dat 'n belofte van trou aan land en volk afgelê sou word maar nie aan die koning nie. As gevolg hiervan het die onderhandelings afgespring en is

dit/........

---

(1) Heese : Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 45 - 47.

dit finaal beëindig. Volgens 'n vorige besluit sou die Afrikanervolk nou oorgaan tot die stigting van 'n eie Afrikaanse jeugbeweging. Die Onderhandelingskomitee wie se werk afgehandel was, het opgehou om te bestaan. Dieselfde lede, met uitsondering van dr. Gie wat hom weëns sy amptelike posisie moes onttrek, het toe die Stigtingskomitee gevorm. (1)

Hoewel die onderhandelings tussen die Afrikaners en die verteenwoordigers van die Boy Scouts vir goed beëindig is, het daar op 16 Junie 1931 tog nog 'n onderhoud plaasgevind op die plaas ‚Halden', eiendom van die gasheer van Baden-Powell, wat destyds op besoek in Suid-Afrika was. Die Voortrekkers was verteenwoordig deur dr. N.J. van der Merwe, dr. C.F. Visser, dr. J. de V. Heese en mnr. L.E. Hiemstra. Die doel van die onderhoud was om van Lord Baden-Powell te verneem of dit moontlik sou wees om vir die Voortrekkerbeweging internasionale erkenning te verkry as lid van die wêreldpadvindersbeweging. Baden-Powell het egter geantwoord dat dit die beleid van die Internasionale Buro was om nie twee padvindersverenigings in dieselfde land te erken tensy hulle dieselfde belofte aanvaar nie. (2) Van hierdie onderhoud skrywe dr. Visser die volgende : „Die onderhoud wat my seker nog die langste in herinnering sal bly, het op die buiteverblyf ‚Halden', naby Bloemfontein plaasgevind tussen die verteenwoordigers van die Voortrekkers en Sir Robert Baden-Powell self. Nadat aan Sir Baden-Powell verduidelik is wat die fundamentele verskil tussen die Voortrekkers en die Boy Scouts is, was sy trotse antwoord aan ons dat sodra die vooroordeel van die Afrikaner teen die belofte van trou aan die koning en teen die

Union/..........

---

(1) Heese : Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 48 - 49.

(2) Ibid : 51.

Union Jack as ons vlag sal verdwyn wees, die Boy Scouts bereid sal wees om die Voortrekkers te help en ook as lede van hul internasionale beweging te verwelkom. Min het hy egter geweet dat wat hy vooroordeel genoem het, tog inderdaad nie vooroordeel is nie, dat dit daarenteen volksgevoel is, ja blywende en groeiende volksgevoel is, wat bestemd is om op die lange duur die volksgevoel by uitnemendheid van Suid-Afrika te word".[(1)]

Hieruit moet nou nie afgelei word dat daar voortaan 'n vyandige verhouding tussen die Voortrekkerbeweging en die Boy Scouts ontstaan het nie. Terwyl die voorbereidende werk in verband met die stigting van die Voortrekkerbeweging aan die gang was, het die Scout-raad in Bloemfontein vergader en 'n verklaring uitgereik waarin hulle die hand van kameraadskap en broederskap aan die Voortrekkerbeweging aangebied het. Hierdie verklaring is in 'n omsendbrief aan alle Scouts gestuur. Die gebaar van vriendskap is deur die Voortrekkers verwelkom. In 'n onderhoud het dr. Visser o.m. verklaar : „Ons het met vreugde verneem van die olyftak wat die Scouts ons aanbied. Ons druk die gebode hand van vriendskap en ok voel oortuig dat die Scouts en die Voortrekkers mekaar as kamerade sal beskou".[(2)] Dr. N.J. van der Merwe het dieselfde houding ingeneem ten opsigte van hierdie vrienskapsbetuiging. Ongeveer tien jaar na die stigting van die Voortrekkerbeweging kon die hoofsekretaris daarvan, dr. J. de V. Heese, getuig van die beste gesindheid van die hoofbesture van die twee organisasies teenoor mekaar.[(3)]

g) Die /...............

---

(1) „Uit die eerste jare" in „Hou Koers", Lente-uitgawe, 1939.

(2) Heese : Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 50.

(3) Ibid : 50.

g) <u>Die stigting van die Voortrekkerorganisasie.</u>

Die Stigtingskomitee het onmiddellik begin met die voorbereidende werk in verband met die stigting van die Voortrekkerorganisasie. Die werkende komitee het nog bestaan en hulle was nog met die uitvoering van hulle pligte besig. Die konsepkonstitusie van die Voortrekkers was klaar maar die konsephandleiding nog nie. Die Stigtingskomitee het die konstitusie nogeens deurgegaan en twee belangrike wysiginge aangebring. Op voorstel van dr. van der Merwe is "Hou Koers" as leuse geneem en op voorstel van mev. Jansen is die vlag van die eertydse republiek Natalia gekies as die amptelike vlag vir die nuwe organisasie. (1)

Ek wil hiermee volstaan en geen verdere verslag van al die vergaderings, onderhoude en organisasiewerk wat die stigtingsdag voorafgegaan het, gee nie. Dit was op hierdie stadium werklik reeds 'n volksbeweging. Dit blyk uit die bewoording van die oproep tot die Afrikaanse volk, waaruit ek die volgende wens aan te haal : „Die Stigtingskomitee wens hiermee 'n dringende versoek te rig tot alle Afrikaners wat gewillig is om ook hierdie keer skouer aan die wiel te sit ten einde 'n groot volksaak met skitterende sukses te bekroon. Die versoek is dat daar deur die lengte en breedte van Suid-Afrika plaaslik sal georganiseer word om afgevaardigdes na bogenoemde kongres te stuur; ook belangstellendes is welkom, mits hulle die beginsel van die konstitusie, soos hier onder uiteengesit, aanvaar. Diegene wat nie self kan kom nie kan in elk geval iets bydra om dit vir ander moontlik te maak om te kom. Die beweging is gegrond op beslis Christelike grondslag, staan heeltemal buite die politiek, wil 'n egte Suid-Afrikaanse vaderlandsliefde aankweek en verwelkom sowel Engels- as Afrikaanssprekendes binne sy geledere.....Afrikaners, laat dit ons

erns/..........

---

(1) Heese : Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 54.

erns wees om hierdie beweging binne 'n korte tyd 'n veredelende en besielende krag onder ons seuns en dogters deur die lengte en breedte van Suid-Afrika te maak. Tot eer van God en tot heil van volk en vaderland, het ons die eer ons te noem.......[1]

Op 30 September 1931 het die groot gebeurtenis plaasgevind. Bloemfontein was die brandpunt waar kultuurkragte vanoor die hele Unie saamgetrek het om aan die Afrikanerkind sy lankontbeerde eie organisasie waarin hy hom tuis kon voel, te gee. In sy openingsrede het dr. N.J. van der Merwe 'n verslag van die wordingsgeskiedenis van die Voortrekkerbeweging gegee en ook verwys na die begeerte van die Afrikaners om in vriendskaplike betrekkinge met die Boy Scouts te lewe. Hy het verder aan die volk die versekering gegee dat partypolitiek en rassehaat uit die Voortrekkerbeweging geweer sou word. Daarna het die Eerste Minister, genl. J.B.M. Hertzog, die woord gevoer en gewys op die erns van die saak waarmee hulle besig is. As dit 'n mislukking sou wees, dan was hulle besig om 'n klap aan die Afrikanervolk toe te dien waarvan dit nie weer sou kon herstel nie. Genl. Hertzog het ook gewys op die pogings wat aangewend is om eenheid tussen die Voortrekkerbeweging en die Boy Scouts te verkry en die onoorkomelike moeilikhede en struikelblokke buite die beheer van die organiseerders van die beweging.[2]

Dr. C.F. Visser het kortliks op die doel van die beoogde organisasie gewys en toe voorgestel dat daar tot die stigting van die Voortrekkerbeweging oorgegaan sou word. Die voorstel is deur mev. E.G. Jansen gesekondeer en die afgevaardigdes het die voorstel staande aangeneem. Dit was 'n

plegtige/..........

---

(1) Heese : Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 55 - 56.

(2) Ibid : 57 - 58.

plegtige oomblik, baie belangrik in die geskiedenis van die jeug van Suid-Afrika. Op hierdie oomblik was die eerste twee Voortrekkerbewegings wat die terugslae van baie jare verduur het, afgeloop en het 'n nuwe Voortrekkerbeweging, nou nie meer as 'n blote strewe nie maar as 'n gekonstitueerde liggaam tot stand gekom. Die Voortrekkerbeweging as organisasie was 'n voldonge feit.(1)

Na 'n kort bespreking is die vergadering tot die middag verdaag. Voordat die vergadering weer 'n aanvang geneem het, is die eerste Voortrekkers in Suid-Afrika deur gnl. Hertzog self ingelyf. Dit was die eerste kinders wat op die terrein van die Voortrekkerbeweging, soos dit vandag bestaan, verskyn het.(2)

By die hervatting van die kongres na die inlywing van die Voortrekkers is dr. N. J. van der Merwe as hoofleier, mevr. E. G. Jansen as onderleidster en mnr. J. de V. Heese as hoofsekretaris gekies. Die provinsieleiers was prof. B. Taute, dr. C. F. Visser, mnr. J. H. Greybe en mevr. E. G. Jansen. Die Goewerneurgeneraal sou die hoofbeskermheer en mevr. M. T. Steyn die hoofbeskermvrou wees. As beskermhere sou gnl. J. B. M. Hertzog, gnl. J. C. Smuts en hoofregter Jacob de Villiers optree. Die Voortrekkerbeweging was nou 'n voldonge feit maar in hoeverre daar by die jeug 'n behoefte gevoel is en in hoeverre dit in die behoefte voorsien het, was vrae wat die toekoms alleen sou kon beslis.(3)

h) Persoonlike indrukke en gevolgtrekkings.

As ons die geskiedenis van die ontstaan van die Voortrekkerorganisasie noukeurig bestudeer, dan word ons getref deur die besondere bekwaamheid van die manne wat met hierdie taak besig was. Aan kwalifikasies, ervaring en ywer

het/..........

(1) Heese : Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 59.

(2) Ibid: 60.

(3) Ibid: 61.

het dit nie ontbreek nie. Byna sonder uitsondering was dit invloedryke Afrikaners, uit die hoogste rakke van ons volkslewe, wat hieraan deelgeneem het. Die hoogste amptenare in die verskillende staatsdepartemente het hulle vir die saak beywer. Dit is maar net nodig om die name van die afgevaardigdes en verteenwoordigers na te gaan om 'n mens hiervan te oortuig. En as ons die nougesetheid, die beslistheid en die sorg waarmee die werk uitgevoer is, betrag, dan voel ons dat die Afrikanerjeug dank verskuldig is aan die baanbrekers van daardie eerste jare vir hulle arbeid en hulle onbaatsugtige belangstelling in die jeug. Hoe die jeug daarop sou reageer, was 'n vraag wat alleen deur die toekoms beantwoord kon word. Dit was op hierdie stadium egter baie duidelik dat die jeug self nog geen belangstelling getoon het nie, dat hulle in verband met die dinge wat in hulle omgewing gebeur het en wat in hulle eie belang uitgevoer is, heeltemal passief was. 'n Duideliker voorbeeld van 'n jeugorganisasie wat uit volwassenes gebore is sonder dat die jeug daarvoor gevra het, kan seker nie gevind word nie. Hoe anders was dit as in die geval van die ontstaan van die Boy Scout-beweging en die Duitse Jeugbeweging.

Wat die ontstaan van laasgenoemde twee bewegings betref, word dit dikwels beweer dat die Duitse Jeugbeweging 'n beweging genoem word omdat die inisiatief van die jeug uitgegaan het, terwyl die Boy Scouts 'n vereniging genoem word omdat die inisiatief vir die stigting daarvan by die volwassene begin het. Afgesien van die betekenis van die twee terme, moet daar egter op gewys word dat daar 'n wanvoorstelling in hierdie bewering opgesluit is. By die ontstaan van die Boy Scout-beweging het die inisiatief beslis nie van die volwassene uitgegaan nie. Die volwassene was wel die aanleidende oorsaak, maar die jeug het self „beweeg" en Baden-Powell was deur

hulle/...........

hulle verplig om van sy oorspronklike plan af te sien en om 'n nuwe organisasie te stig. Die verskil tussen die Duitse Jeugbeweging en die Boy Scouts moet meer daarin gesoek word dat die jeug in die geval van die Boy Scouts die leiding van die volwassene aanvaar en opgesoek het, in die rigting van die volwassene beweeg het, terwyl dit in die geval van die Duitse Jeugbeweging die leiding van die volwassene verwerp en teen die volwassene in beweeg het. Maar in albei gevalle het die jeug „beweeg". Dit is juis die groot verskil wat ons opmerk tussen die wyse waarop die Voortrekkerbeweging en die waarop die Boy Scouts ontstaan het. By die ontstaan van die Voortrekkerbeweging het die volwassene beweeg terwyl die jeug passief gebly en min belanggestel het.

Daar is nog iets wat in hierdie studie die aandag trek : die leidende aandeel wat 'n paar vooraanstaande manne in die beweging gehad het, vandat die kiem daarvan in 1913 gelê is totdat dit as 'n pasgebore organisasie in 1931 tevoorskyn getree het. Dis wel waar dat verteenwoordigers van byna die hele volk uiteindelik in die beweging betrokke was, maar die inisiatief het van 'n paar persone uitgegaan. Sonder hulle bemoeienisse en volharding wat dikwels met veel opoffering gepaard gegaan het, sou die Afrikanerjeug vandag hoogs waarskynlik nie 'n jeugorganisasie soos die Voortrekkers gehad het nie. En wat die paar baanbrekers aan die voorpunt van die beweging betref, hulle was in hulle die gemoed oortuig van 'n behoefte wat daar aan so 'n Afrikaanse jeugbeweging bestaan het en hulle het daarin geslaag om hierdie vaste oortuiging aan die lang ry van verteenwoordigers van die Afrikaanse volk oor te dra.

As daar nou op hierdie stadium 'n antwoord op die vraag of daar werklik 'n behoefte bestaan het, gegee moet word, dan val dit veel moeiliker as in die geval

van/........

van die ander twee jeugbewegings wat dusver behandel is. Ek het reeds aan die begin van hierdie paragraaf daarop gewys dat toestande en omstandighede hier in Suid-Afrika so heel anders was as in die lande waar die ander twee jeugbewegings ontstaan het en ek het toe reeds voorspel dat die Afrikaanse jeug 'n traagheid gaan openbaar wat belemmerend gaan inwerk op die gesonde groei van 'n Afrikaanse jeugbeweging hier in ons land. Dit het dan ook gebeur. In die hele studie in verband met die ontstaan van die Voortrekkerorganisasie vanaf die begin van die eerste beweging tot aan die einde van die tweede beweging, ja selfs tot na die stigting van die Voortrekkerorganisasie, kon ek geen aanduiding vind dat die Afrikaanse jeug die minste behoefte aan so 'n organisasie gevoel het nie. Dit was dwarsdeur die hele geskiedenis 'n eindelose gespartel van die volwassene om iets vir die jeug tot stand te bring terwyl die jeug self in sy groot geheel nie wou reageer nie, nie wou "beweeg" nie. Ek moet dus eerlik sê dat daar volgens my mening geen behoefte aan so 'n organisasie gevoel is nie, ten minste nie wat die jeug betref nie.

Dit lei tot die vraag of daar dan in werklikheid ook nie 'n behoefte aan so 'n organisasie bestaan het nie, of al die moeite wat reeds gedoen is dan onnodig en nutteloos was. Die feit dat die jeug nie 'n behoefte voel nie is, soos meermale reeds aangetoon, tog g'n bewys dat so 'n behoefte nie bestaan nie. Dis ook 'n moeilike vraag om te beantwoord en voordat ek 'n voorlopige antwoord hierop wil waag, wil ek eers feite wat hierop betrekking het en wat miskien kan help om lig op ons probleem te werp, noem.

In die eerste plek het ek die herhaalde persoonlike uitsprake van manne wat van die begin af aan die voorpunt van die Voortrekkerbeweging gestaan het. So

lees/..........

lees ons b.v. dat dr. Visser die ontstaan van die Voortrekkerbeweging toeskrywe aan die behoefte wat geskep is deur die toestroming van die boerefamilies na die dorpe en stede van ons land na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910. In dieselfde artikel wys dr. Visser daarop dat die leiers van die eerste jare graag wou sien dat elke dorp of stad volgens 'n eie plan Voortrekkers op die been sou bring.(1) Ook dr. Heese wys op die doellose en skadelike wyse waarop leerlinge van sy skool die middae deurgebring het en wat by hom die behoefte aan 'n jeugorganisasie laat ontstaan het.(2) In die toesprake wat gedurende die verskillende konferensies gelewer is, vind ons ook dat daar herhaaldelik op die bestaande behoefte gewys is.

As ek na aanleiding hiervan 'n eerlike antwoord op die gemelde vraag moet waag, moet ek openlik erken dat die bewerings wat ek so herhaaldelik raakgeloop het, wat die behoefte aan die Voortrekkerbeweging as 'n volksbeweging betref, nie heeltemal oortuigend was nie. Die probleme wat ek hier bo genoem het, was vir my so plaaslik van aard. In vergelyking met Europa was ons land so dun bevolk, ons dorpe was so klein, ons toestande so anders. Aanvanklik was die Afrikaanse bevolking in die stede so gering. Die kommissie van ondersoek oor stadstoestande maak wel melding van insypeling maar die werklike toestroming het in die meeste gevalle eers na 1920 gekom. „Voor 1920 was daar in al die stede saam geen 40 gemeentes van die N.G. Kerk nie; en nou, na 25 jaar het hulle getal aangewas tot 122".(3) Ek voel dat daar tot 'n sekere mate wel 'n behoefte sou ontstaan het as gevolg van die

demoraliserende/......

---

(1) Hou Koers : Winter-uitgawe 1939, 3.

(2) Heese : Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 16.

(3) Kommissie van Ondersoek : Kerk en Stad, 33.

demoraliserende invloede van die stadslewe en die toestroming van die Afrikaner na die stad, maar dan het hierdie behoefte net in sekere gebiede ontstaan en die Voortrekkerbeweging kon as gevolg hiervan nie, soos dr. Visser op een of ander plek beweer het, ook die seun en dogter van die plaas betrek nie; dit sou net op grond hiervan nie bestemd kon wees om 'n groot allesomvattende volksbeweging vir die Afrikaanse jeug te word nie.

Ek wil ook nog op 'n tweede feit in hierdie verband wys: die mooi reaksie van die Afrikaanse volk, veral gedurende die jare 1930 en 1931, wat miskien as 'n aanduiding van die bestaan van so 'n behoefte beskou kan word. En dan wil ek al dadelik toegee dat die mooi reaksie van die Afrikaanse volk gedurende die tweede Voortrekkerbeweging en tydens die stigting van die Voortrekkerorganisasie, miskien 'n aanduiding mag wees van 'n behoefte wat wel nie deur die jeug gevoel is nie, maar deur die volwassenes. Aan die ander kant moet ek ook daarop wys dat die reaksie volgens my mening die gevolg van die propagandaveldtog van die jeugbewegingentoesiaste kon gewees het. In verband hiermee skrywe Oom Japie in „Hou Koers" : „Die komitee het hom maande lank besig gehou om propaganda vir die beweging te maak. Dit het meegebring dat die datum van die Stigtingskongres met minstens ses maande verskuiwe is". (1)

Daar is nog meer verskynsels waarop miskien gewys kan word, maar vir my is dit duidelik dat die geskiedenis g'n afdoende antwoord op hierdie vraagstukke kan gee nie. Dit het agtien jaar geneem vandat die gedagte aan 'n Afrikaanse jeugbeweging ontstaan het, totdat die Voortrekkerbeweging op 30 September 1931 gestig is en die agtien jaar was 'n tyd van worsteling en stryd.

En/.........

---

(1) „Propaganda vir die Voortrekkers" in „Hou Koers" Somer-uitgawe, 1948.

En selfs na die stigting van die Voortrekkerorganisasie was die getuienisse wat ingekom het nie altyd baie rooskleurig nie. Voordat ons nie ook ander gronde vir die ontstaan van 'n jeugorganisasie ondersoek het nie, wil ons op hierdie stadium dit nie waag om te beweer dat daar so 'n behoefte bestaan het nie. Die vraag of die Voortrekkerbeweging in 'n behoefte voorsien het, verval dan ook vanself hiermee.

Daar is egter 'n ander vraag wat hier ontstaan en wat gedeeltelik reeds beantwoord is : As daar dan nie so 'n behoefte gevoel is nie, en as dit selfs twyfelagtig is of dit bestaan het, waarom het die eerste Voortrekkerleiers hulle dan so beywer vir die saak? In hierdie verband het die studie vir my afdoende bewys gelewer dat daar geen persoonlike belang in die saak betrokke was nie maar slegs selfopofferende liefde. Die stigters van die beweging was oortuig van die waarde wat die beweging vir die Afrikanerjeug sou hê, van die bestaan van 'n ongevoelde behoefte. Hierdie oortuiging het aanvanklik ook net by 'n paar persone bestaan, persone wat so diep onder die indruk daarvan verkeer het dat hulle uiteindelik daarin geslaag het om die breë volksmassa's se belangstelling op te wek. Of daar grond vir hierdie oortuiging was, is 'n vraag wat nog beantwoord moet word.

## HOOFSTUK III.

## DIE TEORETIESE GRONDSLAE VAN DIE VOORTREKKERBEWEGING.

### 1. DIE PSIGOLOGIESE GRONDSLAE.

#### a) Die doel van hierdie paragraaf.

Im die vorige ondersoek is tot die gevolgtrekking gekom dat die geskiedenis geen bewys vir die bestaan van 'n behoefte aan 'n suiwer Afrikaanse jeugbeweging lewer nie. Ander grondslae van jeugbewegings sal egter eers ondersoek moet word voordat 'n afdoende antwoord in hierdie verband gegee kan word. In hierdie paragraaf is dit dan my doel om 'n studie van die sielelewe van die jeug in soverre as wat dit lig op ons probleem kan werp, te maak.

Hierdie studie word vandag moontlik gemaak deur die resultate van die objektiewe en eksperimentele metodes wat gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu in die kindersielkunde toegepas is en waardeur die sielkundige ontwikkeling van die jeug volledig bestudeer kan word. Vir my doel is dit egter nie nodig om 'n fynuitgewerkte ontleding van die sielkundige ontwikkeling van die mens vanaf sy geboorte tot aan die einde van die adolessensie te gee nie. Ek bepaal my net by die verskynsels wat betrekking op sosiale verhoudinge het. Die jeugbeweging is tog by uitstek 'n sosiaal-psigologiese verskynsel.

Wat die sielkundige indeling in verskillende ontwikkelingsfases betref, wil ek nog daarop wys dat die psigoloë heel dikwels hieroor verskil. Dit moet toegeskrywe word aan die feit dat so 'n indeling tot 'n groot mate kunsmatig is en op interpretasie berus. Die sielelewe van die kind laat hom nie in waterdigte kompartemente afbaken nie. Ek gaan volg hier die indeling wat rekening hou met die praktiese sy van ons probleem, en ek gaan onderskei tussen die voorskoolse kind, die laerskoolkind en die hoërskoolkind.(1)

Ten slotte moet ek nog daarop wys dat byna elke siel-

kundige/.........

---

(1) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 103.
Willemse : Die Sorg vir ons kinders en jeugdiges, 5-13.

kundige navorser sy eie verklaring vir die psigiese verskynsels het. Ek dink hier aan Freud met sy libido en seksteorieë, aan Watson wat alle verskynsels fisiologies wil verklaar, aan Mc. Dougall wat alle menslike handelinge tot die primêre instinkte wil herlei, en soveel meer. Dit is egter nie nodig om 'n eie standpunt ten opsigte van die verskillende teorieë te gee nie. Ek gaan bepaal my net by die verskynsels as sodanig en in soverre as wat sommige daarvan miskien die gevolg van andere mag wees, sonder om vanuit 'n psigologiese standpunt na die grondoorsaak van alle verskynsels te soek.(1)

b) Die voorskoolse kind.(0 tot 6 jaar)

Hoewel die pasgebore kind, wat sy reaksies betref, nie as 'n sosiale wese herkenbaar is nie, is dit tog, wat sy oorsprong betref, reeds nou aan die gemeenskap verbonde. Dit het ontstaan uit die gemeenskapslewe van vader en moeder en is gebore in die skoot van die samelewing waarvan sy hele voortbestaan nou afhanklik is. Dit is dan ook gevind dat sy eerste bepaalde reaksie op 'n suiwer menslike prikkel positief is, 'n glimlag, en dat die positiewe sosiale gedrag oorheers gedurende die kind se eerste lewensjaar.(2) Dr. A. Kuypers verwerp die standpunt dat die mens as 'n a-sosiale wese sy lewe begin. Vir hom is die sosiale neigings by die mens die resultaat van aangebore aanleg.(3) Die belangrikste sosiale trekke van hierdie lewensjare is gesellligheid, hulpvaardigheid, vriendskap, liefde, en selfs leierskap en meegevoel.(4)

Na mate die kind ouer word, neem sy sosiale kon-

takte/........

---

(1) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 43-67.

(2) Bühler : From Birth to Maturity, 55.

(3) Kuypers : De Ziel van het Kind, 180, 181.

(4) Coetzee : Op. cit. 233.

takte toe en is daar 'n bepaalde ontwikkeling in sy sosiale reaksies. Die Bridges Sosiale Ontwikkelingsskaal stel ons in staat om die ontwikkelingspeil van 'n bepaalde kind op 'n gegewe ouderdom tussen sy tweede en vyfde lewensjaar vas te stel.(1) Hoewel daar interessante inligting hieruit verkrygbaar is, is daar net 'n paar verskynsels waaraan ons nog aandag wil gee.

In die eerste plek is dit eksperimenteel bewys dat simpatieke en individuele aandag 'n verreikende invloed op die liggaamlike en verstandelike ontwikkeling van die kind het. Die tweejaaroud kinders van 'n sekere inrigting is in twee gelykwaardige groepe verdeel. Albei groepe is goed versorg en het dieselfde behandeling ondergaan behalwe dat die kinders van die een groep alle moontlike individuele aandag ontvang het en die van die ander groep geen. Na ses maande is dit vasgestel dat die kinders van die tweede groep liggaamlik en verstandelik agterlik was ten opsigte van die van die eerste groep.(2)

'n Tweede verskynsel wat ons hier wil noem is die koppigheid van die kind, 'n ontwikkelingsfase wat ons tussen die kind se tweede en sy vierde lewensjaar aantref. Dit ontstaan as gevolg van aanpassingsmoeilikhede. Dr. Theodate Smith het 'n noukeurige studie van 1418 gevalle van koppigheid gemaak en tot die gevolgtrekking gekom dat dit nie toegeskrywe moet word aan die sterkte van die wilskrag van die kind nie, maar aan die swakheid daarvan. Die kind met 'n sterk wilskrag leer selfkontrole makliker as die met 'n swak wilskrag.(3) Hoe dit ook al sy, ons tref hier vroeg in die kind se lewe reeds die konfliksituasies aan wat in die adolessensie weer tevoorskyn tree met soveel meer krag en intensiteit. Die verskil lê egter daarin dat die kind hier nog

die/............

(1) Brooks : Adolescence, 365 - 367.

(2) Bühler : From Birth to Maturity, 65.

(3) Waddle : Introduction to Child Psychology, 220 - 221.
Willemse : Die sorg vir ons kinders en jeugdiges, 7 - 8.

die afhanklike, onselfstandige deel van die gesin uitmaak en dat dit sy afhanklikheid aanvaar. Die koppige buie kom sporadies voor. Die kind het nog gedurig behoefte aan kontak met sy ouers.(1)

'n Laaste verskynsel wat hier genoem moet word is die vriendskapsgevoel wat by die kind in hierdie jare aanwesig is. Hy knoop graag vriendskapsbetrekkinge met een maatjie aan, of op sy uiterste met twee. 'n Groter vriendekring bestaan vir die voorskoolse kind nog nie. Sy vriendskapsgevoel is dan ook hoofsaaklik op egoïstiese neigings gegrond. Hy hou van sy vriendjie nie terwille van laasgenoemde nie maar terwille van die voordeel wat hy uit hom verkry. Ras, kleur en stand en selfs geslag het min waarde vir die kind by die keuse van sy speelmaat behalwe natuurlik waar die ouerlike invloed reeds deurgewerk het. By die kind self bestaan daar geen aangebore neiging tot sosiale diskriminasie nie.(2)

Charlotte Bühler het gevind dat kinders eers van die begin van hul sesde lewensjaar af aangetrokke voel tot 'n groter groep as drie. „The pre-school child ... prefers to play alone with one or two children, or it attaches itself to a favourite grown-up. It does not as yet participate in group activities, either because it is afraid of large numbers or because its impulsiveness and lack of perseverance result in withdrawal from the group ...From about the fifth(3) year the child undergoes a complete metamorphosis in this respect."(4) Na die vyfde jaar neem die kind dan ook deel aan groepspele waarvan die kenmerkende is dat voorkeur gegee word aan die spele waar sekere voorgeskrewe bewegings deur almal saam uitgevoer moet word terwyl bypassende deuntjies gesing word. „The game must be carried out as if it were a task which serves to unite the still loosely organized/.....

---

(1) Kuypers : De Ziel van het Kind, 180 v.v.

(2) Brooks : Psychology of Childhood, 369 - 371.

Coetzee : Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 233-234

(3) Dit wil sê die begin van sy sesde lewensjaar.

(4) Bühler : From Birth to Maturity, 139 - 140.

organized group".(1)

As die vraag nou gestel word of daar in die feite wat oor die sielkundige ontwikkeling van die voorskoolse kind beskikbaar is, iets gevind kan word wat aandui dat dit nodig of nuttig sou wees om vir hierdie kinders 'n jeugorganisasie te stig, dan moet ek ontkennend antwoord. Die kind reageer wel baie vroeg in sy lewe reeds positief op sosiale prikkels, dit soek sosiale kontakte en sluit vriendskappe met ander kinders, maar van vriendekringe is daar voor die sesde lewensjaar nog geen sprake nie. Die nodige sosiale kontakte vind hy in sy eie huislike kring. Daar is wel aanpassingsmoeilikhede maar dit is 'n aanpassing tussen die kind en die wêreld van goed en kwaad, reg en verkeerd, en dit is die taak van die ouer om die kind in hierdie aanpassingstryd te help. Baie van die sosiale afwykinge wat in latere jare mag ontstaan, vind hulle oorsprong in hierdie tyd en daarom rus daar 'n dure plig op die ouerpaar om die kind wat deur God die Here aan hulle toevertrou is, te leer verstaan en in te lei in die ingewikkelde sosiale situasies wat so vroeg reeds in die kinderlewe tevoorskyn tree. Op hierdie stadium is die ouer nog in staat, of behoort hy in staat te wees om dit te doen sonder die hulp van ander middele soos jeugorganisasies, ens.

c) Die laerskoolkind. (6 - 12 jaar.)

Gedurende die eerste jare van die skoollewe vind daar weinig plaas in die sielkundige ontwikkeling van die kind, wat vir ons studie van besondere betekenis is. Sy belangstelling in groepspele neem geleidelik toe, sy liggaamlike vaardigheid verbeter en hy leer langsamerhand om ook die goeie in die van andere en die slegte in sy eie raak te sien, 'n eienskap wat in hierdie jare vir die eerste keer opgemerk word. Die botsinge met die volwasse instellinge is nou 'n minimum. Die kind belewe 'n tyd van kalmte tot

ongeveer/..........

(1) Bühler : From Birth to Maturity, 139 - 140.

ongeveer die agtste of negende lewensjaar. Dan begin sekere verskynsels wat dusver onbelangrik was, betekenis kry.

Die eerste verskynsel wat die aandag hier verdien is die groepgees. Die groep begin nou 'n oorheersende rol in die kind se lewe te speel. Uitsluiting uit die groep is 'n bittere ervaring. Die begeerte om alleen te wees, is nou byna altyd 'n neurotiese verskynsel. Klubs en ander organisasies waarin die lede sekere verantwoordelikhede het, kom nou tot stand. Groepspele geniet voorkeur en veral die soort spele waardeur leierskap ontwikkel kan word.(1) Die kind is nou by uitstek 'n sosiale wese.

Die groepgees bereik 'n hoogtepunt na die kind se tiende lewensjaar, wanneer dit kulmineer in die vorming van bendes wat heel onskuldig van aard kan wees, maar wat ook gevaarlike antisosiale neigings kan vertoon. Lojaliteit teenoor die bende in sy geheel en teenoor die leier daarvan is een van die mees kenmerkende eienskappe. Alle ondernemings deur die groep en enkelinge is net vir die groep.(2) Deur kollektiewe optrede ontstaan daar 'n bendetradisie, 'n esprit de corps, 'n groepgees wat nie maklik geëwenaar kan word nie. Dit is die solidariteit, die saamhorigheidsgevoel en die awontuurlike in die bendelewe wat so 'n groot aantrekkingskrag het.(3) Dit word dikwels beweer dat bendes van die misdadigertipe nie in ons land bestaan nie. Die bewering is verkeerd. Skrywer hiervan het jare gelede in Bloemfontein so 'n bendeleier persoonlik geken en 'n paar jaar gelede was daar nog 'n vroeëre lid van so 'n Johannesburgse bende by hom in die koshuis. Die getuienisse wat deur hierdie kinders in verband met jeugmisdaad afgelê word, is ysingwekkend. 'n Nuusberig af en toe in een of ander koerant is ook oortuigend genoeg dat sulke

bendes/..........

---

(1) Bühler : From Birth to Maturity, 150.

(2) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 212.

(3) Brooks : Psychology of Childhood, 390.
Garrison : Adolescence, 207.

bemdes wel in ons groot stede bestaan.

'n Tweede verskynsel wat in verband met hierdie tydperk genoem moet word is die kind se besondere lewenslus wat gedra word deur die liggaamlike krag en energie wat hy in hierdie jare besit. „One of the most outstanding and significant characteristics of the phase from 8 to 12 is that it marks a culmination in the developement of physical strength and vitality."(1) 'n Tienjarige seun skrywe in sy eie dagboek: „I am strong and vigourous. I stand straight, my arms and legs are strong." En 'n tienjarige dogter : „I am very brave I like to do things that require courage."(1) Liggaamlike krag speel hier 'n geweldige rol en dit stel die kind in staat om te klim en te klouter, te hardloop en te spring, op jag te gaan en skyngevegte te voer, aktiwiteite wat nie net in sy spel nodig is nie, maar ook in sy „verowering van die wêreld."(2)

Die aanhalings hier bo bring ons tot 'n derde verskynsel wat in hierdie jare so opvallend is : die selfversekerdheid van die kind wat tot openbaring kom in grootpratery en soms selfs in die vertel van growwe onwaarhede waarin hy self verheerlik word. Die kind kan nou alles doen; vir niks deins hy terug nie. „Ook in hun beroepsidealen straalt een geweldig gevoel van eigen kracht en kunnem door. Zy willen iets worden waarby zy heersen in het groot: kapitein by de grote vaart, machinist op het nieuwe model locomotief, dictator, voetbalkampioen, motorracer, ens." Hierdie verskynsel openbaar hom egter by die dogter veel geringer as by die seun.(3)

Daar is nog 'n verskynsel wat in verband gebring kan word met die selfversekerdheid van die kind of met sy met energie belaaide neigings. Die kind rig hom nou tot die wêreld buite hom; uit die sprokiesleeftyd het

dit/...........

(1) Bühler : From Birth to Maturity, 144.

(2) Willemse : Die sorg vir ons kinders en jeugdiges, 22.

(3) Langeveld : Inleiding tot de Paedagogische Psychologie, 41.

dit ontwikkel tot die leeftyd van „doen". „De puerale periode is een tyd waarin het Ik niet louter met zichself bezig is, maar waarin dit met sterk naar buiten gerichte activiteit de wereld aanpakt". (1)

d) Die bestaan van 'n behoefte.

Dit was nie nodig om hier bo verder te gaan met die bespreking van die sielkundige verskynsels by die laerskoolkind nie. Daar is genoeg gesê om te kan aflei dat daar by die kind van hierdie leeftyd 'n werklike behoefte aan 'n jeugorganisasie in een of ander vorm bestaan, of dit nou al 'n klub of 'n bende of iets anders is. Die kind het behoefte om ingeskakel te word by die gemeenskap en by voorkeur by 'n selektiewe groep, hoewel hy geen behae in vaste reëls en organisasie het nie.

As die vraag nou miskien mag ontstaan waarom die begeerte of neiging van die kind in hierdie geval 'n behoefte genoem word, dan moet daarop gewys word dat die mens nie deur sy eie keuse 'n sosiale wese geword het nie, maar dat hy deur God die Here so geskape is. Hy bestaan in en deur die gemeenskap en as hy as gevolg van die ontwikkelingstadium wat hy bereik het, na sosiale kontakte soek of begeer om in 'n gemeenskap ingeskakel te word, dan is dit 'n werklike behoefte wat ontstaan.

Hiermee wil ek nie beweer dat die menslike lewe net in die sosiale gemeenskap tot volle verwesenliking kan kom nie. Christus Self het die eensaamheid opgesoek toe Hy in die Hof van Gethsemane in een van die donkerste ure van Sy lewe op die aarde, die gemeenskap van God die Vader gesoek het. Daar is ook geen hoër verwesenliking van die lewe denkbaar as die versoening tussen God en die mens nie. Daardeur word die mens dan weer in die regte

verhouding/......

---

(1) Langeveld : Inleiding tot de Paedagogische Psychologie, 42.

verhouding teenoor God, sy Skepper, gestel. En hier staan die mens dan in 'n persoonlike verhouding teenoor God die Here. Wat ruimte betref is hy miskien vir die oomblik uitgeskakel uit die sosiale gemeenskap van mense, maar ingeskakel in die intiemste gemeenskap met God. So vind die lewe sy verwesenliking hier nie in die sosiale gemeenskap nie, maar daar buite.

Dit is egter maar die een kant van die saak. Vir die Calvinis is dit nie net gemeenskap nie en ook nie net individu nie, maar individu en gemeenskap. Albei is gelykwaardige begrippe.[1] So is die bruidskerk van Christus dan ook die gemeenskap van die gelowiges. En waar kan die lewe ooit tot 'n hoër verwesenliking kom as wanneer dit in daardie gemeenskap van geluksaliges opgeneem word? Dit is die wil van God dat die mens sy plek as gelowige in die gemeenskap van gelowiges en as sosiale wese in die sosiale gemeenskap sal inneem. „Jy moet jou naaste so lief hê soos jou self", is dan ook 'n gebod wat in breë trekke die hele gemeenskapslewe van die mens omvat. En as die kind nou sy plek in die gemeenskap wil inneem, dan is dit duidelik dat ons hier te doen het met 'n lewensbehoefte wat voortspruit uit die eieaard van die kind, soos hy deur God Self geskape is.

Uit die voorgaande moet egter nie afgelei word dat alle sosiale neigings van die mens nou as gaaf en goed aanvaar moet word, omdat hulle deur God so geskape is nie. Nee, die mens is in sonde en ongeregtigheid ontvang en gebore en geneig tot alle kwaad. Die misdadigerbendes is maar één bewys van die sondige wat daar in die menslike neigings skuil. Daarom rus daar juis so 'n groot verantwoordelikheid op die ouers om oor die geestelike welsyn van hulle kinders te waak, om toesig te hou en leiding te gee. Deur hierdie leiding word die vryheid van die kind nie opgehef nie maar veronderstel. Die ouer moet alle geoorloofde middele/....

---

(1) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 209.

middele hiervoor gebruik. Die jeugbeweging is sekerlik een van hierdie middele wat dus nie verontagsaam mag word nie.

Daar is nog 'n belangrike vraag wat hier ontstaan. Hoe kan daar dan 'n behoefte aan inskakeling by die gemeenskap wees terwyl die kind van sy geboorte af aan reeds by die huislike kring ingeskakel is? Dit behoort tog voldoende te wees. Nee, dit is nie voldoende nie. In die ingewikkelde struktuur van die hedendaagse samelewing is dit nodig dat sosiale kontakte buite die huislike kring en inskakeling buite die huislike gemeenskap gevind sal word. Ons staan hier nog maar by die beginstadium van daardie behoefte wat hom gedurende die puberteitsjare van die jeug met veel meer heftigheid sal openbaar.

Op die vraag of dit dan nie die taak van die skool is om in al die opvoedkundige behoeftes waarin die huis tekort skiet, te voorsien nie, en of die jeugbeweging nie indring in die werksaamhede van die skool nie, wil ek hier nie antwoord nie. Dit is 'n vraagstuk wat onder die opvoedkundige grondslae van die Voortrekkerbeweging behandel sal word.

Daar moet nog 'n slotopmerking in hierdie verband gemaak word. Ek gaan natuurlik hier van die veronderstelling uit dat daar 'n algemeengeldende sielkunde van die kind bestaan. Anders sou ek nie tot hierdie gevolgtrekking gekom het nie. Die eksperimentele studies waarvan ek reeds melding gemaak het, is nie in ons land uitgevoer nie. Ons moet egter aanneem dat die algemene beginsels ook vir die Afrikaanse kind geldend is maar met sekere variasies wat aan plaaslike omstandighede, ras, ens. toegeskrywe moet word. Die variasies is egter gering genoeg om dit hier buite rekening te laat.

e) Die/...............

e) Die hoërskoolkind (Ongeveer 12 jaar tot 18 jaar.)[1]

Die aanvang van die hoërskooljare bring ons by die aanvang van die puberteit, die eerste fase van die moeilikverstaanbare adolessente leeftyd. Dit is by uitstek die moeilike tydperk in die ontwikkelingsgang van die jeug, moeilik vanuit sy eie standpunt maar ook moeilik vanuit die standpunt van die ouers, die volwassene, die gemeenskap. Die latere adolessensie word gekenmerk deur 'n groter besinning en kalmte as die puberteitsjare. Vir my doel is dit egter nie nodig om aandag aan die latere fase te gee nie. As dit in die hoërskool-jare nog intree, dan is die skoollewe al ver gevorder en is die einde daarvan reeds in sig. Duidelike grenslyne is hier ook nie moontlik nie.

Daar is reeds boekdele oor die ontwikkeling van die jeug in die puberteitstadium geskrywe en daar sal seker nog baie boekdele volg. Elke nuwe generasie het nuwe probleme en sal die jeugprobleem vanuit 'n nuwe standpunt moet benader. So het die eerste helfte van die twintigste eeu reeds die opkoms van die jeugbeweging belewe, 'n verskynsel wat nuut was in die loop van die eeue. Ons lewe in die eeu van die kind, die emansipasie van die jeug, wat sekerlik vir die komende geslagte nuwe probleme sal lewer. Die werklike implikasies van die nuwe verskynsel kan deur ons wat midde in die eeu lewe, alleen voorspel word. Die komende geslagte sal dit ervaar. Dit lê op ons die dure plig om in die hede die maatreëls te tref wat ondergang en uitwissing in die toekoms sal voorkom. Daarvoor is allereers nodig dat ons die probleemsituasies sal begryp en dat ons ons rekenskap sal vra van die moontlike implikasies van ons dikwels lompe opvoedingspraktyke.

Die moeilikhede van die puberteitsjare is aanpassingsmoeilikhede, innerlike aanpassing by 'n eie, snelontwikkelende/......

(1) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 305 - 314.

snelontwikkelende, selfstandigwordende persoonlikheid en uiterlike aanpassing by 'n reedsgevestigde, onveranderlike, vir die jeug belemmerende en onverstaanbare lewensvorm wat ons „kultuur"noem. In hierdie aanpassingstryd is die regte leiding nodig. Dit veronderstel 'n grondige begrype van die innerlike wese van die jeug en van sy plek, sy taak en sy roeping in die samelewing met sy gevestigde kultuur. Ek wil dan sekere sielkundige verskynsels wat die tweeledige aanpassingsproses so bemoeilik, baie kortliks skets, nie as twee aparte geïsoleerde verskynselgroepe nie, maar as 'n eenheid van veranderlike en botsende beginsels in die sielelewe van die jeug.

Die puberteit neem in die meeste gevalle 'n aanvang van die kind se twaalfde tot sy vyftiende lewensjaar. Daar is egter verskille tussen seuns en dogters, tussen ras en ras, tussen individuele kinders.[1] Ook is daar merkbare verskille wat aan klimaatstoestande, ekonomiese en industriële lewensomstandighede en higiëniese faktore toegeskrywe moet word.[2] Die duur van die puberteitsfase hang ook van verskillende faktore af. Psigoloë verskil ten opsigte hiervan omdat daar geen duidelike grenslyne getrek kan word nie en omdat die terme „puberteit" en „adolessensie" nie vir almal presies dieselfde betekenis het nie.[3] Vir my doel is dit alleen van belang om te weet dat die hoërskoolkind reeds by die aanvang van die hoërskooljare al in die puberteitstadium verkeer of anders gou daarin sal wees. Ons moet dus in die hoërskool met die verskynsels van hierdie lewensfase goed rekening hou. En al is dit waar dat daar na die puberteitsjare 'n tydperk van groter kalmte intree, vir my doel is dit die puberteitsfase in die ontwikkeling van die wordende mens wat van die grootste belang is.

Van/............

(1) Coetzee: Beginsels en metodes van die middelbare Onderwys, 13.

(2) Pringle : Adolescence and High-school Problems, 40 - 42.

(3) Knoppers: Jeugd en Jeugdbeweging I, 94.

Van fisiologiese oogpunt beskou, word die puberteitsjare gewoonlik gesien as die tydperk van geslagtelike rypwording wat gepaard gaan met allerlei fisiologiese veranderinge en klierafskeidinge. 'n Buitengewone liggaamlike groei veroorsaak abnormale verhoudinge tussen die verskillende liggaamsdele. Die lewenskragtigheid van die kinderjare maak plek vir lusteloosheid en lompheid. Die jeug verloor die absolute kontrole oor sy liggaamsbewegings en die perfekte spierkoördinasie van die kinderjare verdwyn. Hoewel hierdie verskynsels nie altyd dieselfde afmetings aanneem nie, is hulle gewoonlik aanwesig al is dit dan ook maar in 'n baie geringe mate. En dit het sy uitwerking op die jeugdige gemoed. Dit lei tot selfbewustheid, terughoudenheid, oordrewe skaamtegevoel, en 'n gevoel van minderwaardigheid.(1)

Terselfdertyd vind daar ook belangrike psigiese ontwikkelinge plaas. Een daarvan is die verskynsel van differensiasie. Dis nie soseer die omvang van die gesigsveld van die jeug wat in hierdie jare so snel uitbrei nie; dis meer 'n verskerping van die helderheid waarmee onderskeie dele en dus ook kontraste gesien word.(2) Alle sintuie word skerper en gevoeliger; oor en oog gaan vir die werklikheid oop. Dit is die leeftyd van die impressionisme waarin menigerlei indrukke ontvang word, die belangstelling in die objektiewe wêreld toeneem en die hele verhouding tot die omgewing verander.(3) Die puber sien die wêreld dus nou anders as voorheen, maar sy eie innerlike psigiese veranderinge dring nie tot hom deur nie. Hy moet hom by 'n „nuwe wêreld" aanpas, waarteen sy kinderlike gevoel hom

verset,/.....

---

(1) Averill : Adolescence, 44 - 47.

(2) Kohnstamm : Schepper en Schepping, 417.

(3) Bavinck : Opvoeding der Rypere Jeugd, 141.

verset, want kind is hy nog by uitstek en dit sal lank neem voordat hy hom aan die kinderlikheid self sal kan ontworstel.

Die veranderinge, fisies sowel as psigies, veroorsaak vermoeidheid, lusteloosheid, verdrietige stemminge, oorgevoeligheid en prikkelbaarheid.(1) Die selfversekerdheid van die kinderjare maak plek vir angsvolle onsekerheid, vir onrus in die jeugdige gemoed, vir innerlike gewaarwordinge wat deur die jeugdige nie verstaan word nie. Die onsekerheid blyk uit uittreksels uit die dagboeke van jeugdiges : „Vanaand voel ek sleg. Daar is baie dinge wat ek nie verstaan nie. Daar is baie dinge waaroor ek swaar voel, maar ek vertrou dat dit beter sal gaan". En dan klink dit weer : „Ek voel vandag nie lekker nie, daar is iets, ek weet self nie wat nie, wat my vreeslik hinder". Of : „Moeg is ek vanaand - werklik moeg, liggaamlik sowel as verstandelik. Waarom weet ek self nie. Dis nog vroeg in die jaar en week. Miskien is dit omdat ons vandag weer die hitte van die naderende woestyn moes smaak. Miskien omdat ek baie moes sukkel met die donkies en hul nukke. Miskien vandag en vanaand se baie huiswerk. Ek weet nie. Lus het ek ook nie bra vir iets nie. Selfs musiek het nie 'n helende werking op my rustelose gemoed nie....Wat skeel dan? Seker die eensaamheid van my siel wat ek voel - die troostelose eensaamheid. Gebrek aan medelye. Of miskien die lus vir slaap. Of is dit verlange? Sentiment speel tog 'n groot rol. Nee, ek dink dis menslike gevoelens en humeure en niks meer nie, of is ek aan twyfel" (2) Geen verstandelike beredenering, hoe nugter ook al, kan die innerlike gewaarwordinge van hierdie veertienjare dogter vir haar verklaar nie.

Die troostelose/........

---

(1) Bavinck : Opvoeding der Rypere Jeugd, 141.

(2) Niemann : Die Puberteitslewe van Meisies, 39 - 41.

(

Die troostelose eensaamheid waarvan die dogter melding maak, is 'n kenmerk van die puberteitstadium. Dit ontstaan as gevolg van die feit dat die jeug homself nie verstaan nie en dat hy deur g'n mens begryp word nie.[1] Maar dit is nie al nie. Die eensaamheid is ook die gevolg van die ontwaking van die persoonlikheidsbesef, die ontdekking van die eie Ek, met 'n ondeurgrondelike eie wese. Die probleme dring nou deur tot die eerste beginsels van die werklikheid, die diepste gronde vir die menslike bestaan en wese. Die jeug filosofeer oor die dinge van hemel en aarde, van die hede, verlede en toekoms.[2] En dan word die eensaamheid gevoel, wat deur Spranger as volg beskryf word : „Er bestaat niemand, die zoo vol van vurig verlangen uit zijn gevangenis naar buiten blikt, als de jeugdige mens. Er bestaat niemand die in zijn diepe eenzaamheid zoo naar contact en naar begrepen te worden smacht, als de jeugdige mens. Er is niemand, die zoo van verre staat en roept.......".[3] En dan voeg hy in die voetnoot by : „Maar wel te verstaan : Het is geenszins alleen een smachten naar menschen; het is metaphysische algemeene versmachting". Dis 'n hunkering wat ontstaan as gevolg van 'n onverklaarbare behoefte wat daar diep in die wese van die jeugdige gemoed skuil.

Hoewel die buie van eensaamheid en neerslagtigheid telkens weer terugkeer, is dit nie 'n ononderbroke verskynsel nie. Die een oomblik lê die jeugdige in die diepste dieptes van vertwyfeling om die volgende oomblik op te styg tot die hoogste toppe van geluksaligheid, onewewigtig, veranderlik, onrustig, so is die jeug 'n toonbeeld van uiterstes. In hom is alles kontras en verwarring. „De jongens zelf en alle verschijnselen, die hij

vertoont,/.......

(1) Keyter : Opvoeding en onderwys, 69.

(2) Kooistra : Onze groote Kinderen, 32.

(3) Spranger : Psychologie der Jeugd, 60.

vertoont, zijn voortdurend met zichself in tegenspraak, daarom is hy onberekenbaar, wispelturig, prikkelbaar, steeds geneigd zijn gevoelens te overdrijven".[2] Hy kan haat en liefhê en wreed wees met 'n ongekende heftigheid. In ongevoeligheid sal hy hulle wat hom liefhet, leed aandoen, maar ten opsigte van die smarte van sy „beminde" of van sy „held" sal hy homself oorgevoelig vertoon. Ywer wissel by die jeug gedurig af met traagheid, leersug met min belangstelling, selfvertroue met 'n minderwaardigheidsgevoel, selfsug met naasteliefde, konserwatisme met revolusionêre ideës. „Hy ken alleen goed en sleg, geen tussenskakeringe of kompromis nie en neem geen omstandighede in aanmerking nie". [1] Mense of dinge vervul hom óf met simpatie óf met antipatie. Wat daartussen in lê ken hy nie. Daarom bots hy onophoudelik met sy omgewing en reageer hy daarop met verset, brutaliteit en verwaande praatjies.[2]

Die onewewigtigheid van die jeug veroorsaak dus botsinge met die gemeenskap en die ouerlike gesag. As gevolg van sy buierigheid en sy verskerpte insig waardeur hy nou die onvolmaakte en die bloot menslike in sy ouers ontdek en dus sy onwrikbare vertroue in hulle verloor, ontstaan daar konfliksituasies tussen ouer en kind. Die onderlinge verhouding tussen die ouerpaar is hier van die grootste belang. Averill skrywe baie van die moeilikhede van die jeug in hierdie jare toe aan die wanverhouding wat daar tussen die vader en die moeder bestaan het. „The energies that should be devoted to making an adequate setting in which the children may pass through the critical years are dissipated in marital conflict, selfpity or rebellion".[3] Die gevolg hiervan is verwydering tussen ouer en kind juis in die jare waarin daar so 'n diepgevoelde

behoefte/........

(1) Keyter : Opvoeding en Onderwys, 67.

(2) Kohlbrugge : Practische Sociologie IV, 8.

(3) Averill : Adolescence, 78.

behoefte - en dit is dan ook in alle erns 'n behoefte en niks anders nie - aan leiding by die jeug bestaan, en die kind begin kontakte buite die huislike kring soek.

'n Gesonde huislike atmosfeer kan dus tot 'n groot mate kalmerend inwerk op die onstuimige gemoedslewe van die puber. En tog mag ons die oorsake vir die moeilikhede nie hoofsaaklik aan huislike omstandighede toeskrywe nie. Prof. Kohnstamm skrywe die botsinge toe aan die feit dat die jeug hom uit sy huislike verband wil los maak. Dan voeg hy daarby : „En laat ons niet vergeten, dat dit zijn volstrekt onontwijkbare plicht is". Die wapen wat die jeug dan hiertoe gebruik is die kritiek wat „niet altijd - zelfs meestal niet - bezonnen en bezonken is en van groote wijsheid getuigt".[1] Ook Spranger noem die strewe na emansipasie in hierdie jare 'n lewensnoodsaaklikheid en nie die uiting van blote koppige ongehoorsaamheid of liefdeloosheid nie.[2] Die puberteit word dikwels 'n „tweede geboorte" genoem en 'n gesonde huislike atmosfeer waarin daar harmonie in die verhoudinge tussen die lede van die huisgesin bestaan, kan die geboorte nie verhoed nie, maar dit kan lei tot kalmte, tot ontspanning, tot 'n „pynlose geboorte". Verkeerde huislike verhoudinge werk altyd belemmerend in op die selfstandigwording van die jeug.

Die drang tot selfstandigwording volg op die ontwaking van die persoonlikheidsbesef,[3] wat 'n algemeenaanvaarde, kenmerkende eienskap van die puberteitstadium is. Die puber kom tot die besef dat hy bestemd is om as 'n aparte, selfstandige persoonlikheid op eie bene te staan, 'n eie lewe te voer, die volle verantwoordelikheid/...........

---

(1) Kohnstamm : Schepper en Schepping, 419.

(2) Spranger : Psychologie der Jeugd, 50.

(3) Keyter : Opvoeding en Onderwys, 66.

verantwoordelikheid vir elke daad te dra.[1] Hierdie houding van die jeug moet goedgekeur word. Maar selfstandigwording is nog maar die voorspel tot selfstandigheid self. Deur gebrek aan kennis en ervaring en as gevolg van psigiese en liggaamlike onrypheid kan die jeug egter nie al dadelik selfstandig wees nie. En tog lei sy inbeelding van selfstandigheid daartoe dat hy alles aan sy eie kritiek wil onderwerp, dat hy alles onder sy persoonlike oordeel wil laat deurgaan en dat hy as 'n selfstandige en dikwels as 'n volwasse mens behandel wil word. Daarom knoop hy dan ook dikwels 'n stryd aan teen die reëls en die insettinge van sy eie ouerhuis.[2] Waar die ouerpaar die agtergrond van hierdie gedrag nie verstaan nie, loop dit uit op pynlike botsingsituasies.

Baie nou verbonde aan die ontwaking van die persoonlikheidsbesef vind ons die drang tot selfhandhawing, 'n verskynsel waarin Spranger tereg „zoowel het edelste als het minswaardige" sien.[3] Dit openbaar hom by die jeug in tallose vorme wat varieer van „een geest van tegenspreken af tot openlijken tegenstand en vernielzucht toe". Spranger wys verder daarop dat die surplus van subjektiewe kraggevoel wat hier geopenbaar word, van soveel belang vir die psigiese ontwikkeling van die wordende mens is, dat die genoemde verskynsel nie onderdruk mag word nie. Wat nodig is, is 'n grondige begrype van die jeug.[4] Ek beaam die standpunt. 'n Onderdrukking van die drang tot selfhandhawing lei tot noodlottige gevolge vir die persoonlikheidsvorming van die jeug. Die konfliksituasies is egter dikwels so ingewikkeld dat 'n vreedsame oplossing moeilik gevind kan word.

Daar/.............

(1) Kohnstamm : Schepper en Schepping, 418 - 419.

(2) Kohlbrugge : Practische Sociologie, 9, 10.

(3) Spranger : Psychologie der Jeugd, 167.

(4) Ibid : 180.

Daar is nog 'n verskynsel wat baie nou saamgeweef is met die ontwaking van die persoonlikheidsbesef en dit is die drang na vryheid. „Die rypende jeug streef na ruimte om in te beweeg en na persoonlike vryheid."(1) Dit lei tot allerlei konfliksituasies in die huislike kring en in die skool.

Ek het 'n paar oorsake vir die botsinge in die huislike kring genoem en ek het reeds gewys op die troostelose eensaamheid wat daar in die jeugdige gemoed kan ontstaan as gevolg van die feit dat hy homself nie verstaan nie en dat hy nie deur andere verstaan word nie, selfs nie deur sy ouers nie. Die jeug soek dus na iemand wat hom verstaan, aan wie hy sy leed kan vertel, aan wie hy sy geheime kan toevertrou. Hy soek na kontakte, na 'n uiting vir sy onstuimige gemoed. En as hy dit nie by die sosiale gemeenskap vind nie, dan trek hy hom terug in homself, dan word hy vir 'n tydlank anti-sosiaal. Onderstaande ongepubliseerde gediggie, geskrywe deur 'n seun wat ek goed geken het en wat 'n besonder moeilike puberteitstadium moes deurworstel, getuig van diepgevoelde „smart" en „leed" en 'n begeerte om daaraan uiting te gee, om met iemand wat hom verstaan, daaroor te praat, om 'n ware vriend te besit aan wie hy sy geheime kan toevertrou.

„Voordat ek saans begin met werk,
Dit kan jy elke awend merk,
Gaan ek eers na my bruggie.
By daardie bruggie oor die voor
Waar mens die waterstroompie hoor,
Waai so 'n sagte luggie.

„Daar praat ek dan van al my smart,
Ek open my gehele hart
Vir daardie klein ou bruggie.

Hy weet/.............

---

(1) Coetzee : Beginsels en metodes van die middelbare Onderwys, 30.

Hy weet van alles wat my kwel;
Ek het hom al my leed vertel,
Vir hom en vir die luggie.

„As ek dan weer begin te werk
Voel ek my heeltemal versterk
Deur daardie lewe bruggie.
Ek weet dat hy ook van my hou;
Ek kan hom as 'n vriend vertrou,
Vir hom en vir die luggie."

Die jeugdige bly egter nie in hierdie toestand van teruggetrokkenheid nie. Hy worstel homself daaruit. Dan soek hy na lewende kontakte, na 'n held wat hy kan vereer[1] - al is dit dan maar net deur sy fantasieë - of na 'n ware vriend aan wie hy sy geheime leed kan toevertrou, of na ander jeugdiges van dieselfde leeftyd wat hom sal verstaan omdat hulle dieselfde probleme het. Die aansluitingsbehoefte is ook 'n uiting van die ontwikkelende gemeenskapsgevoel, van die vormende sosiale bewussyn van die jeug.[2] Dit lei dan tot allerlei klubformasies en groepvorming in hierdie jare.

Volgens Spranger is dit van belang dat ons skerp sal onderskei tussen organiese vorme in die samelewing en organisasies wat dikwels 'n an-organiese karakter dra. Spranger beweer dat eersgenoemde uit die drang van omstandighede gebore is, terwyl laasgenoemde deur die menslike verstand uitgedink is.[3] Waar die eerste op instink berus, daar/.............

---

(1) Keyter : Opvoeding en Onderwys, 69.

(2) Kohlbrugge : Practische Sociologie IV, 21.

(3) Uit die verband lyk dit nie asof Spranger die Boy Scout-beweging hier as 'n organiese vorm wil aanvaar nie. En tog het die genoemde beweging uit die drang van omstandighede ontstaan. Ek glo nie dat dit kenmerkend is van die wese van 'n organisasie dat dit altyd 'n anorganiese karakter moet dra nie.

daar berus die tweede op tug. En nou is dit wel waar dat die jeug in hierdie stadium aangetrokke voel tot bestaansgemeenskappe, maar dan in die sin van organiese vorme en nie in die sin van organisasies nie. Die jeug voel wel 'n neiging tot 'n los onderlinge verband en tot intensiefpersoonlike uitwisseling van gevoelens, maar dit het 'n besliste afkeur in organisasies met hul kunsmatige, byna meganiese reëling van verhoudinge, met hule eensydige doelstellinge. Die jeug besit nie slegs in geringe mate die gawe om hulle self te organiseer nie, maar dit is ook moeilik te vinde vir 'n aaneensluiting tot organisasies van meer as 'n persoonlike inhoud. Hier tree bowendien ook nog die wil van iemand anders op en „het instinctmatige persoonlijkheidsanarchisme ontwaakt zoodra er iets van buiten in het leven der jeugd moet worden aangebracht". Volgens Spranger bestaan daar egter één uitsondering op hierdie reël : as die doel van die organisasie op 'n sterk en 'n verhewe gedagte gerig is, dan word die jeug maklik daardeur meegevoer. Die idealisme van die jeugdige gemoed oorwin dan die neiging tot individualisme. So lank as wat die geesdrif dan voortduur, is die jeug tot groot dinge in staat. Maar die ywer verflou weldra en dan val die jeug weer terug tot die groeps- of persoonlikheidsindividualisme. (1)

Die idealisme van die jeug staan in die nouste verband met sy fantasie. Deur sy fantasie skep hy vir hom 'n ideale wêreld, 'n droomwêreld wat hy vir werklikheid aanvaar, waarin hy 'n medewerker en dikwels die hoofpersoon is, waarin hy 'n belangrike en edele rol speel, waarin hy hom openbaar as 'n kragsmens, 'n lewensredder, 'n held, 'n ideaal. Sy ideale is dan ook altyd aan 'n mens verbonde en omvat die eienskappe wat hy self begeer. Daarom staan die idealisme van die jeug, net soos sy

fantasie,/......

(1) Spranger : Psychologie der Jeugd, 257 - 259.

fantasie, in diens van die persoonlikheidsvorming. „De phantasie is een kostbare gave, geestelike scheppingsgave, die den mensch nuwe banen wijst, die op hem den stempel van zijn oorspronkelijkheid drukt.....die hem doeleinden geven om naar te streven, en idealen welke hem optrekken, die hem doet meeleven met anderen en anderen met hem".(1) In hierdie tydperk ondervind die jeug dan ook 'n besondere behoefte aan „die inspirerende voorbeeld en aan sulke wêreld- en lewensbeskouinge waarin idealisme die botoon voer."(2)

Voordat ek met die sielkundige verskynsels in die hoërskooljare afsluit, wil ek nog 'n paar opmerkings oor die aanpassingsmoeilikhede van die jeug maak. Spranger wys op die ingewikkelde kultuurvorme wat in elke opsig lynreg teenoor die innerlike struktuur van die jeugdige sielelewe te staan kom. Die jeug tref die samelewing aan as 'n voltooide produk op 'n heel gevorderde trap van ontwikkeling, terwyl die jeug self van verandering en groei hou. Die volwasse gemeenskap is tot in die fynste besonderhede gereël, terwyl die jeugdige na ongebondenheid en bewegingsvryheid verlang. Die jeug wil hom inskakel in 'n totale lewensgemeenskap, hy wil die lewe as een groot totaliteit ervaar terwyl die geïndustrialiseerde maatskappy berus op spesialisering en arbeidsverdeling wat so 'n totaliteit van lewenservaring onmoontlik maak. Die moeilikhede van die puberteitsjare is aanpassingsmoeilikhede wat in hierdie botsende verskynsels gesoek moet word.(3)

f) <u>Die vraag of daar 'n behoefte aan 'n jeugorganisasie vir die hoërskoolkind bestaan.</u>

Met hierdie uiters onvolledige en fragmentariese skets/....

(1) Kooistra : Onze Groote Kinderen, 33.

(2) Koster : Opvoeding en Onderwys, 77 - 78.

(3) Spranger : Psychologie der Jeugd, 164 - 165.

fragmentariese skets van die sielelewe van die jeug, het ek gekom tot die vraag of daar vanuit Calvinistiese standpunt beweer kan word dat daar 'n behoefte aan 'n jeugorganisasie vir die hoërskoolkind bestaan. Ek wil hierdie vraag kortliks beantwoord.

Die eerste verskynsel wat hier aandag verdien, is die gevoel van eensaamheid by die jeug. Dit lê seker nie op ons weg om daarop in te gaan in hoeverre hierdie gevoel in die diepste grond van die menslike bestaan as godsdienstige wese wortel nie.(1) Maar die mens alleen kan die gevoel van eensaamheid nie heeltemal wegneem nie. Hy kan net troos. Daarom bestaan daar by die jeug 'n behoefte aan iemand wat hom begryp, aan wie hy sy persoonlike leed en smart kan vertel en sy geheime kan toevertrou. Dit is egter 'n persoonlike verhouding van mens teenoor mens waaraan hier 'n behoefte gevoel word en geen jeugorganisasie kan daarin voorsien nie.

Ten spyte van hierdie mens tot mens verhouding, bestaan daar ook 'n behoefte aan positiewe kontakte met 'n lewende gemeenskap. By die volwassenes kan hy om drieërlei redes nog nie ingeskakel word nie : Eerstens is hy nog nie „ryp" genoeg nie, tweedens wil hy nie by hulle ingeskakel wees nie en derdens wil die volwassenes hom nog nie in hulle gemeenskap opneem nie. Tot die kindergemeenskap kan hy nie weer terugkeer nie. Daarom bestaan daar nou 'n diepgevoelde behoefte aan inskakeling by jeugdiges van dieselfde lewensfase. So ontstaan geselskappe, vriendekringe, klubs, verenigings, as 'n bewys van die gevoelde behoefte.

Hierdie behoefte word nie deur ongesonde huislike toestande geskep nie. Kragtens die eie aard van die jeug met 'n taak en roeping in die samelewing, moet dit ingeskakel word in 'n gemeenskap waar dit gevorm kan word na die eise van sy eie natuur en van die gemeenskap. Hoeseer broers en susters ook al van mekaar verskil, tog is die huisgesin

as/.......

(1) Waterink : Puberteit, 134.

'n groep gekenmerk deur 'n eensydigheid wat slegs deur die inwerking van heeltemal vreemde elemente verander kan word.[1] Die lewenstaak verg egter van die mens veelsydigheid. En daarom is dit 'n lewensbehoefte om by so 'n jeuggemeenskap ingeskakel te word. In verband met die „vrije jeugdvorming" sê dr. Knoppers : „Haar bestaansrecht ... ligt in de wetten door God gegeven voor het ... leven der jonge mensch. En wie tegen deze wetten ingaat, doet geweld aan de ziel van den jonge mensch."[2] Ek dink ons het in hierdie uitspraak die werklike grond vir 'n jeugbeweging in die hoërskool.

Daar moet ook nog melding gemaak word van verskynsels by die jeug soos die geldingsdrang, heldeverering, idealisme, ens. Dit is ingeskape karaktertrekke wat in diens van die lewe kan staan, as die regte leiding daaraan gegee word. Maar deur die ontsettende werklikheid van die sonde is die mens tot in sy diepste wese aangetas. Daarom is sy neigings verkeerd. As daar nie met hierdie feite rekening gehou word nie, word die drang tot selfhandhawing wat in sigself goed is, 'n sondige begeerte om te heers; dan lei heldeverering tot mensvergoding en die idealisme van die jeug word gegrond op sondige waardebepalinge. Daarom juis bestaan daar so 'n sterk behoefte aan 'n jeugorganisasie waardeur die aangebore eienskappe in die regte kanale gelei kan word.

Dieselfde geld vir die jeugdige drang om vry te wees. In 'n pragtige werkie oor vryheid toon dr. H.G.Stoker aan dat die mens wat die verwesenliking van sy vryheid, in homself soek, wie se vryheid nie in God veranker is nie, verslaaf en verkneg word deur daardie dinge waarin hy sy vryheidsversekering gesoek het. Die ware Christelike vryheid is dus Gode-verankerd en kan alleen in die vervulling van die Wet van die Here gevind word.[3] In die tyd van losbandigheid/..........

(1) Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 68 - 69.

(2) Ibid, 69.

(3) Stoker : Vryheid, 8 - 20.

bandigheid waarin ons vandag lewe, bestaan daar 'n groot behoefte aan 'n middel om die jeug te leer hoe hulle hulle vryheid in ooreenstemming met die Calvinistiese lewensopvatting moet gebruik.

Daar is nog 'n laaste verskynsel waaraan aandag gegee moet word : die afkeur wat die jeug in organisasies het. Nou is dit wel waar dat 'n organisasie soms 'n gebrek aan lewenskrag kan openbaar en dat dit dan 'n anorganiese karakter kan vertoon maar die anorganiese aard is nie eie aan die wese van elke organisasie nie. Dit was juis my opvatting heel aan die begin van die verhandeling dat 'n beweging alleen hierdie naam mag dra as daar vooruitgang, „groeikrag" is. Ten spyte van sy vaste vorm kan die organisasie dus tog 'n gesonde lewenskragtigheid openbaar.

In verband hiermee moet daarop gewys word dat dit wel waar is dat die jeug ook 'n afkeur aan vaste vorm en omlynde doelstellinge het, maar dit beteken nie dat jeugorganisasies, soos ons hulle ken, in die ban gedoen moet word nie. Die jeug moet wel in aanmerking geneem word, maar dit moet ook geleidelik in die vaste vorme van ons kultuur ingelei word. Dit is ook 'n behoefte. As die jeugorganisasie veroordeel moet word omdat dit 'n vaste vorm vertoon, omdat dit op tug berus en nie op instink nie, dan moet die hele skoolwese veroordeel word.(1)

Dit is dus duidelik dat die behoefte wat daar by die jeug aan 'n eie organisasie bestaan, afgelei kan word uit die sielkundige eienskappe van die jeug. Daar is wel verskillende faktore wat die houding van die jeug ten opsigte van die jeugbeweging sterk kan beïnvloed, maar die bestaan van die behoefte is nie van hierdie faktore afhanklik nie. En nou is dit vir my wonderlik dat daar in die sielkundige en opvoedkundige werke van vooraanstaande opvoedkundiges in ons land nie meer plek aan die jeugbeweging afgestaan word nie.

2. Sosiologiese/......

(1) Ek moet erken dat die moderne beskouing van die opvoeding vaste vorm soveel moontlik uitskakel.

## 2. DIE SOSIOLOGIESE GRONDSLAE VAN JEUGBEWEGINGS.

### a) Die doel van hierdie paragraaf.

In die vorige paragraaf is dit reeds aangetoon dat God die Here die mens so geskape het dat daar vir hom in die dae van sy jeug 'n behoefte aan sosiale aanpassing ontstaan en dat die behoefte bevredig kan word deur 'n jeugorganisasie wat met die wette wat deur God Self in die mens ingeskape is, rekening hou. Hierdeur is daar genoegsame grond vir die bestaan van 'n jeugorganisasie, ook in ons eie land, gevind. Daarom kan dit miskien vorwag word dat ek nou daartoe sal oorgaan om die taak van so 'n jeugorganisasie te omskrywe. Dit kan egter nog nie gedoen word nie. As die taak van 'n jeugorganisasie bloot vanuit psigologiese standpunt benader word, moet die resultate van die ondersoek noodwendig tot 'n eensydige beligting van die probleem lei. 'n Persoon wat die taak van 'n jeugorganisasie net uit sielkundige oorweginge wil bepaal, moet in die interste vorme van individualisme verval. Die mens is wel 'n selfstandige individualiteit maar dit wortel in die gemeenskap. „Individu en gemeenskap kan mekaar nie mis nie; die een kan aan die ander nie ondergeskik gemaak word nie; die een mag nie ten koste van die ander benadruk word nie". (1)

Dit is dan nou die doel van hierdie paragraaf om die behoefte aan 'n jeugorganisasie vanuit die standpunt van die gemeenskap te benader. Net soos die sielkundige eienskappe van die jeug in ons studie noukeurige aandag moes ontvang, so sal die wesentlike kenmerke van die gemeenskap as 'n skepping van God, bestudeer en eerbiedig moet word. En in hierdie studie sal daar dan aandag aan die huisgesin as „primêre opvoedingsinstituut" (2) gegee word. Vorder sal die behoeftes van die samelewing/.....

---

(1) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 209.

(2) Knoppers : Jeug en Jeugbeweging I, 369.

samelewing in sy breëre verband ondersoek word, veral in soverre as wat dit op die vraagstukke van die verhandeling betrekking het. En ten slotte sal daar op die staatkundige aspekte van die bestaande behoefte gewys word. Maar hierdie laaste gedeelte van die paragraaf sal soos vroeër reeds gemeld, nie beskou word as 'n aparte vraagstuk, los van die gemeenskap nie.

b) Die huisgesin en die jeugorganisasie.

Die huisgesin is 'n primêre opvoedingsinstituut, terwyl alle ander opvoedingsmiddele van slegs sekundêre betekenis is. Dit is die fondament waarop staat en gemeenskap, kerk en kultuur rus, die selle waaruit die ganse samelewing met al sy instellinge opgebou is.[1] Die belangrikheid van die huisgesin in die volkslewe kan dus nie oorskat word nie; met sy behoeftes moet terdeë rekening gehou word. Die huisgesin is dan ook van fundamentele betekenis ook vir die doel van hierdie verhandeling.

Die huisgesin is 'n goddelike instelling, „niet door menschen gemaakt,.....eengave Gods".[2] En volgens dr. Knoppers is dit „naar wezen en doel die van God verordende organische samenleving van man en vrou en kinderen,..." Wat die wese van hierdie instelling betref, vervolg hy: „In het gezin ligt die wortel en kiem, waar heel de staat uit opwast, niet volgens uitvinding der menschen maar volgens het bestel van den levenden God. En zoo is het ook ten opsigte van de maatschappy".[3] Die huwelikslewe, wat die grondslag vir die huisgesin is, moet, volgens die Woord van God, beskou word „as 'n instelling wat nie gegrond is in die goeddunke van die skepsel nie, maar in die welbehae van God, onse Skepper".[4]

Die/..............

(1) Knoppers : Jeug en Jeugdbeweging I, 369 - 370.

(2) H. Bavinck : Het Christelyke Huisgezin, 138.

(3) Ibid : 370.

(4) Die Huweliksformulier.

Die huisgesin het dan ook 'n goddelike roeping en taak. Deur die huwelik moet die menslike geslag gebou word. „Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde",[1] is 'n goddelike seën wat terselfdertyd 'n opdrag insluit. En as die kind dan gebore word, dan is dit 'n skeppingsdaad van God Almagtig, en die kind is 'n verbondskind wat in sy diepste wese aan God behoort. Daarom moet die ouers hulle kinders, „as dit God behaag, om hulle dié te gee, opvoed in die ware konnis en vrees van God, tot Sy eer en tot hulle saligheid".[2] Die versorging en die opvoeding van die kind is dus 'n reg en plig wat nie van die ouers ontneem mag word nie. Die reg en plig geld die hele versorging en opvoeding van die kind, wêreldlik en religieus, persoonlik en maatskaplik, liggaamlik en geestelik.[3] Dit is 'n geweldige taak en 'n groot verantwoordelikheid wat hier op die ouerpaar rus.

Uit die wese van die gesin en uit die goddelike roeping tot die taak van die opvoeding van die verbondskind volg dat die gesinslewe nie sonder meer vervang en die taak van die opvoeding nie sonder meer aan andere oorgedra mag word nie. Die ouerpaar is verantwoordelik vir die opvoeding van hulle kinders en die gesinslewe bied 'n ideale opvoedingsmilieu. „Geen school, geen kazerne, geen kinderhuis, geen ryksopvoedingsgesticht[4] kan het vervangen of vergoeden. De opvoeding in het gezin is niet gebonden aan de rooster van werkzaamheden en deelt haar weldaden niet by minuten en uren uit. Alles voedt in het gezin op en van alles gaat een opvoedende kracht uit, zonder dat ze ontleed en berekend kan worden. En die opvoeding omvat den ganschen mensch. In het huisgezin heeft de menschwording van den mensch plaats; hier word de grondslag gelegd voor de vorming van den toekomstigen man en vrouw, van den vader en de moeder, van het lid der maatschappy,/........

---

(1) Gen. 1 vs. 28.

(2) Die Huweliksformulier.

(3) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 373.

(4) En ek wil hier byvoeg : Geen Jeugorganisasie.

maatschappy, van den staatsburger, van den onderdaan in het Koninkryk Gods".[1] Omdat die opvoeding 'n roeping en plig is wat-uit die skeppingsordinansie voortvloei en omdat dit 'n taak is waarmee die ouers van Godsweë belas is, daarom juis mag hulle hulle taak nie aan andere oordra nie.

Hierdeur ontstaan daar egter 'n probleem in die huislike kring. As gevolg van sielkundige verskynsels wat daar by die jeug tot openbaring kom, en wat in die vorige paragraaf reeds behandel is, ontstaan daar 'n behoefte aan sosiale aanpassing waarin vader en moeder, broers en susters nie meer kan voorsien nie. En hierdie behoefte is nie die noodwendige gevolge van 'n ongesonde of sondige huislike atmosfeer nie. „Ook by een idealen toestand van het huisgezin heeft de.......Jeugdbeweging.....haar bestaansrecht".[2] Daar ontstaan dus eenvoudig 'n behoefte waarin vader en moeder, kragtens hulle God-gegewe taak, moet voorsien en waarin hulle nie kan voorsien nie. En hulle taak mag hulle nie aan andere oordra nie.

As dit nou beweer word dat die jeugbeweging 'n middel is om in die sterkgevoelde behoefte van die jeug te voorsien en dat dit, al is dit 'n menslike skepping, 'n geoorloofde middel is, dan is dit geen inkonsekwensie nie. Die huisgesin word nie deur die jeugorganisasie vervang nie, dit word daardeur aangevul; die taak van die ouers word nie aan die jeugorganisasie oorgedra nie, dit word net daardeur vergemaklik. Daar is geen oordrag van verantwoordelikheid as die jeugorganisasie as 'n blote middel beskou word nie. Die ouers bly verantwoordelik. Maar as die jeugorganisasie ontaard tot 'n huisgesin—vervangende instelling, as die middel verander in 'n doel, en die deur God verordineerde ouerlike gesag moet swig voor die van 'n menslike instelling of as dit daardeur ondermyn word, dan ontstaan daar 'n

behoefte/.........

(1) Bavinck : Het Christelyke Huisgezin, 139.

(2) Knoppers: Jeugd en Jeugdbeweging I, 59, 68.

behoefte veel groter as die waardeur die jeugbeweging in die lewe geroep is. Vanuit die standpunt van die huis gesien, bestaan daar dus 'n groot behoefte aan 'n beweging wat as opvoedingsmiddel die ouer in die sosiale opvoeding van sy kind kan help, sonder om die verantwoordelikheid van die ouer daardeur te verminder.

In hierdie verband ontstaan die vraagstuk van soewereiniteit in eie kring. Is die jeugbeweging 'n selfstandige, onafhanklike instelling of is dit onderworpe aan die gesag van die huis? Hierop moet geantwoord word dat dit wel soewerein in eie kring is, maar dat die beginsel van voorwaardelike soewereiniteit hier gehandhaaf moet word. Die bestaansreg van die jeugbeweging is gegrond op die feit dat dit in 'n behoefte van die huis voorsien. Dit is wel soewerein in eie kring, maar die „kring" word deur die lewens- en wêreldbeskouing van die ouer bepaal. Hier geld dieselfde verhouding as wat daar vanuit Calvinistiese standpunt tussen die huis en die skool gehandhaaf word.(1) Dit bly dus die volle verantwoordelikheid van die ouer om op hoogte met die werksaamhede van die jeugbeweging te bly, daarin belang te stel en die nodige steun daaraan te gee.(2) Maar dit is ook die verantwoordelikheid van die jeugbeweging om met die behoeftes van die huisgesin rekening te hou, om altyd in gedagtè te hou dat sy bestaansreg van die wyse waarop dit die huis aanvul en in die huislike behoeftes voorsien, afhanklik is.

'n Volgende vraagstuk wat in hierdie studie in oënskou geneem sal moet word, is die verband tussen skool en jeugbeweging. Die skool is tog immers verantwoordelik vir die totale opvoeding van die kind, in soverre as wat die ouerhuis in gebreke bly om dit aan die kind te gee. Hierdie vraagstuk word egter later eers behandel.

Daar/..............

(1) Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 378, 383.
Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 374-375.
Bavinch : Rypere Jeugd, 132.

(2) Knoppers : Op. Cit. 378.

Daar moet nog 'n laaste opmerking oor die verval van die huisgesin in ons tyd gemaak word. In 1916 al het dr. H. Bavinck die verval van die gesinslewe in Holland geskilder en in 1932 het dr. Knoppers van die Europese toestande gesê : „Dit staat wel vast dat het gezinsleven een crisis doormaakt". [1] Dr. Bavinck toon net soos dr. Knoppers aan dat sosiale hervorming by die huisgesin self moet begin[2] - 'n moeilike taak voorwaar. Die verbrokkeling van die gesinslewe en die wantoestande waardeur dit dikwels gekenmerk word, het in die laaste tyd in ons eie land geweldige afmetings aangeneem. Hierdeur word die behoefte wat in ideale huislike omstandighede reeds bestaan het, des te groter, word die taak van die jeugbeweging des te moeiliker.

c) <u>Die Jeugbeweging en die gemeenskap.</u>

Die opvoeding van die mens is 'n persoonlike sowel as 'n sosiale aangeleentheid. Die sosiale opvoeding begin in die gesinslewe waar die individu hom moet onderwerp aan die eise van die huislike gemeenskap. Maar dan brei die kontakte uit na die meer saamgestelde gemeenskapslewe met sy verskillende groeperinge en dan ontstaan fundamentele probleme van persoonlike en maatskaplike aanpassing wat nie verontagsaam kan en mag word nie. Die kernvraagstuk van die opvoeding is die sosialiserende proses want een van die belangrikste opvoedingsdoeleindes is die sosiale. Daarom moet die opvoeding rekening hou met die wese en die wette van die menslike samelewing, daarom moet dit kennis dra van die mees fundamentele vraagstukke van die sosiologie : die van sosiale oordrag, sosiale organisasie, sosiale beheer, sosiale vooruitgang en sosiale sorg. [3] Vir die doel van die verhandeling is dit nodig om 'n paar opmerkings oor sosiale organisasie en sosiale sorg te maak.

Wat/............

---

(1) Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 373 - 375.

(2) Bavinck : Rypere Jeugd, 113 - 115.

(3) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 200 - 202.

Wat die sosiale organisasie betref, sê dr. Knoppers : „De Maatschappy is het geheel van wyd- en fynvertakte betrekkingen tusschen de menschen bestaande die hen individueel en in gezinsverband tot een organische levenseenheid samenbinden. Hier kan de mensch zyn gaven en talenten ontplooien. Zy.....heeft de haar ingeschape levenswetten, naar Gods ordinantiën gesteld. Hier ligt de grondgedachte van de leer van de souvereiniteit in eigen kring, vooral door het Calvinisme naar voren gebracht, de souvereiniteit van den levenskring, waarvoor God een eigen levenswet stelde".(1) Die verband tussen die individu en die gemeenskap, wat deur dr. Knoppers hier die „organiese lewenseenheid" genoem word, word deur prof. J. Chris Coetzee mooi geskilder in hierdie woorde :- „Die individu wortel in die gemeenskap, maar die gemeenskap bloei alleen in en deur die individu. In elke mens loop die aangeborene en die verwerfde, die vrye en die noodwendige, die natuurlike en die sedelike, die oorspronklike en die afgeleide op wonderlike, onnaspeurlike wyse deureen.......Die organiese eenheid van individu en gemeenskap veronderstel dat by die opvoeding van die individu ewoveel aandag gegee moet word aan die vorming en die ontwikkeling van persoonlike inisiatief, selfstandigheid en selfhandhawing as aan die vorming en die ontwikkeling van die sosiale bewussyn van die individu waardeur verseker sal word trou aan die gemeenskap, gehoorsaamheid, en die gewillige onderskikking van eie belang aan die van die groep".(2)

Daar bestaan dus 'n eenheid van regte en pligte, met 'n afhanklikheidsverband daartussen, in die geordende maatskappy. Die adolessent is egter heel dikwels meer van sy regte as van sy pligte bewus, en hierdie verskynsel vind ons ook by die volwassene. „Recht is recht en plicht is plicht.

Innig/.................

(1) Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 295.

(2) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 209.

Innig saamverbonde blyven 'z ongeschonden". (Beets) Maar die erkenning van hierdie waarheid word nie deur die woord bereik nie maar deur die daad. Daar bestaan dus 'n behoefte aan werksaamhede waardeur die jeug, deur daadwerklike ondervinding, die belangrikheid van pligsbetragting kan ervaar.

Wat die ontwikkeling van die sosiale bewussyn en die gewillige onderskikking van eie belang aan die van die groep betref, is dit nodig om nog daarop te wys dat daar in Suid-Afrika 'n groot behoefte in hierdie verband bestaan. Selfsug is 'n kenmerk van ons tyd. Die onlangse sloerstaking in die telefoniese afdeling van die Johannesburgse poskantoor is maar één voorbeeld van gebrek aan sosiale bewussyn. Terwille van eie belang en as gevolg van 'n geskil tussen amptenare en die owerheid word die hele gemeenskapslewe lam gelê en word daar nie geskroom om die onskuldige te benadeel nie. Die stakings wat vandag 'n wêreldverskynsel is, is die gevolg van 'n gebrek aan sosiale bewussyn. Daar bestaan dus 'n behoefte aan 'n opvoedingsmiddel waardeur die Christelike beginsel van naasteliefde by die jeug reeds ingeskerp sal word. Op hierdie stadium wil ek my nog nie uitspreek oor die vraag of hierdie aspek van die opvoeding op die terrein van die skool of op die van die jeugbeweging val nie. Dit volg wel later.

Wat die sosiale sorg betref, moet daar duidelik onderskei word tussen die taak van die opvoeding en die van die maatskaplike werk. Die opheffingswerk van die opvoeding is indirek en deurgaans voorkomend; die van die maatskaplike werk is direk en deurgaans genesend. Daarom is dit nie die taak van die opvoeding om reedsbestaande sosiale euwels soos bv. drankmisbruik te bestry nie. Dit is die taak van die maatskaplike werk. Maar aan die ander kant is dit wel die taak van die opvoeding om deur karaktervorming sosiale euwels te voorkom. Die opvoeding moet 'n sosiale doel hê. Dit moet die kind voorberei as 'n deugdelike burger van die

samelewing,/.....

samelewing, wat as 'n volwaardige persoonlikheid sy plek in die samelewing kan inneem, tot heil van homself en die gemeenskap. Die sosiale doelstelling moet die nodige ewewig tussen 'n oordrewe persoonlike vorming en 'n uiterste onderskikking van die enkeling aan die gemeenskap, handhaaf.[1]

As die misdaadstatistiek van die Unie van Suid-Afrika nagegaan word, dan blyk dit dat die totale aantal blanke persone wat in die howe van Suid-Afrika weëns kriminele oortredings veroordeel is geleidelik afgeneem het van 564 per 10,000 in 1937 tot 340 per 10,000 in 1945. Daarna het dit gestyg tot 478 per 10,000 in 1947, wat aan die na-oorlogse misdaadgolf - 'n bekende verskynsel ook in ander lande- toegeskrywe moet word.[2] Verreweg die grootste persentasie van die oortredings bestaan uit wangedrag en ander oortredings van minder ernstige aard. Baie van hulle is van 'n tegniese aard en sommige is onwetend begaan. Die aantal veroordelings word deur verskillende faktore beïnvloed : die houding van die polisie en howe teenoor sekere klasse oortredings; die veranderde gebruike van die volk; die toenemende verstedeliking van die bevolking; die invoer van nuwe wette; die strenger toepassing van sekere wette of die minder strenge toepassing daarvan, ens.[3] Omdat daar geen besonderhede in verband met die genoemde faktore gegee word nie, is dit gewaagd om uit bogemelde gegewens af te lei dat blanke misdaad besig is om af te neem.

In die genoemde statistiek word die oortredings ingedeel in ernstige en nie-ernstige misdade. Dit is nie nodig om die baie besonderhede in verband met die wyse waarop die indeling geskied, te gee nie. Dit is genoeg om te meld dat oortredings soos moord of poging tot moord, onsedelike aanranding, mishandeling van kinders, bepaalde vorme van diefstal en huisbraak, ens. as ernstige misdade beskou word.

En/..........

---

(1) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 216 - 217.

(2) Spesiale Verslag Nr. 178 van 1948, 7.

(3) Ibid : 3.

En dan toon die statistiek dat daar 'n toename van 9.6 per 10,000 in 1937 tot 12.3 per 10,000 in 1947 was. (1)

As die gegewens in verband met dronkenskap nagegaan word, dan blyk dit dat die veroordelings van 1944 tot 1947 verdubbel het en dat dit in 1947 10.5 persent van alle veroordelings uitgemaak het.(2) Die jeugdige volwassenes van tussen 17 en 21 jaar wat gedurende 1944, 1945 en 1946 weëns dronkenskap veroordeel is, was 92, 102, 221 respektiewelik. In verband met hierdie gegewens moet daarop gelet word dat as 'n persoon weëns meer as een oortreding veroordeel word, slegs die ernstigste oortreding in die kode opgeneem word.(3) Daarom gee die genoemde getalle geen duidelike beeld van die werklike euwel van drankmisbruik in ons land nie.

Wat jeugmisdaad betref, blyk dit verder dat die totale aantal veroordelings per jaar verminder het, maar nie die aantal ernstige oortredings nie. Hieruit kan egter nie afgelei word dat jeugmisdaad werklik besig is om af te neem nie want daar is baie faktore wat die amptelike syfers kan beïnvloed. So is daar die veranderde opvatting in verband met misdaad self.(4) Ons lewe in 'n tyd waarin daar 'n neiging bestaan om vir elke oortreding 'n psigologiese agtergrond te soek. Dit is vir my 'n ope vraag of misdaad vandag nog in dieselfde lig beskou word as 'n tien jaar gelede. Dr. C. F. Albertyn wys dan ook daarop dat 'n bepaalde daad geen misdaad in die oog van die gereg is, as daar in die landswette geen voorsiening vir die veroordeling van die bepaalde daad gemaak is nie. (5) Daar is ook nog die feit dat gewone skooloortredings soos oneerlikheid, beskadiging van

eiendom/.........

(1) Spesiale Verslag Nr. 178 van 1948, 12 - 13.

(2) Ibid, 10.

(3) Ibid, 1.

(4) Albertyn : Jeugmisdaad, 12.

(5) Ibid, 4.

eiendom, stokkiesdraai en die oortredings van meer huislike aard soos ongehoorsaamheid, opstandigheid teenoor die ouers of malatigheid in die uitvoering van huislike pligte, gewoonlik nie hulle weg tot die howe vind nie.

Jeugmisdaad is 'n baie belangrike verskynsel in die samelewing. Dit tref die maatskappy direk sowel as indirek nadelig. „Dit is regstreeks nadelig as gevolg van die skade wat aangerig word en onregstreeks deurdat veel bruikbare kragte aan 'n nuttige maatskaplike werkkring onttrek word en deurdat dit die gemeenskap dwing om kosbare maatreëls in teenweer te tref. Derdens lê daar 'n nadeel in die feit dat net soos elke individu invloed uitoefen op sy onmiddellike omgewing, so ook die jeugdige misdadiger 'n kern is vanwaar 'n skadelike invloed op sy omgewing uitgaan. Hierdie invloed word nie alleen uitgeoefen deur regstreekse prikkelings en verleiding nie, maar ook deur die werking van sy voorbeeld."(1)

Daar is nog 'n baie belangrike verskynsel wat deur dr. Albertyn beklemtoon word: die feit dat die meeste volwasse misdadigers in hulle jeugjare reeds met hulle misdade begin het. Hy noem 'n paar studies wat uitgevoer is en waardeur dit onteenseglik bewys is dat die vernaamste ouderdomstydperk waarin die geledere van misdadigers aangevul word, tussen 15 jaar en 20 jaar is. En dan sluit hy af met 'n aanhaling uit mevr. Schoff, deur wie 'n belangrike studie in die verband uitgevoer is : „When it is proved that from the ranks of the children who are to-day standing at the parting of the ways our criminals of the future are being recruted, the subject of the wayward child will be regarded as one of deepest concern to the entire nation."(2)

Die paar opmerkings in verband met die eenheid van individu en gemeenskap, die gebrek aan sosiale bewussyn in ons volkslewe en die verskynsel van jeugmisdaad behoort ge-

noeg te/ .....

(1) Albertyn : Jeugmisdaad, 13.

(2) Ibid, 15.

noeg te wees om ons daarvan te oortuig dat daar vanuit die standpunt van die maatskappy groot behoeftes in hierdie verband bestaan. Daar is toestande wat die lewe van die gemeenskap versteur en waaronder die samelewing moet ly. Dit is verskynsels waaraan daar in die opvoedingsjare van die jeug aandag gegee moet word.

d) Die staat en die jeugbeweging.

Die belange van staat, gemeenskap en individu is so nou saamgeweef dat dit moeilik van mekaar geskei kan word. En tog is dit drie onderskeie begrippe. Om dit beter te verstaan, is dit nodig om verskillende uitsprake in verband met die wese van die staat heel kortliks na te gaan. Omdat dit egter nie my doel is om lank hierby stil te staan nie, behandel ek dit in 'n onderdeel van die sosiologiese grondslae van jeugbewegings en nie in 'n aparte paragraaf oor die staatkundige grondslae daarvan nie. Hieruit moet nie afgelei word dat staat en gemeenskap met mekaar verwar word of dat die staatkundige grondslae van minder belang beskou word nie.

Die staat is nie die gemeenskap nie maar dit is nou daaraan verbonde. Dit is die organisasie van owerheid en onderdane. Die owerheid is 'n instrument deur die volksgemeenskap in die lewe geroep vir die handhawing van gesag en reg in die gemeenskap. „Die doel van die staat as instelling in die menslike samelewing is om die ontstaan en ontwikkeling van die menslike samelewing moontlik te maak deur die noodsaaklike, onmisbare regsvoorwaardes daaroor daar te stel, te verseker, te beoefen en te behou.[1] Om die doel te bereik, is die staat met gesag beklee. Die gesag berus by die owerheid. Maar dit is geen absolute gesag nie. Dit is onderworpe aan die gesag van God, die enigste Absolute Gesagsbekleder. Daarom moet die owerheid die wil van God eerbiedig. Verder moet die beginsel van soewereiniteit in eie kring ook hier gehandhaaf word. Die staat mag bevoorbeeld nie teenoor die kerk soewerein optree nie want dan oorskry dit die perke van sy regsbevoegdheid.[1]

Dr. Knoppers/..........

(1) Coetzee : Inleiding tot die Alg. Teoretiese Opv., 226 v.v.

Dr. Knoppers praat van die staat as 'n instrument van Gods genade „om de volle doorwerking van de zonde in het menschelik leven te stuiten en om ontwikkeling van dat leven mogelyk te doen zyn."(1) Dr. A. Kuyper noem die staat met sy verskillende organe „vruchten van Gods algemene genade". Dan sê hy verder : „Zy dienen tot verwerkelyking van de Godsgedachten en zyn onderworpen aan Gods wil en wet. Zy moeten dienstbaar zyn aan de eere Gods, aan de verwezenlyking in het leven van Gods doel, aan de uitstalling in het leven van de volheid van Gods heerlykheid."(2)

Daar is sekere grondbeginsels in verband met die verhouding tussen owerheid en onderdaan wat deur die Calvinisme gehandhaaf word :

Eerstens is die staat met gesag beklee, onderworpe aan die wil van God. Daarom mag dit wette oplê vir die beskerming en die behoud van individu en gemeenskap en dit mag eis dat die wette eerbiedig sal word.(3) As die wil van die owerheid nie uitgevoer word nie, mag dit strawwe oplê wat by die oortreding pas. Maar in al hierdie dinge is dit onderworpe aan die wil van God en is dit deur Sy wette verbind. Dr. Kuyper stel hierdie gedagte baie mooi in die woorde: „Onder welken vorm dit Overheidsgezag ook optrede, nooit besit de eene mensch macht over een ander mensch, anders dan door een gezag, dat uit de majesteit Gods op hom is afgedaald."(4)

In die tweede plek het die owerheid sekere verpligtinge teenoor die samelewing. „Waar de Overheid voor het welzyn van het volk te zorgen heeft, de kracht van het volk heeft te bewaren en te verhogen, heeft zy ook een taak in zake den jongen mensch."(5) Dit het 'n taak ten opsigte van die jeug en die volwassene en wat die jeug betref, moet dit sorg vir

die/..........

(1) Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 264.

(2) Kuyper : Het Calvinisme, 81.

(3) Coetzee : Inleiding tot die Alg. Teor. Opvoedkunde, 374.

(4) Kuyper : Op. cit., 77.

(5) Knoppers : Op. cit., 433.

die kulturele en nasionale lewe van die kind as lid van die volk en moet dit toesien dat hy die nodige versorging en opvoeding ontvang. Dit moet die regte van die kind handhaaf en verdedig selfs teenoor die ouers as dit nodig is.(1)

Die onderdaan het in die derde plek ook belangrike verpligtinge teenoor die owerheid. Dit moet nie alleen toesien dat die regte owerheid wat die volk in die vrese van die Here sal regeer, daar gestel sal word nie, maar as die owerheid daar is, dan moet dit die gesag van die owerheid eerbiedig mits dit nie in stryd met die wil van God handel nie. Die verpligtinge van die individu en die gemeenskap teenoor die staat strek egter verder as die bloot passiewe aanvaarding van die owerheidsgesag. Dit eis ook 'n „aktiewe deelname aan die opstelling en nalewing van die landswette."(2)

Ten slotte handhaaf die Calvinisme ook die vryheid van die onderdaan. As die persoonlike vryheid nie tot die skending van die ordonnansies van God lei nie, mag dit nie onderdruk word nie. Die owerheid mag ook nie in geloofsake inmeng nie. Dit moet met gewetensbesware van die onderdaan rekening hou en dit moet vryheid van godsdiens toelaat.

Die verhouding tussen owerheid en onderdaan, tussen staat en maatskappy, soos ek hier bo probeer skilder het, lei weer tot behoeftes wat ontstaan as die regte verhouding nie gehandhaaf word nie. Dit veronderstel dus al dadelik 'n opvoedingsmiddel wat goeie burgerskap in 'n geordende, staatkundige gemeenskap kan bevorder. Net soos die opvoedeling eers moes leer om by die materiële wêreld en daarna by sy sosiale omgewing aan te pas, so moet hy ook leer om die staatkundige verband waarin hy lewe, te verstaan en te eerbiedig. Die staatkundige vorming en opvoeding veronderstel dus 'n inlywing van die individu in die staatkundige orde. „Die opvoeder moet hom leer om te verstaan wat dit beteken om owerheid en om onderdaan te wees. Die opvoedeling moet geleer word om

as/............

(1) Coetzee : Inleiding tot die Alg. Teor. Opvoedkunde, 374.
(2) Ibid, 275.

as gehoorsame, onderdanige en wetsgetroue burger van die staat te lewe ... Deur middel van omgang met die medeburgers, deur hul voorbeeld, deur die onopsetlike en opsetlike voorligting, onderrigting en vorming word die individu geoefen, gevorm en ontwikkel tot 'n goeie staatsburger."(1)

Daar bestaan dus vanuit die standpunt van die staat 'n behoefte aan 'n opvoedingsmiddel wat die regte verhouding tussen owerheid en onderdaan in die jeugjare reeds kan inskerp. Hierdeur sou die euwel van jeugmisdaad, wat so 'n aktuele vraagstuk is, nie net vir die gemeenskap nie, maar ook vir die owerheid, kon bestry word.

3. DIE OPVOEDKUNDIGE GRONDSLAE VAN DIE JEUGBEWEGING.

Dit is ook nog nodig om die jeugbeweging in die lig van die moderne opvoedkundige teorieë te benader. Daar bestaan dan ook die innigste verband tussen die opvoeding en die teorie wat die opvoeding ten grondslag lê.(2) Omdat die tyd my nie toelaat om aan meer teorieë aandag te gee nie, wil ek hier net van die naturalisme en die pragmatisme 'n studie maak, die twee rigtinge wat 'n besondere groot invloed op die moderne opvoedingsteorie en -praktyk het en wat in hulle opvoedkundige implikasies ook die probleem van die jeugbeweging terdeë raak. Daarna sal ek my beskouing van die pedosentriese skool gee.

a) Die historiese agtergrond van die naturalisme.

Die moderne naturalisme vang aan teen die tweede helfte van die agtiende eeu toe J. J. Rousseau op die toneel van die opvoeding verskyn het. Met 'n kragtige veroordeling van die wantoestande van sy tyd, die uiterste formalisme in die onderwys en die tirannieke oorheersing van die rede, kom hy met sy pleidooi vir 'n natuurlike opvoeding. Sy teorie word beliggaam in die „Emile" wat so 'n verreikende invloed selfs op die moderne opvoedkundige denke gehad het.(3)

Die naturalisme is uit die humanisme gebore en dit

is/.......

(1) Coetzee : Inleiding tot die Alg. Teor. Opvoedkunde, 275.
(2) Ibid, 28 - 29.
(3) Coetzee : Opvoedkundige Teorie en Praktyk, 188 - 189.

is in 'n sekere sin die voortsetting van die sinlike realisme en van die rasionalisme.(1) Dit beskou die sintuie as die enigste middele waardeur kennis van die natuur verkry kan word en kom hierin met die sinlike realisme ooreen. Dit verwerp ook gesag maar waar die rasionalisme teen alle godsdienstige gesag te velde getrek het, daar kom die naturalisme in opstand teen die staatkundige gesag.(1) Ten slotte lê die naturalisme die nadruk op die gevoel in teenstelling met die rede. Vandaar dan ook sy populariteit.(2)

Die meesomvattende en konsekwente uiteensetting van die moderne naturalistiese opvoeding vind ons in die klein maar wetenskaplike werkie van T. Percy Nunn oor „Education, its Data and first Principles". Hy benader die vraagstukke van die opvoeding vanuit 'n biologiese standpunt en openbaar hom daarin as 'n konsekwente evolusionis. Nunn handhaaf die naturalistiese lewensopvatting en hy is 'n voorstander van die individualisme in die opvoeding.(3) In my bespreking van die naturalisme wil ek my hoofsaaklik by sy filosofie bepaal.

b) Die lewensbeskouing van die naturalisme.

In die algemeen is die naturalisme die rigting wat die natuur as die enigste werklikheid beskou. 'n Bonatuurlike wêreld bestaan nie. En tog heg dit waarde aan die godsdiens. Maar die gees waarin dit gedoen word, word deur Monroe as volg aangegee: „It is important to note that the naturalists believed in religion as an essential part of human society because it was an essential part of human experience ... They formulated a 'natural religion', which included the morality of Christianity but excluded more or less completely the supernatural element."(4)

Hierdie/.........

(1) Coetzee : Opvoedkundige Teorie en Praktyk, 187 - 188.
(2) Monroe : A brief Course in the History of Eductn., 278.
(3) Coetzee : Inleiding tot die Alg. Teoretiese Opvdk., 56.
(4) Monroe : Op cit, 279.

Hierdie gedagtes word deur Nunn self benadruk. Deurgaans handhaaf hy die standpunt dat niks goeds die mensewêreld binnetree as dit nie deur die vrye aktiwiteite van die individu geskied nie. Hy voeg egter daarby dat sy opvatting nie die verantwoordelikhede van die mens teenoor sy naaste onderskat nie of dat dit die waarde van tradisie en dissipline ontken of die invloede van die godsdiens uitsluit nie. „But it does deny the reality of any super-personal entity of which the single life, taken by itself, is but an insignificant element".[1] Verder handhaaf hy die oneindige waarde van die individu, hy herbekragtig die gedagte van die uiteindelike verantwoordelikheid van die individu vir sy eie bestemming en dit aanvaar alle praktiese gevolge wat hierdie beskouing mag inhou.[1] Vir Nunn bestaan daar dus geen universele einddoel van die lewe nie. Elke individu bepaal self sy bestemming. „Individuality is the ideal of Life".[2]

Nunn is ook 'n uitgesproke evolusionis. Hy verbind sy opvatting met die ongelowige biologiese standpunt van die lewe en beweer dat die biologie een deurlopende solidariteit in die natuur bewys het. Hy kom dan tot die gevolgtrekking dat „stupendous as the distance is between the lives of the protozoan and the creature who has been made a little lower than the angels, it consists - like the difference between the village church and a cathedral - not in any radical unlikeness of the essential features, but rather in the different richness, variety and subtlety of the details in which a single scheme has been worked out at different evolutionary levels".[3]

Hierdie/.........

(1) Nunn : Education, its Data and first Principles, 5.

(2) Ibid : 11

(3) Ibid : 18.

Hierdie ongelowige lewensbeskouing word konsekwent oorgedra op die opvoeding en onderwys. „It follows that there can be no universal aim of education if that aim is to include the assertion of any particular ideal of life, for there are as many ideals as there are persons".[1] Vanuit sy biologiese standpunt neem hy die outonome ontwikkeling van die individu as die sentrale doel van die opvoeding.[2] Die opvoedingstelsel wat die individualiteit wil „voed", is vir Nunn dan ook die enigste „education according to nature".[3]

c) <u>Die naturalistiese opvatting van die skool</u>.

In die laaste hoofstuk van sy werkie handel Nunn oor die verband tussen skool en individu.[4] Die skool het 'n tweërlei funksie : „die ontwikkeling van die individualiteit en die sosialisering van die individu".[5] Nunn lê egter verband tussen die twee. Hoewel dit beskou moet word dat die sosialiseringsproses een van die hooffunksies van die skool is, is die vorming van die individualiteit die eintlike doel daarvan. „While the school must never fail to form its pupils in the tradition of brotherly kindness and social service, it must recognize that the true training for service is one that favours individual growth".[6] In die eerste hoofstuk het hy reeds melding gemaak van die plig van die ouer en die onderwyser om toe te sien dat die kinderwêreld waarin die kind opgroei, ryk is aan die dinge wat 'n beter soort individualiteit vorm.[7]

'n Tweede saak waarvan Nunn hom rekenskap gee is die metode van onderwys. 'n Hele hoofstuk word gewy aan die „play-way in education".[8] Daar bestaan 'n intieme verband tussen/........

(1) Nunn : Education, its Data and first Principles, 5.
(2) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 56.
(3) Nunn : Op. cit. 20.
(4) Ibid : 226 v.v.
(5) Coetzee : Op. cit. 59.
(6) Nunn : Op. cit. 229.
(7) Ibid : 7.
(8) Ibid : 101 v.v.

tussen spel en arbeid. Die hoogste vorme van arbeid is die waarin die werker sy eie taak kies en sy eie norme vir die bereiking van sy doel, stel. Dit is dan ook die kenmerke van spel. Waar die "play-way" die hoofmetode word, is 'n reorganisasie van die skool nodig. Dan word die onderwyser 'n toeskouer, "an active observer" wat hulp verleen net waar dit nodig mag wees, sonder om in te dring. Nunn benadruk dus die waarde van die Montessori-stelsel baie sterk.[1]

Hierdie metode van onderwys lei natuurlik tot die vraagstuk van dissipline. Nunn onderskei tussen innerlike dissipline en skoolorde. Laasgenoemde is slegs 'n handhawing van toestande wat nodig is as die skool sy doel wil bereik.[2] Natuurlik verkies hy die innerlike dissipline. Wat tug betref, glo Nunn daaraan dat oortredings gewoonlik natuurlike oorsake het. Die oorsake moet opgespoor en verwyder word en as daar gestraf word moet dit 'n natuurlike straf wees." Offences must come and must be dealt with, but it is a sound principle to regard them, in general, as signs of mal-adjustment rather than of natural wickedness: that is, to take them as indications that there is something wrong in the curriculum, the methods of instruction , or in the physical or spiritual conditions of the school work and life".[3]

Nunn spreek hom ook uit oor die inhoud van die onderwys. Die skool is vir hom nie 'n plek waar kennis verkry word nie, maar waar die jeug vir sekere aktiwiteite gevorm word. Hierdie aktiwiteite bestaan uit die wat die lewenstandaard van individu en gemeenskap beveilig en die wat uiting gee aan die kind se skeppingsdrang. Albei moet in die kurrikulum beliggaam word.

Ten slotte spreek Nunn hom ook uit oor die skool as 'n jeuggemeenskap waarin die jeug vryheid sal geniet en waari hulle besig sal wees met die dinge wat hulle self gekies het. Sy hele filosofie is een deurlopende pleidooi vir so 'n

natuurlike/.......

(1) Nunn : Education, its Data and first Principles, 109
(2) Ibid : 229.
(3) Ibid : 233.

natuurlike gemeenskap waar daar geen breuk tussen die lewensaktiwiteite daarbinne en daarbuite sal wees nie. „There should be.....room for everyone to live wholly and vigorously, no conventional standards of conduct, but only the universal canons and ideals......"[1] Aan die ander kant, so beweer Nunn, sal 'n skool tog ook 'n kunsmatige gemeenskap wees omdat dit die goeie in die buitewêreld meer as die slegte moet weerspieël. Die skool moet dus wees „an idealized epitome or model of the world, not merely the world of ordinary affairs, but the whole of humanity, body and soul, past, present and future".[1]

d) Waardering en kritiek.

Die naturalisme se waarde lê daarin dat dit die nadruk op die eise van die kindernatuur gelê het.[2] Dit het ingesien dat die jeug behoefte het aan 'n jeuggemeenskap waarin hy hom getrou aan sy eie wese kon uitlewe. Dit het verder nadruk gelê op die feit dat die jeug as jeug en nie as volwassene behandel moet word nie. Ook wat die inhoud van die onderwys betref, het dit nadruk gelê op die vakke waarin die kind van nature belangstel, waardeur sy eie individualiteit gevorm kan word.[3] 'n Calvinistiese opvoedingstelsel mag hierdie gedagtes met vrymoedigheid toepas in die opvoeding van die jeug. Daar is egter ook ernstige besware teen hierdie rigting, waaraan aandag gegee moet word.

Die eerste en beslissende beswaar is van religieuse aard. Die naturalistiese lewensbeskouing ontken die bestaan van die bonatuurlike, en dus ook van God. Dit is dus in sy wese ongelowig, evolusionisties, en so 'n lewensbeskouing moet deur die Calvinistiese opvoeder met al sy konsekwensies verwerp word.[4] As die gelowige dan van sekere dinge wat deur die naturalisme benadruk word, gebruik maak, dan is

dit/.........

(1) Nunn : Education, its Data and first Principles, 233.

(2) Coetzee: Inleiding tot the Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 60.

(3) Monroe : A brief Course in the History of Education, 300.

(4) Coetzee : Op. cit. 61.

dit nie omdat die naturalisme dit verkondig nie, maar omdat daardie bepaalde dinge tog in ooreenstemming met die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing gebring kan word.

Daar is nog 'n baie ernstige beswaar teen die opvoedingsbeleid van die naturalisme, maar ek behandel dit onder die opskrif „ pedosentriese skool".

e) Die historiese agtergrond van die pragmatisme.

Die pragmatisme is 'n filosofiese opvatting wat 'n dertig of meer jare gelede besondere opgang in Amerika gemaak het. Die pragmatistiese ideës het ingang in die Amerikaanse volksiel gevind en van toepassing gebly selfs vandag nog. Dit staan ook in verband met die demokratiese ideaal wat veral in Amerika so sterk posgevat het. Professor William James kan beskou word as die vader van hierdie filosofiese beskouing wat dateer ongeveer uit die jaar 1878. Aan die begin van die twintigste eeu is dit in diens van die opvoeding gestel. Die mees invloedryke opvoedkundige denker van die rigting vandag is die Amerikaner, John Dewey.[1]

In sy „Democracy and Education" werk Dewey op 'n baie sistematiese en volledige wyse 'n sosiale opvoedingsfilosofie uit, wat deur H.H. Horne „die demokratiese filosofie van die opvoeding" genoem word.[2] Dit is by hierdie filosofie van Dewey wat ek wil stil staan. Om begryplike redes sal ek egter nie meer kan doen as om enkele gedagtes van hierdie veelomvattende teorie aan te raak nie.

f) Die lewensbeskouing van die pragmatisme.

In die eerste hoofstuk van die genoemde werk beweer Dewey dat die ware wese van die lewe daarin gevind word dat dit strewe om te bly voortbestaan.[3] Die lewe is 'n proses van gedurige selfvernuwing, aanpassing aan die omgewing en rigting van uitwendige faktore ter bevordering van die lewe.

„Life/......

---

(1) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 64, 72.

(2) Ibid, 65.

(3) Dewey : Democracy and Education, 11.

„Life is a self-renewing process through action upon the environment......Continuity of life means continual readaptation of the environment to the needs of living organisms."[1] Hieruit moet afgelei word dat die doel van die lewe in die lewensproses self gesoek moet word en nie daarbuite nie. Daarom is daar dan ook nie 'n absolute lewensdoel wat vir alle tye en onder alle omstandighede geldig is nie.

Dit geld volgens Dewey, vir alle doelstellinge. 'n Einddoel kan nie bestaan nie omdat 'n doelstelling gedurig van omstandighede afhanklik is. Dit moet vatbaar wees vir veranderinge. „An aim must be flexible; it must be capable of alteration to meet circumstances".[2] Daarom bestaan daar ook nie 'n einddoel in die opvoeding nie. In die loop van die tyd is daar al 'n menigte van doeleindes benadruk en elk hiervan het waarde vir sy tyd gehad. Dit was 'n weergawe van die dinge waaraan die bepaalde tyd die meeste behoefte gehad het.[3] Hierdie klem wat deur Dewey op die „nuttige" die „bruikbare" gelê word, is kenmerkend van die pragmatisme.

In sy opvatting in verband met die kind is Dewey suiwer naturalis. Die kind is 'n selfstandige wese met 'n eie natuur wat ten volle eerbiedig moet word. Hy lê besonder nadruk op die groeiproses van die kind. „Since growth is the characteristic of life, education is all one with growing; it has no end beyond itself".[4]

g) <u>Dewey se opvatting van die skool</u>.

Dewey pleit vir 'n nuwe skool waarin die opvoeding gesosialiseer sal word. Volgens hom kan die tradisionele opvoeding en die demokratiese beginsels nie met mekaar versoen word nie. Die funksie van die opvoeding is die rekonstruksie van die ervaring deur die ervaring maar met die oog op die sosiale bruikbaarheid van die individu. Dit veronderstel

dan/..........

---

(1) Dewey : Democracy and Education, 2.

(2) Ibid, 1[illegible]2.

(3) Ibid, 1[illegible]0.

(4) Ibid, 62.

dan sosiale insig, sosiale krag en sosiale belangstelling.[1] Die sosiale bruikbaarheid is weer tipies van die pragmatisme.

Ook die inhoud van die skoolopvoeding word gesosialiseer. Dit moet tred hou met die „changed social conditions."[2] Om sy doel te bereik, moet daar van „active occupations" gebruik gemaak word. Die kind moet met die dinge van die lewe self in aanraking gebring word. Dan eers het die onderwys praktiese waarde. „The occupation supplies the child with a genuine motive; it gives him experience at first hand; it brings him into contact with realities."[3] Dit bring mee dat Dewey ook 'n radikale verandering in die onderwysmetodes teweeg wil bring. Hy trek te velde teeñ die tradisionele „luisterskool" met sy „passivity of attitudes, mechanical massing of children, uniformity of curriculum and method."[4] In die nuwe skool word die swaartepunt verskuif na die kind en die skool word 'n kindergemeenskap, 'n pedosentriese inrigting wat met die groot gemeenskap daar buite ooreenstem.[5] Dit spreek vanself dat die veranderde metodes ook verandering van organisasie sal meebring.

Ten slotte wil ek nog 'n paar opmerkings maak in verband met Dewey se opvatting van die skool as 'n gemeenskap. Hierdie gedagte kan dwarsdeur al sy werke as 'n aaneenlopende lyn gevolg word. „The school must be a community life in all which that implies."[6] Dit veronderstel dan ook dat daar kontinue samehang tussen die opvoeding in die skool en die lewe daarbuite moet wees. [6] Dit is egter 'n eiesoortige gemeenskap waarin sekere beginsels gehandhaaf moet word: Eerstens moet dit 'n vereenvoudigde gemeenskap wees wat by die jeug kan aanpas, tweedens moet dit die skadelike elemente in die bestaande maatskappy elimineer en derdens moet dit 'n gebalanseerde gemeenskap wees waarin die individu in staat gestel word om van

die/........

(1) Coetzee : Inleiding tot die Alg. Teoretiese Opvdk., 65 - 67.
(2) Dewey : School and Society, 4 v.v.
(3) Ibid, 20. (4) Ibid, 35.
(5) Coetzee : Op. cit. 67.
(6) Dewey : Democracy and Education, 416.

die beperkinge van die huislike kring te ontkom.[1]

Dit is uiters moeilik om maar net die hoofgedagtes van Dewey se filosofie in die tyd tot my beskikking, aan te raak. Sy opvoedkundige teorieë is weldeurdagte stelsels wat swaar is van betekenis en dit moet nie beskou word dat hierdie heel beknopte studie van die pragmatisme sig ten doel stel om die grondgedagtes van Dewey enigsins tot hul reg te laat kom nie. Ek het slegs enkele gedagtes wat op my probleem betrekking het, genoem.

Voordat ek 'n kritiese beskouing oor Dewey se opvoedkundige teorie en praktyk gee, wil ek nog die byskrifte by sommige foto's in „Schools of Tomorrow", 'n werk van John en Evelyn Dewey, noem. Dit gee 'n mooi ideë van Dewey se opvattings in verband met sekere aspekte van die opvoeding. Die byskrifte is die volgende :

a) „Nature would have children be children before they are men."

b) „Teach a child what is of use to him as a child."

c) „The gully is a favourite textbook".

d) „Games often require muscular skill, reading, writing and arithmetic."

e) „Making a town in stead of doing gymnastic exercises."

f) „Constructing in miniature the things they see."

g) „Learning to live through situations that are typical of social life."

h) „Solving problems in school as they would have to be met out of school."

i) „Children are interested in the things they need to know about". Ek dink hierdie opskrifte spreek boekdele in verband met Dewey se opvoedkundige teorieë.

h) <u>Kritiese beskouing van Dewey se opvoedingsfilosofie</u>.

In sy praktiese konsekwensies lewer die pragmatisme nuttige bydraes. Dit is terdeë die taak van die opvoeding om by te dra tot sosiale bruikbaarheid en tot 'n beter aanpassing by die gemeenskap. Ook is dit juis dat die metode met

die/..........

(1) Dewey : Democracy and Education, 24.

die kindernatuur rekening moet hou en dat dit op die ervaring gegrond sal wees. Wat die inhoud betref, het dit nuttige bydraes gelewer deur die nadruk op praktiese vakke te laat val en deur die kind ook deur middel van sy skoolvakke in aanraking met die werklikheid van die lewe te bring. In hierdie dinge moet daar met waardering van die stelsel gepraat word. Maar daar is ook baie ernstige besware.

Die meesfundamentele beswaar teen die pragmatisme is weer van religieuse aard. As lewensbeskouing moet dit verwerp word omdat dit deur en deur 'n ongelowige stelsel is. Dit verwerp die einddoel van die lewe en dit ontken die bestaan van God die Here, die Oorsprong en die Onderhouer van alles wat op die aarde leef en beweeg. En 'n opvoedingsfilosofie wat die onsterflikheid van die mens as beelddraer van God verloën, wat die oog alleen op die aardse gerig hou en die hiernamaalse minag, so 'n opvoedingsfilosofie moet met al die durf waaroor ons beskik, verwerp word.

Wat sy doelstelling betref,is dit juis om die kind nuttig en bruikbaar te wil maak, nie 'n las nie maar 'n hulp vir sy medemens, aangepas aan sy omgewing, toegerus vir die taak van die lewe, bekwaam om dinge te kan doen en dit te kan gebruik, prakties afgerig. Dit is ook waar dat hierdie doelstellinge veranderlik is en dat die nadruk deur tyd en omstandighede bepaal word. Maar hulle is nog nie die einddoel van die lewe nie. Hulle voer tot 'n onveranderlike absolute einddoel, waaraan alle ander doelstellinge gesubordineer is: die eer van God. Daarom moet alle doelstellinge daartoe bydra om die mens in staat te stel om, volkome toegerus vir die taak van die lewe, die roeping waartoe God hom geroepe het, te vervul tot eer van Sy Naam.

Ook hier is daar ernstige besware teen die verdere opvoedkundige implikasies. Ek behandel dit ook onder die volgende opskrif.

i) <u>Die pedosentriese skool</u>.

Oor die wese van die pedosentriese skool kan ek kort wees. Soos dit by die naturalisme en die pragmatisme duidelik

geword/.........

geword het, staan die kind hier in die middelpunt van die belangstelling. Hy bepaal die doel, die middele, die inhoud, die metode, die organisasie van die onderwys. Die kind is outonoom en onafhanklik in die uitvoering van sy eie begeertes. Die skool is 'n jeuggemeenskap in die volle sin van die woord. Dit veronderstel dan die byna absolute vryheid van die kind.

Hierdie beskouing het veel bygedra tot die verbetering van die ou tradisionele onderwysmetodes waarin die kindernatuur heeltemal verontagsaam is. Ongelukkig kan ek nie verder hierop ingaan nie. Daar is egter ook ernstige besware nie alleen teen die ideë wat die pedosentriese skool ten grondslag lê nie, maar ook teen die opvoedkundige implikasies van hierdie stelsel. Op die religieuse besware het ek reeds gewys. Die tyd laat nie toe om op al die ander besware in te gaan nie. Daar is egter wel één beswaar wat die vraagstuk van die jeugbeweging raak en waaraan aandag gegee sal moet word.

j) <u>My beswaar teen die skool as 'n jeuggemeenskap</u>.

Daar moet onderskei word tussen 'n sosiale en 'n werkgemeenskap. Ek lig dit toe deur middel van voorbeelde.

As tienduisende volksgenote vir enige dae in 'n kamp saamlewe, soos met die onthulling van die Voortrekkermonument, dan ontstaan daar 'n sosiale gemeenskap waarin verskillende kleinere gemeenskapsgroepe aangetref kan word. So kan daar gelyktydig groepe wees wat godsdiens hou, wat sing, wat speel, wat gesels en wat werk. Elke groep sal, ooreenkomstig die aard van die groep, 'n meerdere of mindere mate van vryheid geniet. In die godsdiensgroep sal die vryheid seer sekerlik veel minder wees as in die speelgroep. Die vryheid in die werkgroep sal van die aard van die werk afhang.

Dit bring ons dan tot die ideë van 'n werkgemeenskap. In die sosiale gemeenskap bestaan daar werkgemeenskappe waarin die werkers aan 'n sekere mate van gebondenheid onderworpe is. Dit is noodsaaklik. Die amptenare in 'n poskantoor, die werkers in 'n fabriek, die onderwysers in die skool kan gedurende hulle diensure nie dieselfde vryheid geniet as wat hulle in die middag tuis of in hulle vriendekring geniet nie. Dan is

daar/......

daar dienspligte wat uitgevoer moet word en dienspligte veronderstel altyd 'n mate van gebondenheid.

En nou moet ek hier verklaar dat die skool vir my, ten spyte van die algemene opvatting in hierdie verband, altyd 'n werkgemeenskap is en sal bly. „Deur sy ordelikheid, vaste reëls, roetine, oefen dit alreeds 'n magtige vormende invloed uit op die kind: dit dwing hom tot gereëlde arbeid... tot nougesette pligsbetragting".[1] Hierdie waarde van die skool kom veral tot uiting gedurende die skoolure. Daar bestaan dan ook 'n behoefte om die besef dat die mens deur die reëls van sy lewenstaak gebonde is, by die jeug in te skerp. Dit is 'n ernstige vraag in hoeverre die opvoeding daarvoor verantwoordelik is dat jong amptenare soms besig is om hulle in hulle werk „uit te lewe" terwyl die publiek wag om bedien te word. Die kind moet besef dat hy gedurende skoolure besig is in 'n werkgemeenskap, wat 'n sekere mate van gebondenheid veronderstel en nie in 'n sosiale jeuggemeenskap, waarin hy vry is om te doen wat hy lus het, nie. Hierdie argument ontken nie die noodsaaklikheid dat daar ten volle met die kindernatuur rekening gehou moet word nie, maar dit ontken wel die opvoedkundige waarde van 'n stelsel waar die kind alle moontlike vryheid in die skool moet geniet.

Dit is m.i. ook nie die funksie van die skool om 'n sosiale jeuggemeenskap te wees nie. Sy eerste funksie is om kennis te vermeerder,[2] om die verstand te ontwikkel. Dit is geen intellektualistiese standpunt hierdie nie want dit word erken dat die verstand maar een van die aspekte van die menslike persoonlikheid is en dat die skool ook vir die ontwikkeling van die ander aspekte, in soverre as wat die huis daartoe onbekwaam is, voorsiening moet maak. Maar die hooffunksie van die skool is en bly die vermeerdering van die kennis van die kind. As daar gedurende skoolure aan te veel aspekte gelyktydig aandag gegee word, kom daar nie veel van

die/..........

(1) Coetzee : Vraagstukke van die Opv. Politiek, 56.
(2) Ibid, 52.

die opvoeding tereg nie. Is dit nie omdat ons laerskole te-veel aandag aan konserte, kunswedstryde en ander sosiale be-drywighede gee, dat die rekenwerk en die spelling van kinders wat in die hoërskool kom, dikwels so beroerd is nie? „Na sy oorsprong en wese is die skool 'n instelling vir onderwys : dit leer ons die geskiedenis van die skool en geen teorie sal daaraan enige verandering kan bring nie."(1)

As gevolg van hierdie argumente is ek daarvan oor-tuig dat die skool - en hier gebruik ek dit in sy engere be-tekenis waar buiteskoolse aktiwiteite nie bygereken word nie - nie 'n jeuggemeenskap in die volle sin van die woord is nie en dit ook nie kan wees nie.

**4) Die behoefte by die jeug aan 'n jeuggemeenskap.**

Die behoefte wat daar by die jeug aan 'n jeuggemeen-skap bestaan en wat deur Dewey en Nunn so sterk benadruk is, is in hierdie verhandeling herhaalde kere reeds beklemtoon. Waar die skool as sodanig nie in staat is om hierin te voorsien, sonder om sy ander pligte te verwaarloos nie, moet daar nou van buiteskoolse aktiwiteite, dit wil sê van bedrywighede wat buite die gewone skoolure plaasvind, gebruik gemaak word. Dit is m.i. dan ook meer in ooreenstemming met die werklike lewe. Die skool verteenwoordig die meer gebonde werkgemeenskap terwyl die bui-teskoolse aktiwiteite dan met die minder gebonde sosiale gemeen-skap ooreenkom.

Wat die buiteskoolse bedrywighede betref, is daar drie hoofgroepe waarop die jeug nou aangewese is: sportaktiwiteite, skoolverenigings en ander jeugorganisasies. Al drie vereis kortliks ons aandag.

Dat sport as sodanig nie in die bestaande behoefte kan voorsien nie, is baie duidelik. Dr. Knoppers noem drie bronne waardeur hierdie kultuurverskynsel gevoed word: „de drang om zich te doen gelden, de behoefte aan lichamelyke oefening en de behoefte aan ontspanning."(2) Die groot beswaar teen voet-bal is egter dat die kompetisie tot konkurrensie lei, dat dit

ontaard/.........

(1) Coetzee : Vraagstukke van die Opv. Politiek, 54.
(2) Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging, I, 176.

ontaard het tot 'n „kykspel", en dat die liggaam daardeur oor-eis en nie ontwikkel word nie.[1] Prof. Kohlbrugge neem nog 'n sterker standpunt teen sport in : „Het valt natuurlyk te betreuren dat de leiders van zoovele sportverenigingen zoo weinig doen aan de moeilyke vorming der jeugd, aan haar geestelyke opvoeding en karaktervorming".[2] Prof. Kohnstamm maak ook beswaar omdat daar „te weinig menschen spelen. De overgrote meerderheid kykt."[3]

Hieruit is dit duidelik dat sport te eensydig is om ooit in die bestaande behoefte te voorsien. Daar is ook die beswaar dat die jeug nie by sport „ingeskakel" kan word nie. As die wedstryd verby is, is die groep voorlopig opgebreek. Dit is ook waar dat sport oordrywe word. Dit het in baie opsigte 'n euwel geword. Daar bestaan vandag 'n behoefte aan 'n opvoedingsmiddel wat die ongesonde invloede van sport op ons jeug kan teewerk.

Dat geen skoolvereniging in die behoefte kan voorsien nie, is vir my net so duidelik. Eerstens bestaan daar geen saamhorigheidsgevoel waar alle leerlinge ipso facto lede van die vereniging is nie en tweedens is daar ernstige besware wat in die laaste hoofstuk van die verhandeling behandel sal word. Daar bestaan dus net een opvoedingsmiddel wat in die behoefte aan 'n jeuggemeenskap kan voorsien en dit is die jeugbeweging. Wat sy taak is en wat sy verhouding tot die skool behoort te wees, word in die laaste hoofstuk bespreek.

---

(1) Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 179 - 180.

(2) Kohlbrugge : Practische Sociologie II, 82.

(3) Kohlbrugge : Practische Sociologie IV, 51.

# HOOFSTUK IV

## DIE TAAK VAN DIE VOORTREKKERBEWEGING.

### 1. DIE TAAK VAN 'N JEUGBEWEGING IN DIE ALGEMEEN.

In die vorige hoofstukke is die behoefte aan 'n beweging vir die Afrikaanssprekende jeug vanuit die historiese, die psigologiese, die sosiologiese en die opvoedkundige gesigspunte benader. Voordat die behoefte nou omskrywe kan word, is dit nodig om eers 'n kort oorsig van die resultate van die ondersoek te gee. Na die omskrywing van die behoefte sal die taak van 'n jeugorganisasie wat hierin wil voorsien, nader bepaal kan word. Dit is dus my doel om in hierdie paragraaf 'n samevatting van die resultate te gee, om die behoefte te omskrywe en om vas te stel wat die taak van 'n jeugbeweging in die algemeen behoort te wees.

#### a) Opsomming van die resultate wat die ondersoek dusver gelewer het.

Die behoefte aan 'n Afrikaanse jeugbeweging in ons land is in die eerste plek histories benader. Terwille van 'n geskikte agtergrond is die Boy Scout-beweging bestudeer en dit is gevind dat daar 'n groot behoefte aan 'n jeugbeweging in Engeland bestaan het, dat die behoefte deur 'n deel van die jeug sterk gevoel is, dat die gevoel deur tydsomstandighede verskerp is, en dat die persoonlike eienskappe van Baden-Powell hierin 'n belangrike rol gespeel het. Daar is egter ook gevind dat 'n groot aantal jeugdiges hulle in die stede gedurende hulle vry tyd met nuttelose of antisosiale bedrywighede besig gehou het en dat hulle blykbaar geen behoefte aan 'n jeugbeweging gevoel het nie. Die studie het aangetoon dat die sukses van die Scoutbeweging toegeskrywe moet word aan tydsomstandighede wat die gemoedere van die jeug ontvanklik gemaak het, aan die persoonlikheid van Baden-Powell wat al die eienskappe van 'n jeugleier ten volle besit het en aan die aard van die beweging se buitemuurse aktiwiteite waarvan die jeug besonder/.....

besonder veel gehou het.[1]

Na die bestudering van die Scout-beweging is daar 'n studie van die ontstaan van die Duitse jeugbewing gemaak en dit is gevind dat die stremmende en vernietigende sosiale instellinge, die starre en onbuigbare lewensvorme en die eeuoue patriargale stelsel met die moderne ondermynende invloede wat daarop ingewerk het, die harmonie van die lewe versteur het. Gevolglik het daar 'n groot behoefte by die jeug in Duitsland ontstaan. Dit het tot openlike verset teen die volwassenes gelei en die Wandervögel-beweging het tot stand gekom om die harmonie weer te herstel. Hierdeur was die vraagstukke egter nog nie opgelos nie. Deur die verwerping van die gesag van die volwassene het daar nuwe behoeftes ontstaan, is die harmonie nog verder versteur.[2]

Uiteindelik is die ontstaan van die Voortrekkerbeweging ondersoek en dit is gevind dat daar by die Afrikaanse jeug, anders as by die Duitse en die Engelse jeug, geen behoefte aan 'n jeugbeweging gevoel is nie. Daar was wel volwassenes wat, net soos 'n Baden-Powell, van die bestaan van so 'n behoefte oortuig was maar die ongunstige tydsomstandighede na die vernietigende Anglo-Boere-oorlog het die gemoedere on-ontvanklik gemaak. Die eenvoudige sosiale instellinge en die meer natuurlike lewensvorme van die Afrikaner het 'n groter harmonie in die gesins- en die gemeenskapslewe veroorsaak. Die behoefte wat deur jeugdige leeglopers in die stede van Engeland geskep is, het hier in Suid-Afrika byna nie bestaan nie.[3]

In/..................

(1) Sien pag. 31 - 33, 35, 38, 47 - 48, waar die bestaan van die behoefte bespreek is.

(2) Sien pag. 61 - 64 van die verhandeling.

(3) Sien pag. 88 - 94 vir my persoonlike indrukke en gevolgtrekkings.

In die tweede plek is die behoefte psigologies benader en dit is gevind dat die groepgees gedurende die laaste helfte van die laerskoolleeftyd kulmineer in die vorming van bendes wat sonder die regte leiding 'n gevaarlike anti-sosiale neiging kan openbaar. Daarom ontstaan daar 'n groot behoefte aan leiding waarin die deur God geskape karaktertrekke van die jeug eerbiedig sal word. Die kind voel egter geen behoefte aan leiding nie, maar wel aan bendevorming waarin hy self voorsien as die geleentheid gevind kan word.(1)

Wat die hoërskoolkind betref, is dit gevind dat daar veral in die puberteitsjare 'n diepgevoelde behoefte tot aansluiting by jeugdiges van dieselfde lewensfase ontstaan. Die behoefte word wel deur ongunstige huislike verhoudinge verskerp, maar dit word nie daardeur geskep nie en dit ontstaan as gevolg van wette wat deur God in die mens ingeskape is. Dit is verder ook gevind dat die behoefte tot losse groepformasies lei, dat die jeugdige nog 'n afkeur aan vaste lewensvorme het en dat dit in die groepe soms lelike anti-sosiale neigings vertoon. Die lewenservaring en die diepere insig van die volassene bepaal egter dat daar juis 'n behoefte aan inskakeling by 'n georganiseerde groep bestaan, dat die inskakeling die aanpassingsmoeilikhede van die jeug kan help oplos en dat verstandige en taktvolle leiding absoluut noodsaaklik is.(2)

Derdens is die behoefte aan 'n jeugbeweging sosiologies benader en dit is gevind dat die taak van die opvoeding deur God Self aan die ouer opgedra is, dat die ouer egter onbekwaam is om die taak ten volle uit te voer en dat daar gevolglik disharmonie ontstaan. Die verval van die gesinslewe en die gebrek aan verantwoordelikheidsgevoel by menige ouer in ons tyd lei tot sedelike verval en degenerasie waardeur die behoefte vergroot word.(3)

Verder/........

---

(1) Vergelyk pag. 102 van die verhandeling.
(2) Sien pag. 116-119 van die verhandeling.
(3) Sien pag. 120 v.v. van die verhandeling.

Verder is dit gevind dat die maatskappy in ons tyd ly as gevolg van jeugmisdaad en die gebrek aan sosiale bewussyn by menige volwassene. Hierdie verskynsels kan tot die kinderjare teruggevoer word, en is die gevolg van wanaanpassing tussen individu en gemeenskap. Dieselfde geld vir wanverhoudinge tussen die individu en die staat. Daarom is dit nodig dat daar in die jeugjare voorsiening vir die regte opvoeding gemaak sal word.(1)

Ten slotte is die behoefte ook opvoedkundig benader en ek het die standpunt ingeneem dat die skool in sy engere betekenis geen sosiale jeuggemeenskap in die volle sin van die woord kan wees nie. Dit is veel eerder 'n jeugwerkgemeenskap wat volgens my beskouing, dan ook 'n noodsaaklike vereiste in die opvoeding is. Dit alleen is egter nie genoeg nie. Daar bestaan ook 'n behoefte aan inskakeling by 'n sosiale jeuggemeenskap wat die skool in sy engere betekenis omvat en wat sy invloed op alle terreine van die lewe van die jeug laat geld. Hierdie jeuggemeenskap moet wel verband hou met die skool maar dit is soewerein in eie kring. Dit is dan ook 'n kragtige opvoedingsmiddel wat die leemtes van die „neutrale skool" behoort aan te vul.

b) <u>Die formulering van die behoefte</u>.

Die behoefte is reeds vanuit soveel gesigspunte benader dat dit lyk asof daar weinig oorbly om gesê te word. En tog is dit nodig om op 'n paar dinge te wys.

In die eerste plek is die bewering dat daar 'n behoefte aan 'n jeugbeweging bestaan, eintlik verkeerd. Dit is nader aan die waarheid as daar gesê word dat daar 'n behoefte bestaan aan iets wat die jeugbeweging kan bied. Selfs as daar jeugdige bendes gevorm word, dan is dit nie terwille van die bendes as sodanig nie maar terwille van iets wat aan die bendes verbond is. Daarom is dit nodig om die gemeenskaplike element in die behoefte-situasies te vind en om daaruit dan die behoefte te omskrywe.

Vir/...........

(1) Sien pag. 131 van die verhandeling.

Vir my het dit duidelik geword dat die behoefte elke keer ontstaan as die harmonie tussen individu en gemeenskap versteur word of as die eenheid ontbreek. As die jeug teen die gemeenskap van die volwassenes bots, dan soek dit sosiale kontakte met 'n jeuggemeenskap om die harmonie te herstel. As die jeugdige misdadiger hom deur sy misdade van die gemeenskap vervreem, dan ontstaan die behoefte aan versoening tussen individu en gemeenskap. As die Britse jeug daarna hunker om 'n aandeel in die roemryke dade van Baden-Powell te hê, dan skrywe hulle briewe om uit te vind hoe hulle kan „aansluit". Hulle soek na eenheid in die gemeenskap met Baden-Powell. Daar bestaan dus elke keer 'n behoefte aan eenheid of harmonie tussen die individu en die gemeenskap, en die middel wat hiervoor aan die hand gegee word is die jeugbeweging.

As die eenheid tussen 'n bepaalde volwasse individu en die gemeenskap verbreek is dan kan geen jeugbeweging dit herstel nie. Dan ontstaan die vraag egter of die jeugbeweging as opvoedingsmiddel nie 'n heilsame uitwerking op hierdie individu in sy jeugjare sou gehad het nie. Die wanaanpassing tussen individu en gemeenskap ontstaan dikwels in die jeugjare. Ongelukkig kon ek niks in die misdaadstatistiek van Suid-Afrika vind wat aandui hoeveel misdadigers in hulle jeugjare lede van jeugbewegings was nie. Iemand wat 'n grondige studie van misdaadstatistiek in ons land nou net voltooi het, het my egter meegedeel dat dit 'n gebrek in ons misdaadstatistiek is dat die genoemde besonderhede nie verstrek word nie. 'n Studie in hierdie verband sou waardevolle lig op die probleem van die jeugbeweging kon werp.

Die behoefte aan harmonie veronderstel dat die jeug in staat gestel moet word om hom in ooreenstemming met sy eie natuur in 'n sosiale gemeenskap waarin dit tuis is, uit te lewe. Dit is geen individualistiese of naturalistiese standpunt hierdie nie. Die natuur word nie verhef tot die hoogste ideaal van die opvoeding nie. Maar met die

natuur/..........

natuur van die jeug moet terdeë rekening gehou word. Dit is dan ook nie die Calvinis se beswaar teen die naturalisme dat dit ten volle met die natuur wil rekening hou nie. Volgens die Calvinistiese standpunt moet die natuur egter net in die lig van die godsopenbaring gesien word en moet dit nie verhef word tot die allesbepalende faktor in die lewe nie.

Verder veronderstel die behoefte aan harmonie dat die eise van die sosiale gemeenskap die volle aandag sal geniet. Die jeug moet opgevoed word tot sosiaal bruikbare lede van die gemeenskap, wat die eise van die samelewing ten volle eerbiedig en wat die welsyn van die gemeenskap bevorder. Dit is geen sosialistiese standpunt hierdie nie. Die individu word nie in die gemeenskap opgelos en die maatskappy word nie verhef tot die einddoel van die opvoeding nie. En tog moet daar met die belange van maatskappy en gemeenskap rekening gehou word, maar dan soos dit in die lig van Gods Woord gesien word. Hier vind ons die sintese van die individualistiese en die sosialistiese standpunte in die opvoeding, beliggaam in die Calvinistiese opvatting van die lewe. Beide individu en gemeenskap word in die lig van die Heilige Skrif gesien en omdat daar in Gods Woord geen teenstrydighede kan wees nie, word individu en gemeenskap met mekaar versoen.(1)

As die eise van Gods Woord die fundamentele beginsel vir die harmonie moet wees, dan lei dit tot die ineters belangrike veronderstelling dat blote harmonie tussen individu en gemeenskap geen opvoedingsideaal mag wees nie, as dit nie met die eise van Gods Woord rekening hou nie. 'n „Opgevoede" mens moet terselfdertyd 'n „godsdienstige" mens wees, anders is die opvoeding 'n uitwendige vernis en die mens 'n „witgepleisterde graf, van binne vol doodsbeendere". Daarom mag die individu hom ook nie met 'n goddelose gemeenskap vereenselwig nie. Dan ontstaan daar 'n wanverhouding

tussen/..........

(1) Coetzee : Inleiding tot die algemene teoretiese Opvoedkunde, 209 - 210.

tussen God die Here en die mens en dit skep 'n behoefte veel groter as die wat as gevolg van die disharmonie tussen individu en gemeenskap sou ontstaan het.

Ten slotte veronderstel die genoemde behoefte dat daar deur die jeugbeweging gesoek sal word na harmonie tussen die enkeling en die volk waarvan dit 'n integrale deel is. Hierdie aspek van die taak van die jeugbeweging word pragtig beliggaam in die belofte wat deur die Boerejeug afgelê moet word. Ek haal net 'n gedeelte van die belofte aan: „Ek gee my erewoord dat ek getrou sal bly aan die ideaal van hulle wat goed en bloed op die pad van Suid-Afrika vir vryheid en reg opgeoffer het; die Christelik-Nasionale sedes en tradisies van my Volk getrou sal handhaaf; my Volk en my Land steeds na die beste van my vermoë sal dien.....; my mede-Afrikaner sal help en beskerm, hom nooit in die stryd sal verlaat en aan die vyand sal uitlewer nie...."(1) Dit is geen politieke doelstelling hierdie nie. Dit is alleen die openbaring van 'n behoefte aan eenheid en harmonie tussen die enkeling en die volk waarvan hy 'n lewende lid is. Dit behoort dan ook die betekenis van „opleiding tot goeie burgerskap" te wees. As hierdie aspek van die behoefte nie terdeë gevoel word nie, sal dit lei tot kleurloosheid en verwatering wat 'n volksbeweging vir die jeug onwaardig is.

In verband met hierdie laaste veronderstelling moet daar nou egter gewaarsku word teen oordrywing wat tot verbrokkeling van die volkslewe mag lei. Die jeugbeweging mag nooit deur sy strewe om in een behoefte te voorsien, nog groter behoeftes skep nie. Daar moet na eenheid en harmonie in die volkslewe gestrewe word, sonder verloëning van beginsels, maar hierdie strewe mag nie die vorm van 'n aktiewe stryd aanneem nie. In verband met die verskil tussen die opvoeding en maatskaplike werk wys prof. Coetzee daarop dat die opvoeding sosiale euwels wil voorkom terwyl

maatskaplike/.....

---

(1) Die Boerejeug : Sy doel, organisasie en administrasie, 30.

maatskaplike werk dit wil bestry.[1] Dit is dan ook die beginsel wat hier gehandhaaf moet word. Die jeugbeweging moet die regte gesindheid skep; dit moet die persoonlikheid vorm maar dit mag nie in 'n aktiewe stryd deelneem nie. Dit is geen kleurlose standpunt hierdie nie. Die Calvinis glo nie aan rekonsiliasie tussen teenoorgesteldes nie; dit soek na eenheid in eie kring, volgens die uitsprake van Gods Woord. „Daar lê 'n groter opbouende diens in die beklemtoning van punte van ooreenkoms, gemeenskaplike strewe en belang as in die vitterige naspour van verskilpunte wat verhef word tot twisappels en elemente van verdeling".[2]

c) <u>Die formulering van die taak van 'n jeugbeweging vanuit Calvinistiese standpunt.</u>

In die lig van die voorgaande kan die taak van 'n jeugbeweging nou vanuit Calvinistiese standpunt as volg bepaal word : Dit is die skepping van 'n georganiseerde gemeenskapslewe waarin die jeug in ooreenstemming met sy natuur en gebonde deur die ordonnasies van God hom vry kan uitlewe; waarin die eise van die maatskappy in ooreenstemming met die wil van God ten volle eerbiedig word; waarin die eenheid van individu en gemeenskap gesien word in die lig van Gods Woord; waarin die jeug bewus gemaak word van sy roeping en plig as 'n deur God geskape integrale deel van 'n volksgemeenskap en waarin daar in kinderlike gehoorsaamheid gestrewe word na die regte gesindheid van die mens as 'n gemeenskapswese teenoor God die Here, sy Skepper en Onderhouer.

Die taak van 'n jeugbeweging veronderstel dus in die eerste plek dat dit 'n verhewe doel in ooreenstemming met die ordonnasies van God sal nastrewe en dat dit aktief besig sal wees met opmekaarvolgende en doelgerigte handelinge wat op die uiteindelike opvoedingsideaal gerig is.

Dit/.............

---

(1) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 216.

(2) Coetzee . : Jong Suid-Afrika, 62.

Dit moet dus strewe om in 'n behoefte van die jeug te voorsien en dit moet weet wat die behoefte is. As daar aan hierdie vereistes voldoen word, dan eers kan daar gesê word dat 'n jeugbeweging met 'n opvoedingstaak besig is.[1] Maar in die tweede plek veronderstel die taak ook kennis van die behoeftes van die individu en van die gemeenskap, soos dit reeds uiteengesit is, en kennis van die Christelik-nasionale aard van die Boerenasie. Hiermee moet ten volle rekening gehou word as die taak van 'n jeugbeweging vir die Afrikanervolk vanuit Calvinistiese standpunt benader word.

## 2. DIE GESKIKTHEID VAN DIE VOORTREKKERBEWEGING VIR DIE UITVOERING VAN DIE GEMELDE TAAK.

Ten einde vas te stel of die Voortrekkerbeweging geskik is vir die uitvoering van die gemelde taak, sal daar 'n studie van die beginsels van die beweging gemaak moet word. Ek bepaal my dan net by die betrokke gedeelte van die konstitusie, sake rakende die organisasie en die werksaamhede van die beweging val buite die terrein van hierdie ondersoek omdat dit op die uitvoering van die taak betrekking het.

### a) Die naam „Voortrekker".

In die openingsrede van die stigtingskongres van die Voortrekkerbeweging het dr. N.J. van der Merwe die volgende gesê : „Die naam van die Voortrekkers skiet wortel in die verlede. Dit staan vir vryheid en godsdienssin, vir reinheid en sterke krag, soos die ware Voortrekker was - baanbrekers en stigters van beskawing in 'n barbaredom. In die nuwe beweging moet die besieling en verheffende invloed van die Voortrekkers werk en dit maak tot 'n krag en sukses deur die lengte en breedte van die land.[2] In die winteruitgawe van „Hou Koers" van 1939 gee dr. Visser die rede waarom hy hierdie/......

---

(1) Sien pag. 15 van hierdie verhandeling vir die definisie van „taak".

(2) Heese : Die Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse jeugverenigings, 57.

hierdie naam gekies het. Dit het my getref, dat wanneer 'n vereniging van jong mense vir hul so 'n erenaam uit die geskiedenis kies, dat hul deur hul handelwyse en optrede ook altyd daarvoor sorg dat so 'n naam, so 'n heldenaam, altyd in eer gehou word.....Daar is in ons geskiedenis seker geen mooier naam as die Voortrekkers nie en daar is in ons geskiedenis seker geen ander naam waarvan daar vir ons soveel besieling kan uitgaan nie".(1)

Dit is genoeg om aan te toon dat daar 'n verhewe doel in die naam veronderstel word. „Voortrekkers" is dan ook in werklikheid 'n erenaam wat pragtig harmonieer met die doelstelling van die beweging. Die lewens-en wêreldbeskouing van die Voortrekkers(2) moet ingedra word in die samelewing van die toekoms. Dit is 'n belangrike deel van die taak van die Voortrekkerbeweging.

Daar kan egter twee besware teen die naam ingebring word. In die eerste plek lei dit soms tot verwarring. Die voetnoot (Nr. 2) onder aan hierdie bladsy is reeds 'n bewys daarvan. As die verband nie duidelik gestel word nie, is dit ook nie duidelik of die naam die beweging of die volksgroep uit die verlede aandui nie. Ek het dan ook self die boek „Voortrekkermense" onder die jeugafdeling van 'n sekere biblioteek aangetref. Dit is egter nie 'n ernstige beswaar nie.

'n Tweede beswaar is dat die geskiedenis van ons volk hierdeur oneer aangedoen kan word.(3) Die geldigheid hiervan kan aan die rigting wat die beweging inslaan, getoets word. As dit getrou die ideale van die Voortrekkers

nastrewe/.........

---

(1) Visser : „Uit die Eerste Jare " in „Hou Koers", Winteruitgawe 1939.

(2) Hier bedoel ek nie die beweging nie maar ons voorouers.

(3) Visser : Op. cit.

nastrewe, verval die beswaar heeltemal. As dit sou toelaat dat Voortrekkerseuns en -dogters b.v. saam op 'n Sondagmôre byna nakend in die see gaan baai, en as die vergunning dan later teruggetrek sou word omdat „sekere persone" gewetensbeswaar het, dan kry die genoemde bewering groot betekenis.

Om die naam „Voortrekkers" met ander name te vergelyk, beteken nie veel nie. Name soos „Voortrekkers", „Boere-jeug", „Jeugkamerade"[1], is almal soetklinkende name en elkeen simboliseer 'n gedagte wat vanuit die standpunt van die bepaalde organisasie verdedig kan word. So kan die Voortrekkerbeweging deur sy naam aandui dat dit in die eie volksverlede wortel skiet[2] en dat dit alles wat goed en edel is daaruit wil neem om die toekoms daarop te bou. In hierdie sin sou die naam „Voortrekkers" voller en ryker aan betekenis wees as enige ander naam waarmee ek bekend is.

In 'n boodskap aan die Voortrekkers met die onthulling van die Bloedrivier-monument, druk dr. Visser, hoofleier van die beweging, hom as volg uit : „Is ons Voortrekkernaam nie vir ons die verklaring dat ons vandag op ons beurt die draers wil wees van die Christelike beskawing wat ons voorouers hier vir ons in die binneland van Suid-Afrika geplant en gevestig het nie? Aanvaar ons nie ook met ons Voortrekkernaam die geestelike en stoflike erfenis wat deur ons voorouers hier vir ons nagelaat is nie? Is dit nie ook ons plig om met daardie erfenis te woeker en dit tot groter seën en voorspoed vir die geslagte, wat na ons kom, te maak nie? Moet ons godgewilde volksbestaan nie vir ons altyd bereid vind om ook in ons volkstryd die goeie stryd te stry, soos ons jong Voortrekkers dit ook op eie manier kan doen nie?"[3]

Dit/...............

---

(1) Dit is net jammer dat laasgenoemde naam ons herinner aan 'n volk van wie elke woord of daad direk teen alles wat vir die Boerevolk dierbaar is, indruis.

(2) Heese : Die Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 57.

(3) Visser: „Boodskap aan die Voortrekkers" in „Hou Koers", I, 1948

Dit kan dus beskou word dat die naam van hierdie beweging aandui dat dit 'n jeuggemeenskap, besiel met die ideale van ons voorgeslag, wil skep. Aangesien die Christelike nasionale lewens- en wêreldbeskouing deur ons voorgeslag as 'n geestelike erfenis vir ons nagelaat is, veronderstel die naam dus dat die Afrikaanse jeugbeweging wat hierdie naam gekies het, op die Christelik-nasionale grondslag van hul voorouers sal moet voortbou.

b) Die doel van die Voortrekkerbeweging.

Die doel van die Voortrekkerbeweging word as volg gestel: „Die doel van die vereniging is om onder die jeug die vorming van sterk en rein karakters en die opleiding tot goeie burgerskap te bevorder deur die aankweking van Christelike en maatskaplike deugde; aanmoediging tot gehoorsaamheid, getrouheid en hulpvaardigheid; opwekking van sin en waardering vir skoonheid en reinheid; ontwikkeling van goeie gewoontes van waarneming en ondersoek; verskaffing van onderrig in praktiese werk en selfhulp; verrigting van dienste aan die medemens en die publiek; versorging van liggaamlike welsyn en gesondheid".(1)

Die doelstelling maak voorsiening vir die persoonlike sowel as die sosiale opvoeding van die jeug en daarom is dit in hierdie opsig in harmonie met die taak wat die beweging moet verrig. En tog is daar 'n paar opmerkings wat ek hier wil maak :

In die eerste plek sien die doelstelling die taak van die Voortrekkerbeweging teveel vanuit die standpunt van die volwassene en te min vanuit die standpunt van die jeug. „Vorming van rein karakters" en „opleiding tot goeie burgerskap" is doelstellinge van volwassenes. Dieselfde geld vir die begrippe „aankweking", „aanmoediging", „opwekking", „ontwikkeling", „verskaffing", ens. Wie is dit wat hier wil aankweek, aanmoedig, opwek, ontwikkel en verskaf? Dit is die volwassene. En wie is dit wat begerig is dat daar diens

vir/........

(1) Die konstitusie van die Voortrekkers : Artikel 2, pag. 1.

vir die medemens verrig moet word? Die werklike aard van die jeug is in hierdie doelstelling nie genoeg in aanmerking geneem nie.

Hiermee wil ek nie die doeleindes wat gestel word en die middele wat genoem word verkleineer nie. Hulle is almal nodig. Nog minder wil ek die volwassene wegredeneer uit die doelstelling van 'n jeugbeweging. J.M. Steyn maak beswaar teen die nie-jeugdige elemente in die Voortrekkerbeweging.(1) Hoewel ek sommige van die besware wat hy noem wil onderstreep, is dit egter vir my duidelik dat elke opvoedingsmiddel wat die opvoeding van die hele persoonlikheid beoog, nie-jeugdige elemente moet bevat. Prof. Chris Coetzee druk die gedagte so uit: „Daarom moet die opvoeders self besit wat hulle aan die opvoedeling wil gee, naamlik rypheid, onafhanklikheid, sedelike vryheid, volwassenheid". En nadat Prof. Coetzee dan aangetoon het dat die opvoeder egter geen ideale mens kan wees nie, eindig hy met die beskouing dat beide volwassene en onvolwassene nodig is vir die opvoeding.(2) Opvoeding sonder die volwassene is nie denkbaar nie.

Dit is dan ook nie my beswaar dat die doel van die Voortrekkerbeweging ook vanuit die standpunt van die volwassene gestel sal word nie, maar dit moet nie daarmee eindig nie. Dit moet die doel ook vanuit die standpunt van die jeug sien. Daarom moet dit ook die doel van die genoemde beweging wees om 'n georganiseerde gemeenskapslewe te skep, waarin die jeug inooreenstemming met sy natuur en gebonde deur die ordonnansies van God hom vry kan uitlewe. In so 'n doelstelling sal daar beslis voorsiening gemaak moet word vir die idealisme van die jeug, sy selfaktiwiteit, sy begeerte om selfstandig op te tree, sy liefde vir die natuur, ens.

Daar is ook 'n ander aspek van die opvoeding wat beoog word en wat ek in die doelstelling mis: die Christelik-nasionale aard daarvan. Die Boerejeug stel sig ten doel

„die/.....

---

(1) Steyn : Jeugbeweging, 75 - 77.

(2) Coetzee : Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 17.

„die vorming en ontwikkeling van die Afrikanerjeug in en deur sy volksverband".[1] Dan volg daar 'n uiteensetting van wat daarby ingesluit word. Dit alles gee 'n baie mooi blik op die nasionale karakter van die genoemde beweging. Ek mis dit in die Voortrekkerdoelstelling. Nou moet dit wel toegegee word dat artikel 3 van die konstitusie melding daarvan maak dat die grondslag van die beweging Christelik-nasionaal is. Maar as dit waar is - en ek het geen rede om dit te betwyfel nie - moet dit ook in die doelstelling weerspieël word. Daar bestaan tog immers die nouste verband tussen die lewensbeskouing van die doel van die opvoeding.[2] Dieselfde geld vir die Christelike karakter van die beweging. Al wat in die doelstelling in hierdie verband aangetref word is die feit dat goeie burgerskap bevorder sal word deur die „aankweking van Christelike en maatskaplike deugde".

In verband met hierdie uitdrukking moet daarop gewys word dat die aankweking van„Christelike deugde" nog geen waarborg vir die Christelike karakter van die beweging en vir sy onderworpenheid aan die wil van God is nie. Naasteliefde is by uitstek 'n Christelike deug omdat die bevel om jou naaste lief te hê deur niemand meer benadruk is as deur Christus self nie. En tog kan die aankweking van hierdie deug in die doel van enige neutrale opvoedingsinstelling beliggaam wees. Dit is nie die aankweking van Christelike deugde as sodanig wat deur die Voortrekkerbeweging beoog moet word nie maar die aankweking van die regte lewenshouding in kinderlike onderworpenheid aan die wil van God.

Daar is nog 'n laaste opmerking wat in hierdie verband gemaak moet word. Die uitdrukking „Christelike en maatskaplike deugde" is vir misverstand vatbaar. Wil die Voortrekkerbeweging dan Christelike deugde wat nie maatskaplik is nie en maatskaplike deugde wat nie Christelik is nie

by/.........

---

(1) Die Boerejeug, sy doel, organisasie en administrasie, 1.

(2) Vergelyk ook Keyter : Opvoeding en Onderwys; 118 v.v.

by die jeug aankweek? Dit tog seker nie. En tog kan dit uit die bewoording afgelei word dat hier onderskei word tussen Christelike deugde en maatskaplike deugde en dat albei deur die beweging aangekweek moet word.

Deur die opmerkings wat ek hier gemaak het, wil ek geensins beweer dat ek 'n beeld van die gees van die Voortrekkerbeweging geskilder het nie. Ek wou net die leemtes in die bewoording van die doelstelling benadruk. Hierdie leemtes moet herstel word as die beweging die taak, soos deur my vooropgestel, wil uitvoer.

d) <u>Die Grondslag van die Voortrekkerbeweging.</u>

Dit word aangegee as Christelik-nasionaal.[1] Dit beteken dat die hele beweging in al sy openbaringsvorme die kentekens van sy Christelike en sy nasionale karakter sal dra. Maar soos in die eerste hoofstuk reeds verduidelik,[2] word die godsdiens hierdeur nie tot die hoofdoel van die beweging verhef nie en mag dit nie ontaard tot 'n politieke beweging nie. Dit is baie duidelik dat 'n opvoedingsinstelling van watter aard ook al op geen ander grondslag kan staan nie. Die grondslag is nie alleen in ooreenstemming met die taak wat die beweging moet verrig nie, maar dit is ook 'n absolute vereiste daarvoor.

e) <u>Die belofte.</u>

Die Voortrekkerbelofte lui as volg : „Op my eer beloof ek dat ek sal strewe : (i) om getrou my plig teenoor God, my volk en my land te doen; (ii) om te alle tye my medemens te dien; en (iii) om die Voortrekkerwet na te lewe". Treffend is die ooreenkoms met die belofte wat deur die Scouts afgelê moet word: „On my honour I promise that I will do my best - to do my duty to God, my King and my country; to help other people at all times; to obey the Scout Law".[3]

Dr. Visser/.......

---

(1) Die konstitusie van die Voortrekkers, art. 3, pag. 1.

(2) Sien pag. 20 - 22 van hierdie verhandeling.

(3) The Boy Scouts Association : Policy, Organisation and Rules, 5.

Dr. Visser, hoofleier van die Voortrekker-beweging in Suid-Afrika, gee die volgende verklaring vir die ooreenkoms: „Die Voortrekkers.....het in die ontwerp-konstitusie na aan die Boy Scouts gehou. Dit het waarskynlik gebeur... omdat die Voortrekkers as bewuste teenhanger van die Scouts op die toneel verskyn het en omdat die vooruitsig op later toenadering tussen die twee bewegings destyds nog steeds in die oog gehou is".(1) In sy mooi werkie „Jong Suid-Afrika" beweer J.H. Coetzee dat die „meer liberale standpunt" van die beweging uit die aard van sy oorsprong verklaar kan word, nl. uit die idee van 'n Afrikaanse afdeling van die Scout-beweging. Hy sien dan ook spore van die humanistiese beskouing in die Voortrekkerbelofte.(2)

Die Christelik-nasionale beginsel word in die Voortrekkerbelofte beliggaam, nl. in die pligsbetragting teenoor God, land en volk. Die opvoeding van die jeug in sy persoonlike aspekte word beliggaam in die uitlewing van die Voortrekkerwet en in sy sosiale aspekte in die diens van die medemens. Hoewel hierdie dinge op interpretasie berus, is dit tog moontlik om die belofte in die raamwerk van die vooropgestelde taak te laat pas. En tog is daar ook in hierdie verband besware.

Ek wil al dadelik opmerk dat dit jammer is dat die belofte so na aan die van die Scouts gebly het, veral toe die skeiding tussen die twee bewegings eers 'n voldonge feit was. Die meer liberalistiese standpunt van die Brit en die engere Calvinistiese standpunt van die Boer kan tog nooit in dieselfde belofte beliggaam word nie. Hoewel ons in die eeu van internasionale organisasies op kerklike en staatkundige gebied lewe,(3) is dit m.i. nie die taak van die Voortrekkerbeweging om na internasionale erkenning te strewe nie. Die V.V.O. het reeds bewys wat van sulke internasionale liggame verwag kan word. Om dieselfde rede is 'n samesmelting

tussen/........

(1) Visser: „Uit die Eerste Jare" in „Hou Koers", Lenteuitgawe, 1939.
(2) Coetzee : Jong Suid-Afrika, 18.
(3) Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 54.

tussen die Voortrekkerbeweging en die Scout-beweging ondenkbaar.. As dit gebeur, het die leuse van die Voortrekkers, „hou koers", 'n oorsaak van spot geword. Daarom was dit n.i. nie nodig om die Scout-belofte byna letterlik te vertaal en dan as Voortrekkerbelofte te aanvaar nie. Dit doen afbreuk aan die nasionale karakter van die beweging.

Daar is 'n tweede opmerking in hierdie verband. In die belofte word God die Here, die land en die volk in dieselfde sin genoem. Kan dit nie as 'n oneerbiedige gelykstelling beskou word nie? Ek het dieselfde verskynsel al dikwels aangetref waar Christus en Moses bevoorbeeld twee groot hervormers genoem word. Die middelaarswerk van Christus is so heel iets anders as die hervormingswerk van Moses. En so is die plig van die mens teenoor God so heel iets anders as die plig teenoor land en volk. Die eerste is 'n godsdienstige, die tweede 'n sedelike betrekking. Deur die plig teenoor God, land en volk in dieselfde sin te noem bestaan die gevaar dat óf die godsdienstige betrekking tot die sedelike verlaag sal word óf dat die sedelike tot die godsdienstige verhoog sal word.

Daar is nog iets in hierdie selfde verband. Die jeug belowe om sy plig teenoor God te doen en om sy medemens te dien. Is dit nie 'n duidelike omkering van verhoudings nie? Moet die mens wat alles aan God die Here verskuldig is, nie liewer belowe om die Here te dien en om sy plig teenoor sy medemens te doen nie?

As gevolg van hierdie beskouinge is dit vir my duidelik dat die belofte veel meer in ooreenstemming met die Calvinistiewe opvatting sou wees as daar belowe word om (i) die Here te dien, (ii) die plig teenoor land, volk en medemens nie te versaak nie en (iii) die Voortrekkerwet na te lewe. In hierdie belofte kom die drievoudige verhouding van(i) die mens teenoor God, (ii) die mens teenoor sy naaste en (iii) die mens teenoor homself as beelddraer van God, tot sy reg. In hierdie belofte word die onderworpenheid aan die

wil/.........

wil van God, wat 'n eerste vereiste van die opvoeding is, en die individuele en die sosiale karakter van die opvoedingstaak van die beweging beliggaam.

f) <u>Die Voortrekkerwet.</u>

Dit lui as volg[1] :-

(i) 'n Voortrekker se woord is sy eer.

(ii) 'n Voortrekker is rein in gedagte, woord en daad.

(iii) 'n Voortrekker is gehoorsaam en eerbiedig sy meerdere.

(iv) 'n Voortrekker is sober en spaarsaam.

(v) 'n Voortrekker hou sy taal in ere.

(vi) 'n Voortrekker is hulpvaardig.

(vii) 'n Voortrekker is vriendelik.

(viii) 'n Voortrekker is hoflik.

(ix) 'n Voortrekker is opgeruimd onder moeilikhede.

(x) 'n Voortrekker is 'n liefhebber van ons diere, ons plante en ons grond.

Hierteenoor staan die „Scout Law" :-

(i) A Scout's honour is to be trusted.

(ii) A Scout is loyal to the Kind, his country, his Scouters, his parents, his employers and to those under him.

(iii) A Scout's duty is to be useful and to help others.

(iv) A Scout is a friend to all, and a brother to every other Scout, no matter to what country, or social class, or creed, the other belongs.

(v) A Scout is courteous.

(vi) A Scout is a friend to animals.

(vii) A Scout obeys orders of his parents, Patrol Leader or Scoutmaster, without question.

(viii) A Scout smiles and whistles under all difficulties.

(ix) A Scout is thrifty.

(x) A Scout is clean in thought, word and deed.[2]

Die/..........

---

(1). Konstitusie van die Voortrekkers, art. 5. pag. 2.

(2) The Boy Scouts Association :
Policy, organisation and rules, 5 - 6.

Die opmerkings wat in verband met die ooreenkoms tussen die Voortrekker- en die Scout-belofte gemaak is, geld ook hier. Dit is egter nodig om daarop te wys dat die Voortrekkerwet sekere sinsnedes van die Scout-wet óf verander óf weggelaat het. In sommige gevalle was dit 'n verbetering maar in ander gevalle weer 'n ongelukkige weglating. Dat die getrouheid teenoor die Britse koning weggelaat is, is 'n verbetering maar dat die getrouheid van die Voortrekker teenoor sy beweging geen plek in die wet gevind het nie, is jammer. Daar is meer sulke gevalle, maar die tyd laat nie toe dat verder daarop ingegaan sal word nie.

Oor die vraag of daar wel 'n belofte en 'n wet moet wees, bestaan daar verskil van opvatting. In verband hiermee druk Steyn hom as volg uit: „Ook in die belofte en die wet tref ons eerder die hand van die volwassene as die van die jeug. Dit is die volwasse moraal waar geskryf staan dat die padvinder eerbiedig moet wees. Die hele belofte en die wet is 'n volwasse instelling om die jeug te bind aan bepaalde tradisies. Hierdie belofte is dan ook holle frases wat maklik daartoe kan bydra om die jeug te leer huigel. So bestaan daar alreeds die uitdrukking onder die Voortrekkers : ‚op my Voortrekkerwoord', m.a.w. hy het eintlik twee ‚woorde'."(1)

Dat Steyn hier op 'n werklike gevaar wys, kan sekerlik nie weggeredeneer word nie. Ons ken ook reeds die opvoedkundige beskouing dat daar vir die kind so min as moontlik skriftelike reëls voorgeskrywe moet word. Dit lei tot eerbiediging van die letter van die wet terwyl die gees van die wet verlore gaan. Dit hang egter tot 'n groot mate af van die wyse waarop die wet geïnterpreteer word. Die blote bestaan van die wet en die belofte kan nie tot huigelary lei nie. Dit is die verkeerde toepassing daarvan, die disharmonie tussen leer en lewe wat tot die lelike verskynsel van huigelary of fariseïsme lei. Die kind is wel nog nie ryp vir die besef van die verantwoordelikheid wat die aflê van 'n belofte

meebring/......

(1) Steyn : Jeugbeweging, 76.

meebring nie. Maar die tyd is wel ryp om 'n stadige begin te maak met die inskerping van verantwoordelikheidsgevoel en die eerbiediging van bestaande wette by die jeug. Die volwassene is tog immers „ryp" vir daardie verantwoordelikheidsgevoel en hoeveel kom in sommige gevalle tereg van die doopsgelofte wat so plegtig in die skoot van die kerk afgelê word? Die jeugbeweging het ook in hierdie verband 'n taak om te vervul.

Ek sien die Voortrekkerwet in die lig van die Voortrekkerbelofte; die twee vorm 'n eenheid. In die belofte word belowe om God te dien, om die sosiale pligte in ooreenstemming met die ordonnansies van God getrou uit te voer en om die Voortrekkerwet na te lewe. Waar die eerste gedeelte van die belofte op Godsdienstige en die tweede gedeelte op sosiale verhoudinge sien, daar het die laaste gedeelte betrekking op die verhouding van die mens teenoor homself as beelddraer van God. Dit is wel ook 'n sedelike verhouding maar anderssoortig as die sosiale verhouding tussen die mens en sy naaste. En dit is hierdie sedelike verhouding van die mens teenoor homself as beelddraer van God, wat in die derde deel van die belofte en dus ook in die Voortrekkerwet beliggaam moet wees.

Hierdie gedagte sal verder verduidelik moet word. Die bewering wat dikwels gemaak word dat die sedelike noodwendig 'n sosiale betrekking veronderstel, is foutief. Die mens as individu kan, sonder enige verband met ander mense, ook onsedelik handel. Die sedelike veronderstel 'n mens-tot-mens verhouding, ja. Maar nou moet dit onthou word, dat die verhouding tussen die mens as 'n selfstandige persoonlikheid en sy eie self as beelddraer van God, ook 'n mens-tot-mens verhouding is. Dr. Stoker gee 'n pragtige voorbeeld van hierdie gedagte. „As iemand b.v. 'n dier martel, handel hy onsedelik, nie omdat dit 'n DIER is, wat MISHANDEL word nie - waar 'n dier 'n ander dier martel is in hierdie daad geen sedelikheid aanwesig nie - maar omdat hy as MENS deur sy diermarteling 'n gebrek aan selfliefde openbaar

en/.............

en daardeur sy menslike persoonlikheid sedelik verlaag. Waar ware selfliefde heers, sal die mens, beelddraer Gods, geroepe om die natuur te beheers, nie tot dieremarteling, tot die behae daarin of die onverskilligheid daarteenoor kan verval nie." (1)

Die verhouding van die mens teenoor sy innerlike self as beelddraer van God veronderstel die regte gesindheid teenoor God die Here wat hom geskape het. Maar dit veronderstel ook die regte verhouding teenoor sy naaste en teenoor die lewe wat deur God aan hom geskenk is. Hierdie drie dinge, sy godsdienstige gedrag, sy gedrag in en teenoor die gemeenskap en sy intiem-persoonlike gedrag moet in die Voortrekkerwet beliggaam word. Die intiem-persoonlike gedrag sluit die mens se houding teenoor die natuur in. Die mens is as beelddraer van God ook hoof van die skepping Gods en hy moet hierdie amp met waardigheid beklee.

Daar is 'n laaste opmerking wat ek in verband met die Voortrekkerwet wil maak. Dit is reeds herhaaldelik benadruk dat die Voortrekkerbeweging 'n jeuggemeenskap moet wees, waarin die jeug hom kan uitlewe, sonder uitwendige dwang maar tog gebonde aan die ordonnansies van God. Hierdie gedagte moet ook in die wet gestalte kry. Die Voortrekker moet bewus gemaak word van die vryheid wat hy in onderworpenheid aan die wil van God, geniet. Daarom moet dit 'n lewenswet van die Voortrekker wees dat hy die vryheid wat hy in en deur sy beweging geniet, reg sal gebruik.

Dit was nie my doel om die bewoording van 'n Voortrekkerwet in ooreenstemming met die Voortrekkerideaal op te stel nie. Nog minder was dit my doel om die bestaande wet te verkleineer of te veroordeel. Tyd en ruimte verbied my om ook op die goeie in die wet te wys. Ek wou net 'n paar beginsels noem waaraan die wet moet voldoen as dit 'n getroue weergawe van die taak, soos ek dit sien, wil wees.

g) Die/.....

---

(1) Stoker : Die grond van die sedelike, 29.

g) Die wapen en die leuse van die Voortrekkerbeweging.

„Die wapen van die vereniging bestaan uit 'n wiel met tien speke, 'n fakkel en 'n lint met die vereniging se leuse daarop, volgens ontwerp en kleure deur die Hoofbestuur goedgekeur".[1] Dit is goed afgewerk en dit maak 'n mooi indruk.

In die nuwe handleiding van die Voortrekkers word die simboliek as volg verklaar : Die wawiel is 'n sinnebeeld van vooruitgang en spoor die jeug aan om self vorentoe te beur.[2] In die amptelike orgaan van die Voortrekkers, Herfs-uitgawe 1949, word die simboliek weer as volg verklaar: „Die krag van die wawiel lê in sy beleë hout, sy band van getemperde staal en sy hegte samestelling - die krag van die Voortrekkerbeweging lê in die bekwaamheid, die gehardheid en die samehorigheid van die lede van die beweging. Die las wat hy dra en die ruwe paaie waaroor hy gaan, toets die duursaamheid van die wiel - die verantwoordelikheid wat elke Voortrekker help dra en die taak wat hy volbring, is die toets van sy bruikbaarheid en volharding."[3] Die fakkel stel die lig van die Christelike beskawing voor. „Soos 'n fakkel in die donker nag lig versprei, so moet ons deur die uitlewing van ons godsdiens ... en naastediens ook ons lewensfakkel hoog en helder brandend hou."[4]

Daar is nog ander mooi gedagtes wat met die wapen verbind kan word. Ongelukkig kom die verklaring wat deur verskillende persone gegee word, nie altyd ooreen nie. Maar watter simboliek amptelik ook al aanvaar word, vir my is dit duidelik dat die ideë van die Voortrekkerwapen in volle ooreenstemming met die taak van die Voortrekkerbeweging gebring kan word.

Die leuse van die beweging is „Hou Koers".[5]

Eerstens/.....

---

(1) Die Voortrekkerkonstitusie, artikel 11, pag. 7.
(2) Die Voortrekkers : 'n Nuwe handleiding, 12.
(3) en (4) „Ons wapen en leuse" in „Hou Koers", Herfs, 1949.
(5) Die Voortrekkerkonstitusie, artikel 10, pag. 7.

Eerstens behoort dit te veronderstel dat die Voortrekker op die Pad van Suid-Afrika wil bly en tweedens dat dit die pad in die lig van Gods Woord wil bewandel. Koersvastheid is 'n godsdienstige sowel as 'n nasionale verskynsel. „Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na u Woord".[1] Al die ander dinge wat reeds in verband met die taak van die jeugbeweging gesê is, kan weer hieronder ingeskakel word. Die leuse van die Voortrekkerbeweging is dus ook in ooreenstemming met die taak wat uitgevoer moet word.

h) Die vraag of die Voortrekkerbeweging geskik is om die taak uit te voer.

Na bestaande oorweginge is dit vir my duidelik dat die Voortrekkerbeweging geskik is om die taak van 'n Afrikaanse jeugbeweging in ooreenstemming met ons volksaard uit te voer. Dit is nie nodig om verder op die konstitusie in te gaan nie. Die punte wat oorbly is óf van ondergeskikte betekenis óf hulle het te doen met die uitvoering van die taak wat nie op die terrein van hierdie ondersoek val nie.

Daar is egter wel leemtes in die konstitusie en vir die doeltreffende uitvoering van die taak, soos deur my geformuleer, moet die leemtes herstel word. Die leemtes is egter nie van so 'n aard dat dit die beweging ongeskik vir die taak maak nie. Daar is niks in die konstitusie gevind wat indruis teen die Calvinistiese lewens-en wêreldbeskouing van die Afrikaner nie.

3. DIE BESONDERE TAAK VAN DIE VOORTREKKERBEWEGING.

Waar dit nou bepaal is dat die Voortrekkerbeweging 'n bepaalde taak het, waar die taak omskrywe is en waar dit gevind is dat die genoemde beweging geskik is om die taak uit te voer, daar is dit my doel om 'n beknopte studie van die opvoedkundige konsekwensies van die beweringe te maak. Ek wil baie kortliks die taak van die beweging as 'n jeuggemeenskap, die Christelike en nasionale karakter daarvan en sy taak as skool- en volksbeweging ondersoek.

a) Die /.................

---

(1) Psalm 119 vers 9.

a) Die taak van die Voortrekkerbeweging as jeuggemeenskap.

Daar is verskillende aspekte wat hier benadruk kan word. Ek wil egter op een aspek wat dikwels verwaarloos word, wys. Dit staan in verband met die uitlewing van die jeug in die jeuggemeenskap en die skepping van die regte atmosfeer daarvoor, waarop dikwels reeds in hierdie verhandeling gewys is.

Dr. Knoppers behandel die plek wat die jeugbeweging ten opsigte van die gesinslewe in die skool inneem en dan wys hy daarop dat die „vrye Jeugdvorming" die opvoeding van huis en skool wil voortset, „maar naar eigen methode en overeenkomstig de physische en psychische wetten en verschynselen, die in den leeftyd van 13 jaar en later gevonden of aanschouwd worden". (1) Hierdie verskynsels is reeds behandel en 'n paar daarvan kan hier net weer genoem word : die begeerte van die jeug om selfstandig te wees, verantwoordelikheid te dra en sy eie wil deur te voer; die idealisme van die jeug wat uiting soek 'n heldeverering en in die bewondering van dit wat mooi en skoon is; die afkeur wat die jeug het aan vaste, onbuigbare lewensvorme, aan reëls en regulasies aan wette en aan organisasie. Met hierdie dinge moet ten volle rekening gehou word. Daarom is dit nodig dat die Voortrekkeroffisiere die nodige kennis sal besit, gewillig sal wees om die kennis toe te pas en die tyd daarvoor sal hê.

Ek haal hier 'n paragraaf aan uit prof. Kohlbrugge, om aan te toon watter opvatting hy het van die nodige atmosfeer. „Ga met hen naar het strand by middernacht, waar de maan op de branding flikkert, of naar de wyde paarse heide. Daar zult gy stralende jongensoogen zien of droomende gedaanten kunnen ontdekken in het wegstervend schynsel van een kampvuur. In eene indrukwekkende omgeving, by loeiende branding, in stik - donkeren nacht of waar aan de voet der duinen het water klotst en de maan de kring der jongens bestraalt, daar kan men schitterende resultaten bereiken......De goede geest in een groep......zal slechts daar ontstaan, waar de jongens

overtuigd/..........

(1) Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 75.

overtuigd zyn, vry te wezen".[1]

Ons let ook nog op enkele uitsprake van Steyn in hierdie verband: „Dit is voor die hand liggend dat die idealisme van die jeug en die drang tot helde-verering in 'n jeugbeweging uitingsruimte sal hê. Tog is die enigste wat ons in ons Voortrekkerprogram vind die Taalgeskiedenis, wat vir die kind 'n teoretiese en abstrakte storie is, waarby hy min belang het......So ook speel die sang, die dramatisering e.d.m. 'n veels te kleine rol in die Padvindery".[2]

Ten slotte moet ons nagaan wat die amptelike uitsprake van die Voortrekkerbeweging self in verband hiermee is. In „Hou Koers" word vier dinge benadruk : belangstelling in, liefde vir, kennis van en ervaring met die kind. As die leier hierdie dinge besit, sal hy in staat wees om 'n omgewing te skep wat 'n ware jeuggemeenskap sal wees.[3]

Dit lê nie op die weg van hierdie verhandeling om vas te stel of die besware van Steyn geregverdig kan word nie. Dit het te doen met die uitvoering van die taak. Maar dit is wel beslis noodsaaklik dat die jeug die geleentheid sal hê om uiting te vind vir daardie neigings wat in die gemeenskap van die volwassene onderdruk word. Slaag die Voortrekkerbeweging nie hierin nie, dan slaag dit nie in die uitvoering van sy taak nie.

b) <u>Die Christelike karakter van die Voortrekkerbeweging.</u>

Hieroor is reeds baie gesê in hierdie verhandeling. En tog is daar 'n paar gedagtes waarop die aandag gevestig moet word.

„Watter plek moet die godsdiens in ons Voortrekkerlewe inneem?" Dit is 'n vraag wat in die amptelike orgaan van die Voortrekkerbeweging gevra word. Dan behandel die

skrywer/.........

---

(1) Kohlbrugge : Practische Sociologie IV, 37.

(2) Steyn : Jeugbeweging, 77.

(3) „Psigologiese Grondslag van die Voortrekkers" in „Hou Koers", Herfs-uitgawe 1949.

skrywer die waarde van godsdiens in ons lewe en sê : „Ons hele lewe is godsdienstig gekleurd, en as ons dit nie verstaan nie, dan is dit omdat ons ons verhouding tot God nie verstaan nie,......Ons godsdiens moet straal deur ons werk, deur ons spel, deur ons hele program". Verder wys die skrywer dan op die noodsaaklikheid om veldkornetskap-en kommando-byeenkomste met gebed te open en af te sluit. Ten slotte spreek hy sy afkeur in kerkparades uit omdat ons in die kerk net gelowiges is en nie lede van 'n bepaalde organisasie nie.(1) Al hierdie uitsprake staan in die amptelike orgaan van die Voortrekkers maar dit is nie duidelik of dit ook die offisiële beskouing van die Voortrekkerleiding is nie. Ek kan my in alle geval ten volle vereenselwig met die aanhalings hier bo.

Ek wil ook nog aandag gee aan die uitspraak van die Boerejeug in hierdie verband. Waar die reëls in verband met laertrekkings gegee word, staan : „Dis ons voorreg en plig om toe te sien, nie alleen dat niks in die laer geskied wat strydig is met die godsdienssin van die Afrikaner nie, maar ook dat alles tot eer van God sal plaasvind". Onder die dinge wat hierby ingesluit word, word die volgende genoem : „dat die Christelike beginsel die rigsnoer vir alle gedrag en wandel sal wees en dat die Sondag geheilig sal word".(2) In die reëls van Steyn in verband met sy Jeugkamerade word hierdie aspek verwaarloos.

Die genoemde uitsprake hier bo is in ooreenstemming met die wese van die taak van die Voortrekkerbeweging. Dit is nie die godsdiens as sodanig wat die inhoud van die Voortrekkerwerksaamhede moet wees nie. Dit is die Christelike gesindheid, die onderworpenheid aan die wil van God wat alle uitingsvorme van die beweging moet deursuur. Dit sluit o.a. in dat waar Voortrekkers bymekaar is, Sondag in alle erns geheilig sal word, dat die naam van die Here alleen met eerbied gebruik

sal/..........

---

(1) „Godsdiens in die Voortrekkers" in „Hou Koers", Herfs-uitgawe 1949.

(2) Die Boerejeug: Handleiding vir Laertrekkings, 20.

sal word, dat alles wat in stryd met die wet van God is, verbied sal word en dat die môre- en aandgodsdiens getrou waargeneem sal word. Hierdie openbaringe van die Christelike karakter van die Voortrekkerbeweging moet uit die hart kom. Dit mag nie blote vormdiens wees nie, want dan lei dit tot huigelary. Maar aan die ander kant moet daar ook gewaarsku word teen metodistiese dwepery met godsdiens in die Voortrekkerbeweging.

In verband met die Christelike grondslag van jeugbewegings skrywe J.H. Coetzee : „Selfs waar die Christelike grondslag in die konstitusies van die jeugorganisasies opgeneem is, het die begrip tot so 'n mate verflou tot fae frases en 'n blote algemeen - menslikheid dat dit dikwels vir die jeug geen konkrete beginsels t.o.v. elke lewensituasie inhou nie. Waar ons sou verwag dat die Christelike begrip onder invloed van die volkstradisie en van die drie Afrikaanse kerke Calvinisties moet wees, lewer die toepassing van die Christelike grondslag dikwels nie die minste bewyse van 'n korrekte opvatting, 'n juiste begrip en 'n reële deurleefdheid van wat die Calvinisme is nie".[1] Dit is nie my doel om die Christelike karakter van die Voortrekkerbeweging aan hierdie beskuldiginge te toets nie. Dit sou 'n studie op sigself wees. Maar dit moet tog met die grootste klem benadruk word dat dit die taak van die Voortrekkerbeweging is om die werklike wese van die Calviniste lewens- en wêreldbeskawing te openbaar en om die jeug in die lig daarvan op te voed.

c) <u>Die Nasionale karakter van die Voortrekkerbeweging.</u>

Ek het op pag.155 van hierdie verhandeling, waar ek die bestaande behoefte bespreek het, my reeds in hierdie verband uitgespreek. Ek wil hier nou net byvoeg dat dit dus die taak van die Voortrekkerbeweging is om ook in die nasionale behoeftes van die jeug, soos reeds verduidelik, te voorsien. Nasionalisme is in hierdie betekenis geen politiek nie. Dit is die dankbare liefde van die kind vir die dinge

wat/......

(1) Coetzee : Jong Suid-Afrika, 16.

wat sy Vader aan hom gegee het. Die jeugleier wat nasionalisme in hierdie sin verkondig, is besig met 'n opvoedingstaak ver verhewe bo die nietige politieke getwis hier in die modder van die aarde. Ek wil hierdie beskouing afsluit met 'n aanhaling uit 'n werkie van dr. J. de W. Keyter; waar hy die vraag of die onderwyser aan politiek mag deelneem, beantwoord :

„As politiek beteken volkswelvaart, volksontwikkeling, en die weë en middele wat daartoe gebruik moet word, dan sê ons beslis: ja! As deelname aan die politiek beteken dat dit die heilige plig van iedere onderwyser is om die welvaart van sy volk en die beleid wat daartoe gevolg word, te bestudeer, dan sê ons met die grootste nadruk nogeens : Ja! As deelname aan die politiek beteken dat iedere onderwyser op hoogte moet wees van die groot grondbeginsels waarvolgens iedere gesonde volk, en by uitstek sy eie, sy Godgewilde bestemming moet nastrewe en waarvolgens die opvoeding en onderwys daardie volkslewe moet dien om eg te wees, dan sou ons die vraag wou omdraai en vra : Durf hy versuim om aan die politiek deel te neem:"(1)

d) <u>Die taak van die Voortrekkerbeweging as skoolaktiwiteit.</u>

Ek het reeds die standpunt ingeneem dat die skool in sy engere betekenis geen sosiale jeuggemeenskap in die ware sin van die woord kan wees nie.(2) Op hierdie argument het ek die behoefte aan 'n organisie soos die Voortrekkerbeweging gegrond. Maar hierdie beskouing lei nou tot moeilike vraagstukke.

In die eerste plek ontstaan die vraag of alle leerlinge verplig moet word om by so 'n organisasie aan te sluit. Dit is tog baie duidelik bewys dat die behoefte by almal bestaan. En dan is my antwoord hierop dat gedwonge lidmaatskap die waarde van 'n jeugorganisasie tot die negatiewe herlei. Uit die verhandeling is dit ook baie duidelik dat

die/............

---

(1) Keyter : Dringende vraagtekens in ons opvoeding en onderwys, 167.

(2) Sien pag. 145 v.v. van die verhandeling.

die jeugbeweging reeds uit die behoefte van die jeug om self te mag aansluit, ontstaan het. As die selfbeskikkingsreg van die jeug hier negeer word, dan het die beweging nie meer die waarde wat dit andersins sou gehad het nie.

Daar is 'n tweede faktor wat hier in aanmerking geneem moet word, naamlik tug. In die jeugbeweging is een van die mees doeltreffende hoewel uiterste vorme van tug juis die uitsluiting uit die gemeenskap. As 'n persoon opsetlik of uit blote onverskilligheid die beginsels van die beweging herhaaldelik minag, dan moet die moontlikheid om van die persoon ontslae te raak, bestaan. Dit is nie 'n harde of onopvoedkundige leer hierdie nie. Dit is 'n maatreël vir selfbehoud en vir die verhoging van die opvoedkundige waarde van die beweging. Want dit moet altyd onthou word dat die jeugbeweging geen verbeteringsgestig is nie. 'n Ontleding van die taak van die jeugbeweging soos deur my gestel, toon dit duidelik aan. En as alle leerlinge outomaties lede van die jeugbeweging is, word die waarde daarvan ook hierdeur tot 'n baie groot mate vernietig.

In die tweede plek ontstaan die vraag of die skool volle seggenskap oor die beweging moet hê. Dit word tog immers beskou as die verlengstuk van die skool, 'n aanvulling om in die behoeftes van die jeug te voorsien in soverre as wat die skool dit nie kan doen nie. En hierop is my antwoord dat „zulk een van de school uitgaande regeling de jongens niet zoo zal kunnen boeien als de vrye jeugd vorming doet".[1] Nadat ek die studie voltooi het, is ek daarvan oortuig dat die skool geen seggenskap oor die beweging mag hê nie, veral nie onder 'n neutrale skoolstelsel soos die wat ons in Suid-Afrika het nie. Dan sleep ons die probleme waarmee die skool in sy engere sin vandag worstel, ook in die jeugbeweging in en die produkte sal dieselfde wees as die waarvan dr.Keyter so treffend uitroep : „Ons hoor so baie van ons Suid-Afrikaanse nasie. Wie is hy? Waar is hy? Om belasting te betaal en „reg" te stem/.......

(1) Kohlbrugge : Practische Sociologie IV, 39.

stem, is nog geen burgerskap nie, laat staan nasieskap."[1] Die beginsel van soewereiniteit in eie kring moet hier gehandhaaf word.

Maar die skool moet op die jeugbeweging verteenwoordig wees. Hoe die verteenwoordiging moet geskied is buite die perke van hierdie verhandeling. Dit is egter wel duidelik dat dit die taak van die Voortrekkerbeweging is om rekening met die skool en sy behoeftes te hou, en dat dit die plig van die skool is om die jeugbeweging alle nodige fasiliteite te verskaf vir die doeltreffende uitvoering van sy taak. Daar moet dus die nouste samewerking tussen skool en jeugbeweging bestaan. Een moet hulle wees in hulle strewe om die beste van die opvoedingstaak te maak. Waar disharmonie tussen skool en jeugbeweging bestaan, kan die opvoedingstaak nie tot sy reg kom nie.

c) <u>Die taak van die Voortrekkerbeweging as Volksbeweging.</u>

Dat die Voortrekkerbeweging 'n volksbeweging is, word in Voortrekkerkringe as vanselfsprekend aanvaar. In die amptelike uitgawes van die beweging word die uitdrukking „volksbeweging" dikwels sonder verdere omskrywing gebruik. So skrywe die hoofleier van die Voortrekkers in „Hou Koers" : „Voor die jaar 1933, die jaar waarin die Voortrekkers 'n groot volksbeweging geword het....."[2] In 'n ander uitgawe van die amptelike orgaan van die Voortrekkers staan: „Omdat die Voortrekkers nie net 'n padvindersbeweging is nie, maar 'n opvoedkundige en volksbeweging....."[3] In 1946 skrywe dr. Visser : „Dis ons plig om toe te sien.....dat ons beweging sy plek in die hart van ons volk bly behou en daardie plek van die lieflingsbeweging van ons volk te wees, ook altyd bly verower."[4]

Dit/.........

---

(1) Keyter : Dringende Vraagtekens in ons opvoeding en Onderwys, 55.

(2) Dr. Visser :„Uit die eerste jare" in „Hou Koers" Lente-uitgawe, 1939.

(3)„Die Voortrekkers en die skool" in„Hou Koers", Lente-uitgawe, 1948.

(4) Dr. Visser:„Die lieflingsbeweging van ons volk"in „Hou Koers", Herfs-uitgawe, 1946.

Dit is nie nodig om verder hierop in te gaan nie. Baie ander uitsprake toon aan dat die offisiële beskouing van die Voortrekkerleiding in Suid-Afrika die Voortrekkerbeweging as 'n „volksbeweging" aanvaar.

Hierdie beskouing word ook deur persone buite die beweging gehuldig. In die bewering dat „almal, arm of ryk" by die Voortrekkers moet aansluit en dat die Voortrekkers ons kinders ware onverwrikbare Afrikaners maak",[1] lê reeds die gedagte dat dit 'n beweging vir die hele volk is, opgesluit. J.H. Coetzee beskou dit as die „erkende nasionale organisasie van ons skoolgaande jeug".[2]

Die vraag ontstaan nou of die Voortrekkerbeweging 'n volksbeweging moet wees. Om die vraag te beantwoord is dit nodig om te verduidelik wat onder „volksbeweging" verstaan word. En dan kan hierop geantwoord word dat daar twee eise is waaraan 'n volksbeweging vir die jeug moet voldoen. Dit moet eng genoeg wees om alle elemente wat met die Christelik-nasionale karakter van die Afrikanerdom bots, uit te sluit, en dit moet breed genoeg wees om die breë massas van die Afrikaanse jeug wat gewillig is om hulle aan die Christelik-nasionale beginsels te onderwerp, daarin te betrek. As dit die gedagte is dan is dit duidelik dat die Voortrekkerbeweging 'n volksbeweging behoort te wees.

Hierdie bewering veronderstel nou twee dinge. Aan die een kant sal die Voortrekkerbeweging sy beginsels en die handhawing daarvan streng in ooreenstemming met die Christelik-nasionale lewens-en wêreldbeskouing moet bring. Dit moet 'n onverbiddelike eis word dat daar van hierdie weg nie afgewyk sal word nie. En aan die ander kant sal die beweging alle veroorloofde pogings in die werk moet stel om die jeug van die Boerenasie in die Voortrekkerbeweging te verenig.

In/.............

---

(1) Willemse : Die sorg vir ons kinders en jeugdiges, 74.
(2) Coetzee : Jong Suid-Afrika, 16.

In hierdie beskouing is 'n praktiese teenstrydigheid opgesluit. In ons tyd van verontagsaming van alle geestelike waardes is dit 'n onbegonne taak om die jeug van ons volk in 'n organisasie met streng Christelik-nasionale beginsels te wil verenig. Die on-Christelike en onnasionale invloede is te groot. In die praktyk sal dit dus daarop neerkom dat die Voortrekkerbeweging, óf met 'n klein minderheid tevrede sal moet wees, óf sy beginsels heelwat sal moet verwater. Vir die Calvinistiese denker bestaan hier egter geen keuse nie. Die Voortrekkerbeweging het 'n taak in ons volkslewe en hierdie taak het reeds die keuse bepaal. Die streng Calvinistiese beginsels mag nie verander word nie. Maar wat kom dan van die volksbeweging tereg? Dit is 'n vraag wat nou ons aandag verdien.

Vir my is dit duidelik dat die Voortrekkerbeweging aanvanklik net 'n gesonde kern in ons volkslewe moet vorm. Maar vanuit die kern moet daar gestadig uitgebou word totdat die groter volksmassas uiteindelik deur die beweging omsluit word. Die wat in die begin die wette van die Voortrekkers was, moet eindelik die wette van die jeug van die Afrikaanse volk word. Waar dit nou gesê word dat 'n Voortrekker se woord sy eer is, daar moet die woord van elke Afrikanerseun of -dogter uiteindelik 'n erewoord wees. Waar die Voortrekkernaam vandag die waarborg is van 'n goeie gedrag en 'n rein karakter by die jeug in ooreenstemming met die Christelik-nasionale lewensopvatting, daar moet die naam van ons Boerenasie uiteindelik daardie waarborg lewer. As die Voortrekkerbeweging sy taak in hierdie lig sien, dan is dit reeds 'n volksbeweging, al is sy aantal lede gering.

Daar is drie vrae wat in hierdie verband nog beantwoord sal moet word. Die eerste vraag staan in verband met die plek wat daar vir vreemde volkselemente in die Voortrekkerbeweging is: Mag Engelssprekende kinders b.v. by die Voortrekkers aansluit? Hierop kan geantwoord word dat daarteen/............

daartoe teoreties geen beswaar ingebring kan word nie, mits die Christelik-nasionale lewensbeskouing van die Afrikaner nie net eerbiedig word nie, maar ook aanvaar word. Maar nou staan die lewensbeskouing van die Afrikaner heel dikwels in lynregte teenstelling met die Britse imperialisme ook hier in ons eie land. Dit bly dus nog 'n ope vraag of dit vir die Engelssprekende kind moontlik sal wees om sy eie volksverlede te sien soos die Afrikaner dit sien. As hy daartoe in staat is, is daar ook vir hom plek in Voortrekkergeledere.

Die tweede vraag wat hier ontstaan is moeiliker om te beantwoord : Watter plek neem die Voortrekkerbeweging as volksbeweging in tussen die baie ander Christelik-nasionale bewegings in ons land? In verband hiermee is daar twee gedagtes wat uitgespreek moet word. In die eerste plek kan daar nie twee volksbewegings in ons land bestaan nie. Dit sou lei tot vermorsing van energie. In die tweede plek mag die Voortrekkerbeweging nooit 'n propagadaveldtog aanknoop met die bewuste doel om lede uit ander organisasies tot sy geledere te betrek nie. Dit sou sy strewe onwaardig wees. As dit alle veroorloofde pogings in die werk moet stel om die jeug van die Boerenasie daarin te verenig, dan veronderstel dit dat die Voortrekkerbeweging deur sy optrede die jeug en die volwassene van sy waarde moet oortuig en dat dit deur takke oor die lengte en die breedte van die land die jeug in staat moet stel om daarby aan te sluit. Die taak van die Voortrekkerbeweging is 'n groot en moeilike taak.

Die laaste vraag waarvoor ons hier te staan kom gaan oor die reg wat die Voortrekkerbeweging hom toe-eien om volksbeweging te wees. Is daar nie ook ander bewegings wat hierop aanspraak kan maak nie? Hierdie vraag word in die volgende paragraaf beantwoord.

4. DIE/.................

4. DIE GESKIKTHEID VAN ANDER JEUGORGANISASIES VIR DIE UITVOERING VAN DIE GEMELDE TAAK.

In die laaste paragraaf van die eerste hoofstuk[1] is dit reeds aangetoon dat 'n sosiaal-opvoedkundige beweging soos die Voortrekkers nie deur 'n ander organisasie wat nie 'n sosiaal-opvoedkundige beweging is, vervang sou kon word nie. Geen suiwer godsdienstige of politieke of militêre of ontspanningsorganisasie sou geskik wees vir die taak van die Voortrekkerbeweging nie. Oor hierdie aspek handel ek nie weer nie. Ek wil in hierdie paragraaf wel nog enkele opmerkings in verband met die Boerejeug, die Scoutbeweging, opvoedkundige organisasies met 'n spesifieke doel en aanverwante jeugorganisasies maak.

a) Die Boerejeug.

Van die feit dat die Boerejeug nie as 'n suiwer sosiaal-opvoedkundige beweging beskou kan word nie,[2] is reeds melding gemaak. En tog is sy doelstelling[3] en sy belofte[4] suiwer Calvinisties en Christelik-nasionaal. Daarom voel ek my genoodsaak om nogeens by hierdie beweging stil te staan.

J.H. Coetzee beweer dat die Boerejeug, volgens die oprigters daarvan, gestig is om in die leemtes van die Voortrekkerbeweging te voorsien.[5] Gesien vanuit die standpunt van 'n nasionale organisasie van hoërskoolleerlinge, gaan dit egter mank aan dieselfde gebreke as die Nasionale Jeugbond ten opsigte van die werkende jeug.[6] Die gebreke van die Nasionale Jeugbond is dan dat dit „as gevolg van sy party-politieke gebondenheid en afhanklikheid nie as omvattende nasionale organisasie van die naskoolse werkende

jeug/..........

(1) Sien pag. 26 van die verhandeling.

(2) Sien pag. 23 van die verhandeling.

(3) Die Boerejeug : Sy doel, organisasie en administrasie, 1.

(4) Ibid, 30.

(5) Coetzee : Jong Suid-Afrika, 19.

(6) Ibid, 33.

jeug beskou kan word nie".[1] Dan voeg hy daarby: „nie dat die grondslag of rigtinge van een van die bewegings ongesond is nie of dat hulle nie goeie werk verrig nie; hulle tragiek lê in die praktiese omstandighede van 'n verdeelde volk".[2]

As die Boerejeug hom nie inmeng in die politieke twiste van ons tyd nie, wil ek my ten volle met die uitsprake van J.H. Coetzee vereenselwig. Maar selfs dan sal dit nog nie in staat wees om die gemelde taak uit te voer nie. Sy verbondenheid aan die Ossewabrandwag en die tragiek van 'n verdeelde volk maak dit vir hom onmoontlik om die harmonie te herstel en so in die gevoelde behoefte te voorsien. Daar is ten slotte nog een gedagte waaraan aandag gegee moet word. Dit word beweer dat die Boerejeug ontstaan het om in die leemtes van die Voortrekkerbeweging te voorsien. Dit val egter te betwyfel of dit die enigste oorsaak vir die totstandkoming van hierdie beweging is. „Die Boerejeug is die jeugvertakking van die Ossewabrandwag.....'n integrale deel van die Volksbeweging".[3] Ek dink die grond vir die stigting van die genoemde beweging moet hierin gesoek word.

As die bewering egter tog waar is, dan is dit m.i. baie jammer dat die Boerejeug en die Voortrekkers langs mekaar, in ewewydige rigtinge bly voortbeweeg. Daar is baie leemtes in die Voortrekkerbeweging - hierop is reeds gewys - maar die Calvinis glo aan hervorming van binne. Daarom stig ons nie nuwe kerke as ons van een of ander beleidspunt verskil nie en veral nie as die kerk besig is om tot kleurloosheid te verval nie. As die Voortrekkerbeweging die taak soos deur my omskrywe, wil uitvoer, dan is daar genoeg ruimte in die beweging om die beginsels van die Boerejeug te beliggaam en dan behoort dit eng genoeg te wees om ongewensde elemente uit te sluit.

b) Die/............

(1) Coetzee : Jong Suid-Afrika, 32.

(2) Ibid, 33.

(3) Die Boerejeug : Sy doel, organisasie en strewe, 1.

b) Die Scout-beweging.

Die Scout-beweging is 'n sosiaal-opvoedkundige beweging in ons land. Dit stel hom egter nie op die Christelik-Nasionale grondslag nie. Godsdiens word wel benadruk maar die spore van die Britse liberalisme is duidelik sigbaar in die wyse waarop dit benadruk word. Op 'n wêreldkonferensie wat in 1928 te Budapest gehou is, is besluit dat die belofte van trou aan God en die vaderland as onontbeerlik geag moet word, „het eerste begrip eventueel te vervangen door een hoog geestelik gezag boven den mensch".[1] Dit is gedoen om die bolsjewisme tegemoet te kom, waar „het Godsbegrip ontoelaatbaar word geacht",[1] Verder is daar ook reeds op die internasionale karakter van die beweging gewys.[2] Dit alles druis so in teen die volksaard van die Afrikaner dat dit vir my onverstaanbaar is hoe dat daar selfs vandag nog stemme kan opgaan vir die eenwording van die Scout- en die Voortrekkerbeweging. Ten spyte van die uitstekende werk wat in sekere opsigte deur die Scouts gedoen word, kan die beweging nie in die behoefte van die Afrikaanssprekende jeug voorsien nie. Dit het die geskiedenis van die ontstaan van die Voortrekkerbeweging duidelik bewys. Daarom is die Scout-beweging nie in staat om die gemelde taak op hom te neem nie.

c) Ander opvoedkundige organisasies met 'n spesifieke doel.

Daar is vroeër reeds melding van opvoedkundige organisasies met 'n spesifieke doel, soos die Landbouklubs, die Junior Noodhulpliga, ens. gemaak.[3] In verband met hierdie soort organisasies spreek prof. Kohlbrugge hom as volg uit: „Wy blyven het ongewenscht agten,......dat elke groep, die een of ander doel tracht te bereiken......haar eigen jeugdformasies verlangt".[4] Dr. Knoppers onderskryf hierdie beswaar op grond van die feit dat die organiese eenheid en die harmonie/..........

(1) Knoppers: Jeugd en Jeugdbeweging I, 522.
(2) Sien pag. 44-47 van die verhandeling
(3) Sien pag. 23-24 van die verhandeling.
(4) Kohlbrugge : Practische Sociologie IV, 33.

harmonie in die opvoeding daardeur versteur word.[1] Wat jeugbewegings soos die Landbouklubs en die Junior Noodhulpliga betref, sal dit aangetoon kan word dat hulle doelstellinge in die Voortrekkerbeweging beliggaam kan word. Die liefde vir die natuur, die bewerking van die grond, eerstehulp, die bevordering van die gesondheid, is deel van die werksaamhede van die Voortrekkerbeweging. Die genoemde bewegings is deur die eensydigheid van hul doelstellinge nie geskik vir die gemelde taak nie.

d) Aanverwante organisasies.

In die eerste hoofstuk is die Scout-beweging en seuns- en dogtersklubs aanverwante organisasies van die Voortrekkerbeweging genoem.[2] Daar moet dus nog 'n paar woorde oor laasgenoemde organisasies gesê word.

In 'n studie oor stedelike jeugklubs vir blanke seuns en dogters, kom A.J. le Roux tot die volgende gevolgtrekking: "Die Engelse lewensopvatting en wêreldbeskouing is dus in hierdie klubs die rigsnoer, met die gevolg dat daar in hoë mate 'n angliserende invloed ten opsigte van die ideologie van die klubs uitgaan. Onder andere kan ons as voorbeelde sport op Sondag en verontagsaming van die kleurskeidslyn noem".[3] Hy beweer verder dat die klubs deur die Departement van Volkswelsyn in die lewe geroep is om jeugmisdaad te bestry.[4]

Hierdie uitsprake toon al dadelik dat die jeugklubs nie in staat is om in die geformuleerde behoefte te voorsien nie. Dit is dan ook 'n plaaslike verskynsel wat tot die groot stede beperk is.

e) Debatsverenigings, sport en Kadette.

Skooldebatsverenigings kan ook nie die taak van die Voortrekkerbeweging uitvoer nie. Dit staan te direk

onder/............

(1) Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 79.

(2) Sien pag. 25,26 van die verhandeling.

(3) le Roux : Stedelike Jeugklubs, 117.

(4) Ibid, 30.

Dit staan te direk onder die gesag van die skool, alle leerlinge is ipso facto lede daarvan en die lidmaatskap bring geen verantwoordelikhede mee nie. Dieselfde geld vir sportaktiwiteite en die kadette. Die saamhorigheidsgevoel ontbreek in sulke losse groeperinge. Daarom kan hierdie aktiwiteite ook nooit die Voortrekkerbeweging in 'n skool vervang nie.

f) Gevolgtrekkings.

Uit hierdie beknopte beskouing in verband met jeugaktiwiteite in ons land, moet afgelei word dat daar geen beweging of aktiwiteit bestaan wat die Voortrekkerbeweging in sy taak kan vervang nie. Die senioriteit van die beweging moet ook in aanmerking geneem word. Daar bestaan egter wel die moontlikheid dat ander bestaande jeugorganisasies by die Voortrekkerbeweging ingeskakel kan word. By so 'n „inskakeling of koördinering van ons jeugorganisasies, moet voorop gestel word dat die lewe meer as 'n skema is en dat ons moet waak teen die gevaar van skematisme en meganiese indelings".[1] Ons raak hier egter 'n vraagstuk wat so geweldig in omvang is, dat dit 'n aparte studie vereis. Daar word op hierdie oomblik dan ook 'n kongres gehou waarop hierdie vraagstuk behandel word. Tyd en ruimte laat nie toe om verder daarop in te gaan nie.

5. DIE HOOFVEREISTE WAARAAN DIE VOORTREKKERBEWEGING MOET VOLDOEN.

Die vraagstukke in verband met die taak van die Voortrekkerbeweging is nou reeds van alle kante benader. En nou wil ek die hoofstuk afsluit met die vraag :
„Wat is die hoofvereiste waaraan die Voortrekkerbeweging moet voldoen as dit in staat wil wees om die gemelde taak doeltreffend uit te voer? En dan is dit duidelik dat orals waar die behoefte aan 'n jeugbeweging ontstaan het, daar het die behoefte aan leiding terselfdertyd ontstaan. Die Engelse jeug was gelukkig om 'n Baden-Powell as leier te hê. Die behoefte aan plaaslike leiers was egter nog groot. In Swede het dieselfde behoefte bestaan. In Duitsland was 'n

Karl Fischer/......

(1) Coetzee : Jong Suid-Afrika, 31.

Karl Fischer wie se kragtige invloed as jeugleier nie onderskat mag word nie. Becker benadruk dit dat die ontstaan van die Wandervögel-beweging grotendeels aan Fischer se persoonlike invloed toegeskrywe moet word. Dr. Knoppers skrywe: „Zoo is van verschillende zyden dan ook uitgesproken, dat de vraag naar en van de leiding het brandpunt is by de jeugdbeweging".(1)

Wat is leiding? Die volgende definisie word deur dr. Knoppers aangehaal:

„Leiding geven is : de gelegenheid geven tot het bevorderen van het tot uiting komen, ontwikkelen, ontplooien van in de individuen aanwezige, maar sluimerende krachten en vermogens; belangstelling wekken voor die dingen welken daartoe kunnen meewerken : daarby tevens de raadsman zyn, als voorlichter by de ordening hunner ervaringen, waarnemingen en hun oordeelsvorming. Zonder zichself op den voorgrond te dringen de impuls te zyn tot grooter activiteit der zelfstandigheid der pupillen, om ze zoodoende te leeren ieder hun eigen weg te vinden en te gaan. Hun persoonlykheid te ontwikkelen, om ze tot zelfstandig denkende, willende, handelende en oordeelende, de dingen zelf belevende menschen te doen worden : ze te helpen in een geest van onderlinge waardeering. Tot samenleving en hulpvaardigheid te brengen, de verwerkelyking van hun sociale instincten en solidariteit in goede banen te leiden, opdat ze elementen kunnen vormen van een gezonde, solide, waarachtige samenleving en werkelyke maatschappy".(2)

As die Voortrekkerbeweging die taak van 'n jeugbeweging goed wil uitvoer, dan moet dit in staat wees om die regte leiding aan die jeug te gee. En dit is 'n moeilike taak.

---

(1) Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 339.

(2) Ibid, 341 - 342.

## BIBLIOGRAFIE.


1. Albertyn, Dr. C. F. : Jeugmisdaad. - Nasionale Pers, Beperk, Kaapstad, 1938.
2. Baden-Powell, Sir R.: Aids to Scoutmastership. (Revised Edition) H. Jenkins Ltd., London, 1930.
3. Baden-Powell, Sir R.: Scouting for Boys. - (Fifteenth Edition) C. A. Pearson, Ltd., London, 1930.
4. Baden-Powell, Sir R.: Scouting for Boys. (40th Anniversary Edition) C.A.Pearson,Ltd., London, 1948.
5. Bavinck, Dr. H. : Het Christelyk Huisgezin. - J. H. Kok, Kampen, 1908.
6. Bavinck, Dr. H. : Paedagogische Beginselen. - J. H. Kok, Kampen, 1928.
7. Bavinck, Dr. H. : De Opvoeding der Rypere Jeugd. - J. H. Kok, Kampen, 1917.
8. Becker, Howard : German Youth - Bond or Free. - Kegan Paul & Co., Ltd., London, 1946.
9. Bühler, Dr. Charlotte : From Birth to Maturity. - Kegan Paul @ Co., Ltd., London, 1937.
10. Coetzee, Prof. J. Chris. : Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde.- Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, 1942.
11. Coetzee, Prof. J. Chris.: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde.- Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1944.
12. Coetzee, Prof. J. Chris.: Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue.- Voortrekkerpers, Bpk., Potchefstroom, 1943.
13. Coetzee, Prof. J. Chris,: Die Moderne Opvoeding.- J. L. van Schaick, Pretoria, 1939.
14. Coetzee, Prof. J. Chris.: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek.- Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1930.
15. Coetzee, Prof. J. Chris en Bingle, Dr. H. J. J.: Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys.- Potchefstroom, 1950.
16. Dewey, John : Democracy and Education.- Macmillan Co., New York, 1926.

17. Dewey, John.: The School and Society.- The University of Chicago Press, 1915.

18. Dewey, J. en E.: Schools of Tomorrow.- J. M. Dent and Sons, Ltd, London, (geen datum)

19. Heese, Dr. J. de V. : Die Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings.- Nasionale Pers, Bpk., Kaapstad, 1940.

20. Keyter, J. de W. : Opvoeding en Onderwys.- Nasionale Pers, Bpk., Bloemfontein, 1936.

21. Knoppers, Dr. B. A. : Jeugd en Jeugdbeweging, Thetisch Deel. Gebrs. Zomer en Keuning, Wageningen, 1932.

22. Knoppers, Dr. B. A. : Jeugd en Jeugdbeweging, Practisch Deel. Gebrs. Zomer en Keuning, Wageningen, 1932.

23. Kohlbrugge, J. H. F. : Practische Sociologie Deel I.- J.B. Wolters, Groningen, 1927.

24. Kohlbrugge, J. H. F. : Practische Sociologie Deel II.- J.B. Wolters, Groningen, 1927.

25. Kohlbrugge, J. H. F. : Practische Sociologie Deel IV.- J.B. Wolters, Groningen, 1927.

26. Kohnstamm, Dr. Ph. : Schepper en Schepping.- G. J. A. Ruys U.M., Zeist, 1926.

27. Kuypers, Dr. A. : De ziel van het Kind.- Gebr. Zomer en Keuning's U.M., Wageningen, 1936.

28. Langeveld, Dr. M. J. : Beknopte Inleiding tot de Paedagogische Psychologie van de Middelbare-Schoolleeftyd. - J. B. Wolters - Groningen, 1938.

29. Maynard, A. M. : Be Prepared.- Arthur Pearson, Ltd., Tower House, London, 1946.

30. Monroe, Dr. Paul : A Brief Course in the History of Education. - Macmillan Co., London, 1934.

31. Niemann, C. J. F. C. : Die Puberteitslewe van Meisies volgens hul Dagboeke.- Voortrekkerpers, Bpk.,1942.

32. Nunn, Sir Percy : Education, its Data and First Principles.- Arnold and Co., London, 1941

33. Pringle, Ralph W. : Adolescence and High School Problems.- D. C. Heath and Co., Kingsway, London, 1922.

34. Reynolds, E. E. : Boy Scouts.- William Collins, London,1949.

35. Spranger, Eduard : Psychologie der Jeugd.- N.V. U.M., A.E.E. Kluwer, Deventer, 1928.

36. Steyn, J. M. : Jeugdbeweging.- M. Ed.-verhandeling, 1944.

37. Stoker, Dr. H. G. : Vryheid en Skrifkennis.- Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1937.

38. Venter, Ds. D. G. : Handleiding vir die Jongeliedevereniging op Gereformeerde Grondslag.

39. Waterink, Dr. J. : Puberteit.- N.V. Gebr. Zomer en Keuning's Uitgeversmy., Wageningen, 1948.

40. Waterink, Dr. J. : De Psychologie van het Kind op de Lagere School.- Boekencentrum N.V., 'S-Gravenhage, Christelyk Paedagogisch Studiecentrum, 1950.

41. Willemse, Br. W.A. : Die Sorg vir ons Kinders en Jeugdiges.- Nasionale Pers, Beperk, Bloemfontein, 1941.

AANVULLENDE LYS.

1. Adams, Sir John : Modern Developements in Educational Practice.- University of London Press, 1933.

2. Albertyn, J.R.: Kerk en Stad.- (Verslag van die Kommissie van Ondersoek van die Gefedereerde N.G. Kerke na kerklike en godsdienstige toestande in die nege stede van die Unie van Suid-Afrika.) Pro EcclesiaBoekhandel, Stellenbosch, 1947.

3. Averill, L. A. : Adolescence. A study in the teen years. - George G. Harrap and Co., London. (Sonder datum)

4. Bavinck. Dr. H. : De Nieuwe Opvoeding.- J. H. Kok te Kampen, 1928.

5. Coetzee, Prof. J. Chris.: Die Eerste Beginsels van die Calvinistiese opvoeding. Pro Ecclesia-Drukkery,1940.

6. Coetzee, J.H. : Jong Suid-Afrika.- Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1944.

7. Cooke, Douglas : Youth Organisations of Great Britain.- Jordan and Sons, Ltd., Chancery Lane, W.C.,1946.

8. Hall, G. Stanley : Adolescence II.- D. Appleton and Co., New York, 1920.

9. Hoekstra, Dr. T. : Paedagogische Psychologie.- J. H. Kok, Kampen, 1930.

10. Hollingshead, A.B.; Elmtowns Youth.- John Wiley and Sons, New York, 1949.

11. Horne, H. H. : The Democratic Philosophy of Education.- Macmillan Co., New York, 1944.

12. Morgan, A.E. : The Needs of Youth.- Oxford University Press London, 1939.

13. Pendry and Hartshorne.: Organizations for Youth.- Mc.Craw Book Co., Nu York, 1935.